

**Joernalistieke privilegie: 'n Kritiese analise van 'n  
joernalis se regsplig om vertroulike bronne van  
bekend te maak met besondere verwysing na die  
reg op vryheid van uitdrukking.**

Ingedien ter gedeeltelike vervulling van die graad LLM (Publiekreg)

deur **Frits de Klerk**

Studentenommer **21138712**

Vorberei onder leiding van **Professor C J Botha**

Universiteit van Pretoria

30 November 2005

## Inhoudsopgawe

### **Hoofstuk 1 Inleiding en algemene agtergrond**

1 § 1 Algemene inleiding	p 1
1 § 2 Metodologie	p 3

### **Hoofstuk 2 Die rol van die media in 'n demokratiese bestel**

2 § 1 Inleiding	p 6
2 § 2 Toeligting van die rol van die media	p 8
2 § 3 Die rol van die joernalis in die media	p 14
2 § 4 Gedrags- en etiese kodes van die joernalistiek	p 18
2 § 4 § 1 Die etiek	p 19
2 § 4 § 2 Gedrags- of etiese kodes	p 20
2 § 5 Die verhouding tussen joernalis en bron	p 26
2 § 6 Samevatting	p 31

### **Hoofstuk 3 Die Suid Afrikaanse proses- en bewysreg**

3 § 1 Inleiding	p 34
3 § 2 Getuienislewering in die Suid-Afrikaanse regstelsel	p 36
3 § 2 § 1 Bevoegdheid en verpligbaarheid	p 36
3 § 2 § 2 Privilegie	p 37
3 § 2 § 3 Joernalistieke privilegie	p 39
3 § 3 Artikel 205 van die Strafproseswet 51 van 1977	p 46
3 § 3 § 1 Uitleg van arttikel 205	p 48
3 § 3 § 2 Laurence v Verhoef and Others NNO	p 51
3 § 3 § 3 S v <i>Cornelissen</i> ; <i>Cornelissen v Zeelie NO</i>	p 52
3 § 3 § 4 Die Staggie moord	p 56

3 § 3 § 5 Die <i>South African National Editors' Forum</i> (SANEF) se verstandhouding met die regering	p 59
3 § 3 § 6 Ranjeni Munusamy v JJF Hefer NO and Others	p 61
3 § 4 Artikel 189 van Die Strafproseswet 51 van 1977	p 64
3 § 4 § 1 Regspraak voor 1991	p 65
3 § 4 § 2 Regspraak sedert 1991	p 68
3 § 5 Samevatting	p 70

#### **Hoofstuk 4 Grondwetlike aspekte**

4 § 1 Inleiding	p 72
4 § 2 Die reg op vryheid van uitdrukking	p 76
4 § 2 § 1 Vryheid van uitdrukking as bronwel van idees	p 86
4 § 2 § 2 Vryheid van uitdrukking en menswaardigheid	p 88
4 § 2 § 3 Vryheid van uitdrukking as deel van die demokratiese proses	p 91
4 § 2 § 4 'n Kontemporêre teorie vir vryheid van uitdrukking	p 94
4 § 2 § 5 Welke teorie behoort te geld?	P 94
4 § 3 Die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra	p 96
4 § 4 Regmatige beperkinge op vryheid van uitdrukking	p 100
4 § 5 Samevatting	p 107

#### **Hoofstuk 5 Enkele internasionale perspektiewe**

5 § 1 Inleiding	p 111
5 § 2 Europa	p 113
5 § 3 Die Engelse reg	p 117
5 § 4 Swede	p 121
5 § 5 Duitsland	p 123
5 § 6 Die Verenigde State van Amerika	p 125

5 § 7 Enkele perspektiewe uit Afrika	p 130
5 § 8 Internasionale Humanitêre Reg	p 133
5 § 9 Samevatting	p 137

## **Hoofstuk 6 Gevolgtrekking**

6 § 1 Die joernalis se dilemma	p 138
6 § 2 Prosesregtelike oplossings	p 141
6 § 3 Die grondwetlike perspektief	p 146
6 § 4 Slotsom	p 152

# Hoofstuk 1


---

*Beneath the rule of men entirely great, the pen is mightier than the sword.*

*Edward Bulwer-Lytton (1803 – 1873)*

## Algemene inleiding

### 1 § 1 Inleiding



Hierdie spotprent deur Jonathan Shapiro het in die dagblad *The Sowetan* van 13 Februarie 1997 verskyn na aanleiding van subpoena's wat deur die destydse Prokureur-Generaal van die Wes Kaap, Frank Kahn, op verskeie lede van die media beteken is. Joernaliste, fotografe en televisiekamera operateurs van koerante, televisiestasies en selfs internasionale persorganisasies, het 'n optog van die Kaapse Gemeenskapsgebaseerde groep *People Against*

*Gangsterism and Drugs* (PAGAD) vir hulle onderskeie publikasies en televisiestasies gedek. Gedurende die optog, wat deurentyd deur polisieledede in uniform gemonitor was, het die groep opgeruk na 'n vermeende bendeleier, Rashaad Staggie, se huis op die Kaapse Vlakte. Staggie het die groep gekonfronteer waarop hy deur deelnemers aan die optog uit sy motor geruk, verskeie kere met vuurwapens gewond en aan die brand gestee is.

Onder die joernaliste wat die storie gedek het, was 'n fotograaf van die *Cape Times*, Benny Gool wat, soos ander fotografe van koerante en die SABC, die gebeure op film vasgelê het. Gool se foto's het die volgende dag op die voorblad van die *Cape Times* gepryk. Die subpoenas wat aan hierdie lede van die media uitgereik is, was wel nie gemik op die onthulling van bronne nie, maar wel op die oorhandiging van dokumente, films, videobande en ander bewysmateriaal. Die meerderheid van die instansies en persone het volstrek geweier om die materiaal te oorhandig.

Hierdie konfrontasie tussen die regering en die media het egter 'n leemte in die Suid-Afrikaanse reg ontbloot, naamlik dat dit vir enige joernalis feitlik onmoontlik is om 'n bron van inligting wat om die een of ander rede anoniem wil bly te beskerm sou 'n party wat die bron se identiteit wil bekom hom of haar tot die howe wend.

Suid-Afrika het nie juis 'n gunstige rekord wanneer die onderwerp van media vryheid onder bespreking kom nie. Tot en met die vroeë negentigs van die vorige eeu is die Suid-Afrikaanse media onderwerp aan sensuur van die ergste graad. Die regering van die dag het ongenaakbaar toegeslaan op enige stemme wat die *status quo* uitgedaag het. 'n Raad van sensore het alle publikasies, rolprente ensomeer bestudeer en goedgekeur voordat die publiek toegelaat is

om dit te aanskou. Deur die verspreiding van inligting met 'n ystervuis te beheer, het die eens magtige Nasionale Party regering, myns insiens, die stelsel van aparte ontwikkeling kunsmatig aan die lewe gehou. Kennis is mag en deur die meerderheid van 'n bevolking oningelig te hou, kan onderdrukkende regeringstelsels se duur kunsmatig verleng word.

## **1 § 2 Metodologie**

Die doel met hierdie navorsing is om 'n spesifieke tekortkoming in die Suid Afrikaanse mediareg uit te wys naamlik die reg van 'n joernalis, of liever die gebrek daaraan, om 'n vertroulike bron van inligting se identiteit te beskerm oftewel, joernalistieke privilegie. Die onderwerp het reeds so vroeg as 1722 ter sprake gekom toe James Franklin een maand gevangenisstraf opgelê is weens sy weiering om 'n bron van inligting vir 'n artikel wat hy gepubliseer het wat na bewering die regering belaster het te ontbloot.

Namate vryheid van uitdrukking ontwikkel het, is 'n joernalistieke privilegie in 'n meer en meer jurisdiksies erken. Die Verenigde State van Amerika, die ganse Europese Unie, Australë en selfs Mosambiek erken 'n joernalistieke privilegie. Die konsep is egter vreemd aan die Suid Afrikaanse gemenereg en geen formele beleid bestaan tans oor die onderwerp nie. 'n Sistematiese ondersoek na die beginsels van – en regverdigingsgronde vir 'n joernalistieke privilegie soos wat hierna volg, kan dus 'n moontlike bydrae lewer daartoe om hierdie leemte in die Suid Afrikaanse reg te vul.

Eerstens sal die rol van die media in 'n moderne demokrasie ondersoek word. Kommunikasie media het in die twintigste eeu 'n gedaanteverwisseling ondergaan tot so 'n mate dat die moderne weergawe van "die media" ligjare verwyder is van die konsep wat die oorspronklike protagoniste van vryheid van uitdrukking in gedagte gehad het. 'n Bespreking van die media se rol in 'n moderne demokrasie is dus geregverdig. Wanneer die joernalis gekonfronteer word met die ontbloting van 'n vertroulike bron van inligting se identiteit, vorm professionele etiek in feitlik elke geval deel van die joernalis se verweer. Die etiek van die joernalistiek sal dus ook deel vorm van die bespreking.

In hoofstuk 3 sal die proses- en bewysregtelike posisie van die joernalis in die getuiebank bespreek word. Die bestaande privilegieë in die Suid Afrikaanse reg sal ondersoek word en die bestaansredes en regverdigingsgronde daarvoor sal vergelyk word met dié van die joernalistieke privilegie. Prosesregtelik sal die klem val op artikels 189 en 205 van die Strafproseswet 51 van 1977 aangesien hierdie artikels die algemene meganismes is waarmee joernalistieke getuienis bekom word. Relevante regspraak sal, uit die aard van die saak, ook deel vorm van die bespreking.

Joernalistieke privilegie is myns insiens 'n integrale deel van media vryheid. Sonder bronne sal koerante en ander nuusmedia niks minder nie as geleibuisse vir gesaniteerde vervelige inloigting wees nie. Media vryheid weer vorm van die reg op vryheid van uitdrukking soos gewaarborg in artikel 16 van die Grondwet. Dit is dus noodsaaklik om derdens die aangeleentheid te beskou vanuit 'n grondwetlike oogpunt met spesifieke verwysing na die Handves van Regte.



Die moderne media is hoegenaamd nie landsgebonde nie. Dit is nie vreemd vir 'n Suid Afrikaner om die Internet te gebruik om die New York Times, die London Evening Standard en die Sydney Morning Herald almal op een dag te lees nie. Sateliet televisie het dit voorts moontlik gemaak om drie of vier verskillende nuuskanale afkomstig uit drie of vier verskillende lande eensklaps te sien. Hoofstuk 4 sal dus gewy word aan 'n kort regsvergelijkende studie wat die posisie met betrekking tot joernalistieke privilegie in 'n aantal ander demokrasieë ondersoek.

Laastens sal tot 'n gevolgtrekking gekom word en die toepaslike aanbevelings sal gemaak word.

## Hoofstuk 2

---

*There is a curious dichotomy in the way the courts speak about the media. On one hand, they wax lyrical when they speak of the media as an institution and of the important role it plays in a democratic society. They tend to be less effusive when they speak of the people who inhabit the media and the way in which they ply their trade.*

Wim Trengove. Toespraak gehou by die Webber Wentzel Bowens 2002 "Legal Journalist of the Year Awards".

### Die rol van die media in 'n demokratiese bestel

#### 2 § 1 Inleiding

Die media is 'n sektor wat reeds 'n geruime tyd 'n rol in die samelewing vervul. Sedert die uitvinding van die drukpers deur Gutenberg in 1451, die industriële revolusie, en die meer onlangse tegnologiese revolusie, het die media eksponensieël gegroei en versprei, en is dit vir enige studie van die mediareg noodsaaklik om ook die rol van die media na te speur. In hierdie hoofstuk sal funksie van die media in 'n moderne deursigtige demokratiese bestel, asook die rol van die joernalis binne die groter raamwerk van die media, ondersoek word.

Daar sal egter spesifiek gefokus word op die redes wat deur joernaliste in die getuiebank voorgehou word vir die weiering om inligting bekend te maak, wat meestal die vorm van 'n professionele en/of etiese beswaar of 'n verbreking van die vertrouensverhouding

tussen joernalis en bron aanneem. Bespreking word ook gevoer oor die vernaamste redes waarom joernaliste soms weier om inligting bekend te maak, die etiek van die joernalistiek, asook die grondliggende beginsels van die verhouding tussen joernalis en bron. Geselekteerde artikels uit verskeie gedrags- of etiese kodes sal ook bespreek word, onder andere:

- Die *International Principles of Professional Ethics in Journalism*;
- Die *South African Union of Journalists se Code Of Conduct*;
- Die Persombudsman se *Press Code of Professional Practice*; en
- Die *South African Broadcasting Corporation (SABC) se Editorial Code*.

Onder *media*, vir doeleindes van hierdie werk, ressorteer die gedrukte media, die uitsaaiwese asook die relatief nuwe ontwikkeling van die algemeen-toeganklike elektroniese media (naamlik die Internet, e-pos, ensomeer).<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> In hierdie werk sal persvryheid en mediavryheid as wisselvorme gebruik word.

## 2 § 2 Toeligting van die rol van die media

Die hoofdoel van die media is, soos dit nog altyd was, *kommunikasie*, oftewel, die oordag van inligting. Kommunikasie in die media kan gerig wees op vermaak, kommersiële gewin (spesifiek die advertensiewese), die oordrag van sosio-politieke boodskappe of propaganda vir die een of ander groep, regering, geloof of ideologie, maar dit bly steeds kommunikasie. Kommunikasie kan omskryf word as die oordrag van inligting, idees of gedagtes aan 'n ander persoon of groep persone.<sup>2</sup> Uitdrukking en kommunikasie kan, vir doeleindes van hierdie studie, as wisselvorm gesien word. Kommunikasie neem nie slegs die vorm van die geskrewe of gesproke woord aan nie, maar omvat ook handeling, byvoorbeeld die brand van 'n vlag, die swaai van 'n vuis of enige ander handeling wat daarop gemik is om inligting of 'n boodskap oor te dra aan 'n ander persoon of groep persone.<sup>3</sup> Vir doeleindes van hierdie studie word die woord egter gebruik in die konteks van die media, meer spesifiek koerante, tydskrifte, die uitsaaiwese en elektroniese kommunikasie. *Media*, op sy beurt, is deur die Steyn-Kommissie van Ondersoek na die Massamedia in 1981 omskryf as *'n draer of geleibuis van kommunikasie-boodskappe ... pers, film, radio en televisie. Al vier bied die ruimte en/of tyd wat vir die oordra van boodskappe nodig is.*<sup>4</sup> In die 21ste eeu moet egter ook noodwendig kennis geneem word van die elektroniese media, en meer spesifiek die Internet. Hierdie nuwe tegnologie, wat in die vroeë 1980's heel moontlik na wetenskapfiksie sou geklink het, het moderne kommunikasie drasties verander. 'n Hedendaagse volledige definisie

<sup>2</sup> Burns *Communications Law* (2002) p 47.

<sup>3</sup> Die Kanadese hof het in *Irwin Toy Limited v Quebec* (1989 58 DLR (4th) 577 *expression* uitgelê as *synde* enige aktiwiteit wat die bedoeling het om 'n boodskap oor te dra. Die parkeer van 'n motor kan uitdrukking daarstel indien dit gedoen word in protes teen parkeerregulasies. (Burns CILSA 1997 p 268).

<sup>4</sup> Verslag van die Steyn Kommissie van Ondersoek na die Massamedia (RP 89/1981) vol I p 14 (hierna verwys as die Steyn-kommissie verslag).

sou dus sonder twyfel ook rekenaars, e-pos en die Internet insluit.<sup>5</sup> In hierdie verband sal massa-media dus verwys na al die bogenoemde vorms van kommunikasie.

Die media, in alle verskyningsvorme, vertolk vele rolle in enige samelewing. Hierdie rolle sluit onder andere in vermaak, politieke debat, die voorsiening van inligting en, in sommige gevalle, propaganda. Propaganda vir 'n regerende party is geensins 'n nuwe gebruik (of misbruik) van die media nie. In die voormalige Sowjet Unie het die kommunistiese regering vroeg reeds die waarde van die media agtergekom en het deur middel van die staatsbeheerde media (hoofsaaklik die kommunistiese koerant *Pravda*, en Radio Moskou wat gedien het as spreekbuise vir die regerende party) gedurig *goeie* nuus oorgedra oor gebeure en oorwinnings van lede van die proletariaat as 'n uitvloeisel van die revolusie. Hierdie *berigte* het die skeidslyn tussen waarheid en fiksie sodanig verbloem dat 'n onderskeid nie meer moontlik was nie. Die media is selfs gebruik om enige bewyse van die bestaan van persone uit te wis.<sup>6</sup> Joseph Stalin het 'n magtige propagandamasjien opgebou wat heel moontlik verantwoordelik was vir sy ongekende mag en lang diktatorskap. Ook die voormalige Nasionale Party-regering van Suid-Afrika was deeglik vertrouwd met die mag van kommunikasie en die media. Dit blyk duidelik uit die Inligtingskandaal van die sewentigerjare. Die destydse regering het nagenoeg R75 miljoen bestee aan 'n geheime propagandaveldtog wat onder andere die stigting van *The Citizen* (wat tot in die vroeë 1980's die enigste Engelstalige pro-regering koerant in Suid-Afrika was)<sup>7</sup> en die aankoop van 'n Amerikaanse koerant, *The Washington Star*,

5 Daar is feitlik nie meer 'n noemenswaardige koerant of ander nuusverspreider wat nie ook, benewens 'n gedrukte weergawe of ander normale medium van aanbieding, 'n aanlyn-uitgawe publiseer nie. Suid Afrikaanse voorbeelde sluit in die *Mail and Guardian* (<http://www.mg.co.za>); *Beeld* (beskikbaar by <http://www.beeld.com> of <http://www.news24.com>) en die SABC (<http://www.sabcnews.com>). Sien ook byvoorbeeld <http://www.nytimes.com> (*The New York Times*).

6 Freeze G *Russia: A History* (1997) pp 314 en 315.

7 Steyn-kommissie verslag p 136.

ingesluit het.<sup>8</sup> Dit is dus duidelik dat die belang en invloed van die moderne kommunikasiemedia nie onderskat moet word nie.

Spanning tussen die media en die owerheidsgesag is niks nuuts nie. Na 'n betreklik kalm tydperk in die laaste helfte van die negentigs, wat mootlik voortgespruit het uit die stabilisering van 'n nuwe demokrasie en die opheffing van sensuur, het gemoedere weer van nuuts af opgevlam en negatiewe kritiek teen die media uit verskeie oorde het begin toegeneem. President Thabo Mbeki, in sy hoedanigheid as president van die *African National Congress* (ANC) het die volgende kritiek teenoor die media uitgespreek:

*We therefore have to contend with the situation that what masquerades as "public opinion", as reflected in the bulk of our media, is in fact minority opinion informed by the historic social and political position occupied by this minority. By projecting itself as "public opinion" communicated by an "objective press", this minority opinion seeks to get itself accepted by the majority as the latter's own opinion.*<sup>9</sup>

Kritiek teenoor die media is nie uitsluitlik van regeringskant afkomstig nie. Ook akademici het al hul misnoeë met die beroep te kenne gegee. Belsey voel byvoorbeeld dat *Journalism is an honourable profession, though many of those who should care for it, often including its own professionals, have dishonoured it.*<sup>10</sup>

---

8 Rhoadie E *The Real Information Scandal* (1983) p 301.

9 Fourie *Communicare* vol 21(1) Julie 2002.

10 Belsey A en Chadwick R *Ethical Issues in Journalism and the Media* (1992) p1.

In 'n moderne deursigtige samelewing vertolk die media 'n diverse rol. Joffe R het in *Government of the Republic of South Africa v'Sunday Times' Newspaper*<sup>11</sup> die volgende gesê oor die rol van die media:

*The role of the press in a democratic society cannot be understated... It is the function of the press to ferret out corruption, dishonesty and graft wherever it may occur and to expose the perpetrators... It must also contribute to the exchange of ideas already alluded to. It must advance communication between the governed and those who govern. The press must act as the watchdog of the governed.*

In *Khumalo v Holomisa*<sup>12</sup> het O'Regan R gesê:

*In a democratic society, then, the mass media play a role of undeniable importance. They bear an obligation to provide citizens both with information and with a platform for the exchange of ideas which is crucial to the development of a democratic culture. As primary agents of the dissemination of information and ideas, they are, inevitably, extremely powerful institutions in a democracy and they have a constitutional duty to act with vigour, courage, integrity and responsibility. The manner in which the media carry out their constitutional mandate will have a significant impact on the development of our democratic society. If the media are scrupulous and reliable in the performance of their constitutional obligations, they will invigorate and strengthen*

---

<sup>11</sup> 1995 (2) SA 221 (TPD) p 227I – 228A.

<sup>12</sup> 2002 (5) SA 401 (CC).

*our fledgling democracy. If they vacillate in the performance of their duties, the constitutional goals will be imperilled.*<sup>13</sup>

Burns<sup>14</sup> omskryf die rol van die Suid-Afrikaanse pers en massamedia in die algemeen soos volg:

- *The provision of information on a wide range of topics, such as educational topics, cultural issues, the different political views of the populace;*
- *The articulation of public opinion by providing comment on news items;*
- *Assuming the role of “watchdog” over the government by informing the public of government malpractice or incompetence.*

Volgens 'n verslag van *The United States Agency for International Development* (USAID) is toegang tot inligting belangrik om twee redes. Eerstens verseker dit dat die publiek verantwoordelike en ingeligde besluite neem eerder as om uit onkunde op te tree, en tweedens dien dit as 'n tipe teenwig deur te verseker dat verkose verteenwoordigers die wense vervul van die persone wat hulle verkies het.<sup>15</sup>

Volledigheidshalwe is dit egter nodig om nie slegs na juridiese vertolkings van die media se rol te verwys nie, maar ook na die posisie van die media soos praktisyns in die betrokke sektor dit ervaar. Shepperson en Tomaselli<sup>16</sup> sien die media se rol as [a] *social*

---

<sup>13</sup> *Ibid* p 417 D – F.

<sup>14</sup> Burns (2002) p 57.

<sup>15</sup> *The Role of Media in Democracy: A Strategic Approach June 1999 Technical Publication Series. U.S. Agency for International Development.*

<sup>16</sup> Shepperson A en Tomaselli K G *Ethics: A radical justice approach* *Ecquid Novi* 2002 vol 23 (2) p 278.



*contract between the media and the state. This relationship assumes the facilitation of vigorous dialogue in society. This dialogue should protect democratic practices, enhance the public sphere and encourage public debate.* Du Preez<sup>17</sup> sien ook die plek van die media as deel van die demokratiese proses:

*...the media will remain a critical vehicle of democracy. That means that the media in our society will have to be more than commercial enterprises out to sell more copies and more advertising. It will have to do more than merely tell people what they want. Whether we like it or not, we have a shaping role in society that will last at least another generation.*

Al hierdie beskrywings stel duidelik die media in 'n sosio-politieke lig. Derhalwe is dit belangrik om vroeg reeds 'n duidelike onderskeid te tref tussen tjekboek joernalistiek aan die een kant, en speur- of ondersoekende joernalistiek aan die ander kant. Tjekboek joernalistiek is sensasionele verslaggewing, byvoorbeeld, waar 'n voortvluggende krimineel deur 'n publikasie betaal word vir sy of haar lewensverhaal. Skrywers<sup>18</sup> sowel as institusionele gedragskodes<sup>19</sup> is dit eens dat tjekboek joernalistiek geen regmatige plek in die media kan beklee nie. Die Uitsaai Klage Kommissie van Suid-Afrika (UKKSA) se gedragskode bepaal in artikel 6:

---

<sup>17</sup> Du Preez M *Ethical dilemmas in journalism* *Ecquid Novi* 1994 vol 15 (1) p 117.

<sup>18</sup> Burns (2002) p 302. *Sensationalist reporting and interference in the privacy of individual life in order to obtain news is in poor taste, and is for the press ombudsman to regulate this type of behaviour.*

<sup>19</sup> Artikel 7 van die Persombudsman se *Press Code of Professional Practice* bepaal die volgende:

*Payment for articles \_ No payment shall be made for feature articles to persons engaged in crime or other notorious misbehaviour, or to convicted persons or their associates, including family, friends, neighbours and colleagues, except where the material concerned ought to be published in the public interest and the payment is necessary for this to be done.*

Sien ook Artikel 5 van die *South African Union of Journalists* se *Code Of Ethics* ([http://www.ijnet.org/FE\\_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8355&CIdLang=1](http://www.ijnet.org/FE_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8355&CIdLang=1)); en die *International Federation of Journalists* se *Declaration of Principles on the Conduct of Journalists* (<http://www.ifj.org/default.asp?index=1627&Language=EN>).

*No payment shall be made to persons engaged in crime or other notorious misbehaviour, or to persons who have been engaged in crime or other notorious misbehaviour, unless compelling societal interests indicate the contrary.*

Speur- of ondersoekende joernalistiek daarenteen, het die rol van 'n waghond, wat dien as 'n tipe teenwig vir die misbruik van mag, korrupsie en ander wanpraktyke. Hierdie waghondfunksie speel 'n uiters belangrike rol in enige demokratiese bestel soos gemanifesteer in die Inligting-skandaal hierbo genoem. Ook in die Verenigde State van Amerika het hierdie tipe joernalistiek al 'n wesenlike rol van waghond gespeel, soos byvoorbeeld die openbaarmaking van gebeure rondom die *Watergate*-skandaal.<sup>20</sup> Vir doeleindes van hierdie studie word in 'n groot mate na die media verwys in die konteks van ernstige speur- of ondersoekende joernalistiek.

## **2 § 3 Die rol van die joernalis in die media**

Die joernalis se hoofsaak is om inligting te versamel, dit te verwerk en te dissemineer. Die *International Principles of Professional Ethics in Journalism*, wat in 1983 deur die *Fourth consultative meeting of international and regional journalists*<sup>21</sup> in Parys onder die beskerming van UNESCO aangeneem is, bepaal onder meer die volgende:

### *Principle II: The Journalist's Dedication to Objective Reality*

<sup>20</sup> Terloops, die Watergate-skandaal is aan die lig gebring deur 'n anonieme bron genaamd *Deepthroat*, wat tot omlangs aan niemand behalwe die twee joernaliste wat die eerste berigte oor die skandaal die lig laat sien het bekend was nie.

<sup>21</sup> Die volgende liggame was verteenwoordig op die vergadering: *Die International Organisation of Journalists* (IOJ), die *International Federation of Journalists* (IFJ), die *International Catholic Union of the Press* (UCIP), die *Latin-American Federation of Journalists* (FELAP), die *Latin-American Federation of Press Workers* (FELATRAP), die *Federation of Arab Journalists* (FAJ), die *Union of African Journalists* (UJA), en die *Confederation of ASEAN Journalists* (CAJ) – Hierdie liggame het op daardie stadium altesame 400 000 joernaliste van regoor die wêreld verteenwoordig.

Beskikbaar by <http://www.ijnet.org/>

*The foremost task of the journalist is to serve the people's right to true and authentic information through an honest dedication to objective reality whereby facts are reported conscientiously in their proper context, pointing out their essential connections and without causing distortions, with due deployment of the creative capacity of the journalist, so that the public is provided with adequate material to facilitate the formation of an accurate and comprehensive picture of the world in which the origin, nature and essence of events, processes and states of affairs are understood as objectively as possible.<sup>22</sup>*

Dit is duidelik uit hierdie gesaghebbende dokument dat joernaliste 'n sleutelrol in die samelewing speel ten einde belangrike inligting onder die aandag van die algemene publiek te bring. Hierdie veronderstelde toewyding van joernaliste om eerlike, objektiewe en realistiese inligting aan die publiek te verskaf, lyk op die oog af na 'n prysenswaardige doelstelling. Ondervinding het egter geleer dat joernaliste soms, soos enige ander professie, foute begaan en nie eties optree nie.<sup>23</sup> Probleme ontstaan eweneens wanneer inligting nie geverifieer word nie of kwaadwillig gepubliseer word. Die bestaande remedies naamlik skadevergoeding, genoegdoening en die verbiedende interdik bied egter, myns insiens, voldoende beskerming aan die persoon of groep persone aan die ontvangkant van sodanige beriggewing. Die media het, soos alle ander instellings, regte sowel as verpligtinge en dit is die plig van elke medium om verantwoordelike beriggewing te bevorder. In *S v Cornelissen; Cornelissen v Zeeelie*<sup>24</sup>

---

<sup>22</sup> <http://www.ijnet.org/>

<sup>23</sup> As voorbeeld kan Darrel Bristow-Bovey, voormalige joernalis verbonde aan *The Cape Times*, genoem word wat in 2003 van plagiaat beskuldig is nadat dit aan die lig gekom het dat dele van sy berigte oorgeneem is uit Jeremy Paxman se boek *The English*. (*Mail & Guardian* 26 September 2003).

<sup>24</sup> 1994 (2) SACR 41 (W)

het Schabert R gesê: *Vanselfsprekend ... moet telkens wanneer op die waarde van 'n vrye pers gewys word, beklemtoon word dat persvryheid en persverantwoordelikheid kruis en munt van dieselfde geldstuk is.*<sup>25</sup>

Dit mag soms gebeur dat 'n verantwoordelike joernalis in die uitvoering van sy of haar verpligtinge inligting moet publiseer wat van publieke belang is en afkomstig is van 'n bron wat om die een of ander rede nie geïdentifiseer wil word nie. Die dagvaarding van joernaliste wat sodanige inligting publiseer, skep in hierdie geval 'n probleem. Geen media-privilegie word in Suid Afrika erken nie, hoewel sekere skrywers van mening is dat Suid-Afrikaanse howe 'n diskresie het om die joernalis te verskoon vangetuienislewering.<sup>26</sup>

'n Onderskeidende faktor tussen die joernalistiek en ander tradisioneel professionele beroepe is regulering van professionele gedrag en optrede. Vir mediese praktisyns bestaan daar byvoorbeeld die Raad vir Gesondheidsberoepe, vir prokureurs die onderskeie prokureursordes en vir advokate die Balieraad wat hierdie reguleringsfunksie vervul. Hierdie liggame het ten doel om standarde van die professie te handhaaf, en het ook die bevoegdheid om tugstappe te neem teen lede van die professie wat misstappe begaan het. Lede van die professie moet by hierdie liggame registreer (en dus in 'n sekere sin *gelisensieer* word) om te kan praktiseer. Hierdie beheer ontbreek by joernaliste. Gevaarligte begin egter oor 'n wye front flikker indien daar gepraat word van die registrasie of

---

<sup>25</sup> *Ibid* p 55 E.

<sup>26</sup> Burchell *Personality rights and freedom of expression* (1998) p 6 en Van Rooyen *The disclosure of journalists' sources in South African law* 1995 SAJHR Vol 11 p 132.

lisensiëring van joernaliste en/of die media oor die algemeen.<sup>27</sup> Dit is gemeensaak dat die voormalige Nasionale Party regering van registrasie gebruik gemaak het om die pers te reguleer en te onderwerp aan self-sensuur. Voorbeelde hiervan is die Wet op Binnelandse Veiligheid van 1950 en die Wet op die Registrasie van Nuusblaaië en Drukkersname 63 van 1971. Koerante wie se deure gesluit is ingevolge laasgenoemde wet is byvoorbeeld *Post* in 1981<sup>28</sup> en *The World* in 1977<sup>29</sup>. Ingevolge hierdie wetgewing was die pers voortdurend met deregistrasie gedreig, indien hulle nie sekere statutêre maatreëls nagekom het nie. Die wetgewing het ook aan die owerhede breë magte toegeken om koerante en nuusblaaië om verskeie redes te verbied. Die Steyn-kommissie het die redes vir die sluiting van *The World* soos volg opgesom:

*Die eintlike sluiting van The World is voorafgegaan deur etlike maande van toenemend gespanne verhoudings tussen dië koerant en die Regering. Van Regeringskant is The World daarvan beskuldig dat sy dekking van die oorsake van ontevredenheid in Soweto opruiend was en daarop bereken was om verdere onrus aan te stig. The World het geantwoord met die beskuldiging dat uitgesproke teenkanting teen Regeringsbeleid as ondermyning vertolk word.*

Gedwonge registrasie van joernaliste is myns insiens dus nie 'n opsie nie. Tans is die beroep meerendeels onderworpe aan selfregulering deur middel van unies en verenigings enersyds, en semi staats-instellings soos byvoorbeeld die Uitsaai Klagte Kommissie van Suid-Afrika en die Persombudsman andersyds.

---

<sup>27</sup> Die *Access to Information and Protection of Privacy Act* in Zimbabwe verplig byvoorbeeld alle joernaliste om aansoek te doen om *akkreditasie* vanaf die regering voordat hulle as joernaliste in Zimbabwe mag werk. Daar word wyd aanvaar dat die pers in Zimbabwe as gevolg hiervan en ander faktore geensins vry is nie.

<sup>28</sup> Steyn-kommissie verslag p 4.

<sup>29</sup> *Ibid* p125.

## 2 § 4 Gedrags- en etiese kodes van die joernalistiek

In 1733 is die drukker van die *New York Weekly Journal*, John Peter Zenger, vir nege maande gevange gehou omdat hy geweier het om die indentiteit van die outeurs van 'n artikel wat in sy nuusblad verskyn het, bekend te maak. Die artikel het die koloniale goewerneur gekritiseer as onbevoeg, gulsig en arrogant. Zenger is vrygespreek op grond daarvan dat die kritiek die waarheid was.<sup>30</sup> Reeds so vroeg as 1852 is daar ook al in Nederland aanspraak gemaak op 'n joernalistieke privilegie.<sup>31</sup> In Suid-Afrika is die weiering van die joernalis-getuie om die identiteit van 'n vertroulike bron bekend te maak, ook nie 'n nuwe verskynsel nie.<sup>32</sup> In geen van die bogenoemde sake uit die Suid-Afrikaanse regspraak is 'n joernalistieke privilegie egter erken nie. Waarom probeer joernaliste dan steeds in sekere gevalle om 'n anonieme bron se identiteit te beskerm? Die antwoord lê in die joernalistieke etiek. Retief<sup>33</sup> som die posisie duidelik op: *If you use an anonymous source, you must keep your promise – even if you have to go to jail for it.* Pakendorf<sup>34</sup> is selfs nog meer op die man af: *Sources are holy!*

### 2 § 4 § 1 Die etiek

Etiese gedrag het sedert die 4e eeu v.C in die dae van Aristoteles tot en met die twintigste eeu vele gedaanteverwisselings ondergaan. Waar die antieke Griekse filosowe gekonsentreer het op die lewe en

<sup>30</sup> Van Rooyen J C W 1995 SAJHR Vol 11 p 132.

<sup>31</sup> Korthals Altes W F *The journalistic privilege: A Dutch proposal for legislation.* Public Law Spring 1992 p 73.

<sup>32</sup> *S v Pogrund* 1961 (3) SA 868 (TPD) en *Matisson v Additional Magistrate, Cape Town* 1980 (2) SA 619 (CPD).

<sup>33</sup> Retief J *Media Ethics – An introduction to responsible journalism* (2002) p 117.

<sup>34</sup> Oosthuizen et al (ed) *Professional secrecy in South Africa; a simposium* (1983) p 71.

welstand van die ganse bevolking in die stadstaat, het meer moderne etiese filosofieë betrekking op spesifieke handeling van, en gevolge vir die rolspelers. Kant het in die 18e eeu etiese gedrag uitgespel as optrede wat ag slaan op die waardigheid, regte en morele waardes van ander. Die etiek lê dus by die dader, en nie by die gedrag nie. In die 19e eeu daarenteen, het John Stuart Mill die gevolge, eerder as die gedraging, as belangrik geag. Vandaar die welbekende *greatest good for the greatest number*. William David Ross het in die twintigste eeu 'n pluralistiese teorie met ses verpligtinge vir etiese gedrag voorgestel, naamlik:

- Eerlikheid: genoegdoening voortspruitend uit vorige onregmatige gedrag;
- Dankbaarheid: voortspruitend uit 'n besondere verhouding;
- Geregtigheid: nie op meriete gebaseer nie;
- Weldadigheid: om die lot van andere in die wêreld te verbeter;
- Self-verbetering: voortspruitend uit die uitoefening van intelligensie; en
- Geen bedoeling om te benadeel nie.

Hierdie verpligtinge word verder verdeel in *prima facie* verpligtinge (wat regmatig blyk te wees bloot uit die aard van die handeling) en werklike verpligtinge (die vernaamste verpligtinge wat voortspruit uit spesifieke omstandighede).<sup>35</sup> Snyman<sup>36</sup> onderskei weer tussen drie hoofbenaderings in die ontwikkeling van die etiek. Eerstens die *humaniste*, wat die mens en menslike belange voorop stel. Tweedens die *naturiste* waaronder die hedonisme, evolusionisme en

<sup>35</sup> Shepperson en Tomaselli *supra* n16 op p 280.

<sup>36</sup> Snyman *Etiek van die joernalistiek* *Ecquid Novi* 1990 vol 11 (1) p 44.

gedragsetiek en laastens, 'n *skoolindeling* volgens die kenmerke van die etiek, byvoorbeeld, pligte-etiek, gevolge-etiek en motiewe-etiek. Dit wil voorkom of etiek meer gekompliseerd raak soos dit moet aanpas by die moderne samelewing wat aanhoudend verander. Tans is daar, wat die etiek van die joernalistiek betref, egter 'n taamlik eenvoudige oplossing vir die kwessie van etiese optrede – die etiese kode.

## **2 § 4 § 2 Gedrags- of etiese kodes**

Etiese kodes kan oor die algemeen omskryf word as reëls of riglyne wat neergelê en nagevolg word deur die praktisyns van 'n bepaalde beroep of persone wat tot 'n bepaalde groep behoort. Indien 'n individu wat tot die bepaalde beroep of groep behoort volgens hierdie reëls of riglyne handel, kan gesê word dat hy of sy eties optree.

Jones<sup>37</sup> is van mening dat die etiese kode, in 'n massamedia-konteks, 'n drieledige doelwit nastreef:

1. Om diegene aan wie die kommunikasie gemaak word (die breë gemeenskap) te beskerm teen onverantwoordelike, anti-sosiale of propagandistiese gebruik van die media;
2. Om kommunikeerders te beskerm daarteen om geforseer te word om onverantwoordelik, vernederend of op enige ander manier wat teen hul gewete indruis, op te tree; en
3. Om alle kanale van kommunikasie, beide van bo en van onder, oop te hou. Van bo, bedoelende dat kommunikeerders te alle tye toegang het tot alle inligting wat die gemeenskap in staat sal stel om te weet hoe hul regeer word en, van onder deur dit

---

<sup>37</sup> Jones J C *Mass Media Codes of Ethics and Councils* (1980) p 14.



moontlik te maak vir Jan en Alleman om deur middel van die massamedia hul standpunte te lig.

Die eerste en laaste doelwit word in Suid Afrika nie soseer deur die etiese kode beheer nie, aangesien daar ander meganismes in plek is om met aangeleenthede van hierdie aard te handel. Vryheid van die pers word deur artikel 16 van die Grondwet gewaarborg en liggame soos die Uitsaai Klage Kommissie van Suid-Afrika en die *Advertising Standards Authority* is spesifiek in die lewe geroep om die regte van verbruikers te beskerm. Wat die kanale van kommunikasie betref waarborg artikel 16(1)(b) van die Grondwet die reg om inligting te ontvang en oor te dra. Hierbenewens verseker die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting<sup>38</sup> toegang tot inligting gehou deur beide privaatliggame en die regering. Die tweede doelwit, naamlik die beskerming van kommunikeerders, is egter van belang vir doeleindes van die onderhawige werk aangesien die bogenoemde liggame verbruikers-georiënteerde organisasies is en die howe, soos reeds genoem, nie te vinde is vir 'n joernalistieke privilegie nie.

Etiese kodes kan breedweg in twee kategorieë verdeel word. Eerstens, kodes wat verpligtend is, en tweedens, kodes wat vrywillig is.<sup>39</sup> Verpligte kodes vereis nakoming en bevat een of ander strafsanksie vir oortredings. Vrywillige kodes daarenteen, maak staat op die gewilligheid van betrokkenes om gebonde te wees en om die nodige self-dissipline uit te oefen. Daar is geen strafsanksie vir oortredings nie, behalwe die afkeer van kollegas en die stigma wat kleef aan oortreders. Die etiese kodes vir die media in Suid-Afrika val in laasgenoemde kategorie, aangesien lidmaatskp van media-organisasies vrywillig is. Die moderne tendens ten gunste van

---

<sup>38</sup> 2 van 2000.

<sup>39</sup> Jones (1980) p 14.

vryskutjoernalistiek maak dit voorts moeilik vir media eienaars om werknemers te dwing om etiese kodes te onderskryf. Beide vrywillige- en verpligte kodes kan verder verdeel word in kodes wat deur die media self geformuleer en bedryf word, en kodes wat van buite die media geformuleer en afgedwing word. Net soos die gedwonge registrasie van joernaliste moontlik ernstige implikasies vir media vryheid kan hê, moet daar gewaak word teen etiese gedrag wat van buite, en veral van owerheidsweë afgedwing word. Jones voel soos volg:

*[I]t is generally found that Codes of Ethics formulated by outside bodies, whether they be governments, consumer groups, or anyone else, are overweighted in their protection of the consumer or the government, and can operate against the media even when the latter are functioning in full accord with their own clearly defined ideals and ethics. It is true that such outside codes have usually come into being as a result of some feeling of dissatisfaction, real or imaginary, justified or unjustified, over the performance of the media. This is particularly true if the ruling power in government terms is unduly sensitive to criticism.<sup>40</sup>*

Suid Afrikaanse en internasionale gedrags- en etiese kodes vir joernaliste het baie gemeenskaplike kenmerke, en een van die mees opvallende van hierdie kenmerke het te make met vertroulike of anonieme bronne. In die meerderheid van hierdie kodes word die reël neergelê dat 'n joernalis 'n verpligting het om die identiteit van 'n vertroulike bron te beskerm. 'n Plaaslike voorbeeld is die Persombudsman se *Press Code of Professional Conduct*, wat in artikel 6 bepaal dat: *[A] newspaper has an obligation to protect*

---

<sup>40</sup> *Ibid* p 16.

*confidential sources of information.*<sup>41</sup> Die *South African Broadcasting Corporation (SABC)* se *Editorial Code* bepaal eweneens: *We shall not disclose confidential sources of information.*<sup>42,43</sup> Internasionaal kan verwys word na onder andere die *International Federation of Journalists (IFJ)* se *Declaration of Principles on the Conduct of Journalists*:<sup>44</sup> *[t]he journalist shall observe professional secrecy regarding the source of information obtained in confidence.*<sup>45</sup>

Hoewel die Suid Afrikaanse howe se benadering met betrekking tot 'n joernalistieke privilegie breedvoerig in hoofstuk vier hieronder bespreek sal word, moet die aandag reeds hier gevestig word op die botsing tussen die joernalis se etiese verpligting om die identiteite van vertroulike bronne te beskerm, en die juristiese beskouing van joernalistieke getuienislewering. Ongeag wat etiese kodes voorskryf in verband met bronne, erken ons howe nie 'n joernalistieke privilegie nie. In *R v Parker*<sup>46</sup> was die appellant 'n joernalis wat op grond van etiek geweier het om sekere vrae te beantwoord. In sy verduideliking het Parker die volgende gesê: *My reason for refusing to answer these questions is a basic journalistic ethic. Many journalists receive confidential information from many sources. It is absolutely essential to the trust that a newspaper must have with its readers, if it is to succeed, that these sources remain confidential.* In *Matisonn v Additional Magistrate, Cape Town*<sup>47</sup> was die appellant 'n verslaggewer vir die *Sunday*

41 [http://www.sanef.org.za/default.asp?ID=54&subclick=yes&parent\\_id=53](http://www.sanef.org.za/default.asp?ID=54&subclick=yes&parent_id=53) (Besoeek op 11 Julie 2003).

42 *Ibid.*

43 Sien in hierdie verband ook die *South African Union of Journalists (SAUJ)* se *Code of Ethics* beskikbaar by

[http://www.ijnet.org/FE\\_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8355&CIdLang=1](http://www.ijnet.org/FE_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8355&CIdLang=1) en Retief (2002) p 238 – p252.

44 <http://www.ifj.org/default.asp?index=1627&Language=EN>

45 Sien in hierdie verband ook *Principle IV* van die *Code Of Ethics: International Principles of Professional Ethics in Journalism. Issued by the fourth consultative meeting of international and regional journalists, Paris, 1983, under the auspices of UNESCO*.

([http://www.ijnet.org/FE\\_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8320&CIdLang=1](http://www.ijnet.org/FE_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8320&CIdLang=1))

<sup>46</sup> 1965 4 SA 47 (SRA).

<sup>47</sup> 1980 (2) SA 619 (CPD).

*Express*, wat 'n artikel geskryf het wat sekere bewerings oor ene Shaw bevat het. Daar is beweer dat die persoon wat die inligting aan Matisonn gegee het vir Shaw strafbaar belaster het. Matisonn het beweer dat die bron van die inligting se identiteit nie aan hom bekend was nie aangesien hy die inligting deur middel van 'n tussenganger gekry het. Matisonn het geweier om die identiteit van die tussenganger te openbaar op grond van joernalistieke etiek. Die hof het egter tot die gevolgtrekking gekom dat 'n joernalis nie 'n sterker reg as enige ander persoon het om inligting van die hof te weerhou nie.<sup>48</sup>

In beide *Parker* en *Matisonn* se gevalle is die etiek van die joernalistiek as verweer verwerp. Anders as in Suid-Afrika, geniet joernalistieke etiek *regserkenning* elders. In die Engelse saak van *Attorney General v Clough*<sup>49</sup> is opgemerk:

*The essence of the matter is first, that a journalist has an obligation towards his suppliers of information and it would be dishonourable for him to reveal them, secondly, he owes a duty to his employers not to imperil their receipt of information in the future, which would clearly occur if an informant knew that the reporter would break his confidence, thirdly, he has a self-interest in the matter because he would be out of business if it were known that he revealed confidential information, fourthly, the law will not force a man to divulge his trade secrets and fifthly, journalists have conscientious objection to reveal sources of information which is part of the ethics of their profession. A person should not be asked to commit a breach of professional ethics.*

---

<sup>48</sup> *Ibid* p 631 H.

<sup>49</sup> [1963] 1 QB 776 p 782.

Hoewel Clough steeds skuldig bevind is aan minagting van die hof, is dit bemoedigend om te sien dat daar wel erkenning en simpatie by die howe te bespeur was waar die joernalis hom of haar op erkende etiese beginsels beroep het.

Daar kan dus geredelik aanvaar word dat die beskerming van 'n vertroulike bron se identiteit menige joernalis, plaaslik en internasionaal, na aan die hart lê. In die lig van die bogenoemde feite is dit dus te verstane dat joernaliste somtyds onder die wanindruk mag verkeer dat hulle 'n regsprivilegie het om die identiteite van vertroulike bronne te beskerm. Daar is egter (soos sal blyk uit 'n meer volledige bespreking van die positiewe reg hieronder) 'n wesenlike botsing tussen die etiek van die joernalistiek en die reg. Hoewel joernaliste reeds telke male probeer aanspraak maak het op 'n joernalistieke privilegie, erken die Suid Afrikaanse reg geen sodanige privilegie nie.

## **2 § 5 Die verhouding tussen joernalis en bron**

'n Vrye pers is afhanklik van die vrye vloeï van inligting van die media na die publiek en van die publiek na die media. Joernaliste is voortdurend afhanklik van nie-joernaliste om hulle van inligting van openbare belang te voorsien.<sup>50</sup> Die verhouding tussen joernalis en bron is tot 'n groot mate 'n "gebruik en word gebruik-verhouding" (*use and be used*).<sup>51</sup> Bronne van inligting is noodsaaklik vir enige suksesvolle joernalis, maar terselfdertyd bestaan die moontlikheid dat

---

<sup>50</sup> Article 19 en Interrights *Briefing Paper on Protection of Journalists' Sources* (1998). Beskikbaar by <http://www.article19.org/docimages/638.htm#con> (Besoek op 28 Julie 2004).

<sup>51</sup> Retief (2002) p 117.

‘n bron inligting sal verskaf met ‘n verskuilde agenda.<sup>52</sup> Dit sal uiters naïef wees om te dink dat bronne altyd inligting sal verskaf met suiwer altruïstiese bedoelings, en juis as gevolg hiervan word joernaliste gewaarsku om vertroulike bronne met ‘n gesonde mate van skeptisime te benader.<sup>53</sup>

Dit is egter nie altyd die vertroulike bron wat die etiek van die joernalistiek misbruik nie, soos duidelik blyk uit die Janet Cooke-geval. Cooke was ‘n ambisieuse joernalis verbonde aan *The Washington Post* wat in 1980 ‘n reeks artikels getiteld *Jimmy’s World* gepubliseer het. Die berigte het gehandel oor ‘n agtjarige seun met die skuilnaam Jimmy wat stelselmatig aan heroïen verslaaf gemaak is deur Cooke se “vertroulike” bron. Die storie het uiteraard openbare reaksie uitgelok. Beide Cooke en *The Washington Post* het onder geweldige kritiek deurgeloop, aangesien hulle geweier het om die bron van inligting bekend te maak ten einde ingryping en hulp vir die kind deur die owerhede te fasiliteer. Cooke het voortdurend die vertroulikheid van haar bron as verskoning geopper en as ingedagte gehou word dat een van die redakteurs van die *Post* die einste Bob Woodward van Watergate-faam was, kan mens amper glo waarom haar beroep op vertroulikheid so lank kon staan. Openbare druk het uiteindelik die redakteurs van die *Post* genoop om Cooke te dwing om haar bron te openbaar. Sy kon nie. Die hele reeks artikels was ‘n versinning.<sup>54</sup>

Die Cooke-geval moet egter as die uitsondering gesien word. Dit dien slegs ter illustrasie van die beginsel dat ‘n joernalistieke privilegie nie ligtelik oorweeg en toegestaan moet word nie. Daar sal altyd diegene

---

<sup>52</sup> Sanders *Ethics and journalism* (2003) p 107.

<sup>53</sup> Sanders (2003) p 107 en Retief (2002) p 117.

<sup>54</sup> Sanders (2003) p 109 en De Villiers in Oosthuizen *et al* (1983) p 65.

wees wat 'n *bona fide* regsreël sal uitbuit vir eie gewin, maar die oorgrote meerderheid van joernaliste is ongetwyfeld toegewyde professionele persone wat poog om die nuus regverdig en onpartydig oor te dra aan die publiek.

Etiek is nie die enigste rede wat aangevoer word om geheimhouding van bronne se identiteite te regverdig nie. Inbreukmaking op die joernalis se grondwetlike reg op vryheid van uitdrukking, die verbreking van 'n vertrouensverhouding en die moontlike "opdroog" van bronne en inligting is eweneens redes wat al na vore getree het. In 1988 is Jeremy Warner, 'n joernalis van *The Independent* in Engeland, 'n boete van £20 000 opgelê omdat hy geweier het om die identiteit van sy bronne te openbaar. Warner het beweer dat potensiële bronne wat anoniem wil bly, afgeskrik sal word indien joernaliste meegee onder druk en hul informante se identiteit bekend maak. Dit sal weer daartoe aanleiding gee dat inligting wat van betekenisvolle openbare belang kan wees, verberg bly. Nodeloos om te sê het hierdie betoog nie 'n indruk op die hof gemaak nie, soos blyk uit die regter se antwoord dat: *Unless the law is complied with by everybody, the cement that binds society together will go... Journalists are no more entitled to say they don't comply with [the law] than anybody else.*<sup>55</sup>

In *R v Parker*<sup>56</sup> het die hof by monde van Macdonald W A R wel erken dat die vertrouensverhouding tussen joernalis en bron daartoe aanleiding gee dat die bron inligting sal oordra, maar ook dat die verlies van daardie inligting, sou die joernalis wel getuig, nie 'n te hoë

---

<sup>55</sup> *X v Morgan Grampian [1991] AC1 HL*. Die Europese Hof vir Menseregte het egter hierdie beslissing van die *House of Lords* tersyde gestel aangesien die openbaring van Warner se bronne 'n inbreukmaking op artikel 10 van die Europese Konvensie van Menseregte was.

<sup>56</sup> *Supra* vn 46.

prys sou wees nie. Die regter het hom soos volg daaroor uitgelaat: *It may well be that when this course is adopted information will not always be imparted. The loss, on occasion, of information should not, however, be regarded as too high a price to pay for compliance with the law.*

In *Cornelissen*<sup>57</sup> het die Suid-Afrikaanse hof egter kennis geneem van hierdie aspek van die joernalis - bron verhouding. Stegmann R het dit soos volg gestel:

*Koerantverslaggewers probeer, in die normale loop, om die samelewing te dien deur inligting te bekom en dit te laat publiseer. Sommige inligting wat die belange van die gemeenskap raak, is nie vrylik bekombaar nie. Daar is by geleentheid gevestigde belange wat dit pas om die waarheid verborge te laat bly. Verslaggewers moet dan vindingrykheid aan die dag lê om by die waarheid uit te kom. In hierdie proses kan dit vir die verslaggewer van belang wees om 'n reputasie van absolute betroubaarheid op te bou. Iemand wat oor inligting wat aan die publiek gegee behoort te word beskik, maar wat sy werk kan verloor, of 'n ander nadeel kan ly, as hy die inligting aan 'n verslaggewer bekend stel sal dit nie maklik bekendstel nie, ongeag die openbare belang dat dit wyd en syd gepubliseer behoort te word. As so 'n persoon vertrou kan hê dat hy nie as bron van die inligting opgespoor sal kan word nie, is die kans dat hy die inligting aan 'n koerantverslaggewer sal openbaar natuurlik beter. Maar hy sal die besondere verslaggewer moet kan vertrou om hom nie as die bron van die inligting te verklap nie.*

Hoewel die regter in *Cornelissen* sy instemming met hierdie belangrike aspek van die joernalis - bron verhouding betuig het, is dit belangrik om daarop te let dat die saak nie beslis is met verwysing na

---

<sup>57</sup> 1994 (2) SASV 41 W.



‘n joernalistieke privilegie nie, maar wel op grond van prosesregtelike aangeleenthede rakende die insameling van getuienis en die pligte van ‘n landdroste ingevolge artikel 205 van die Strafproseswet 51 van 1977.<sup>58</sup> Daar kan dus met reg geargumenteer word dat die miskenning van hierdie aspek van die *vertrouensverhouding* tussen joernalis en bron ook aanleiding kan gee tot die miskenning van die reg om nie net inligting te dissemineer nie, maar ook die reg om inligting te ontvang soos bedoel in artikel 16 (1) (b) van die Grondwet.<sup>59</sup>

Van Niekerk<sup>60</sup> beskou die verhouding tussen joernalis en bron as ‘n fidusiêre verhouding. Wat hierdie vertrouensverhouding tussen joernalis en bron betref, kan met vrug na ander dissiplines binne die Suid Afrikaanse regstelsel verwys word. In die handelsreg byvoorbeeld, kom vele voorbeelde van vertrouensverhoudings voor, onder andere die vennootskapsreg,<sup>61</sup> maatskappyereg,<sup>62</sup> verteenwoordigingsreg<sup>63</sup> en die arbeidsreg.<sup>64</sup> In elkeen van hierdie gevalle stel die verbreking van die fidusiêre verpligting ‘n misdryf of dergelike oortreding daar met persoonlike aanspreeklikheid as die noodwendige gevolg.<sup>65</sup> Daar moet egter in gedagte gehou word dat skending van die vertrouensverhouding in die bogenoemde gevalle nie voortspruit uit ‘n hofbevel, soos noodwendig die geval sal wees

---

<sup>58</sup> *Ibid* p 51 e en f; p 55 f.

<sup>59</sup> Sien Hoofstuk 4 vir ‘n meer volledige bespreking van sekere Grondwetlike aspekte rakende joernalistieke privilegie.

<sup>60</sup> Van Niekerk B v D *Journalistic Privilege – Need for a new approach* SALJ 1969 p 100 op p 105.

<sup>61</sup> Cilliers *et al* Ondernemingsreg (1993) p 34 asook *Purdon v Muller* 1961 2 SA 211 (A).

<sup>62</sup> Cilliers *et al* (1993) p 132.

<sup>63</sup> Nagel *et al* Kommerciële Reg (2000) p 180 verwys na *Transvaal Cold Storage Ltd v Palmer* 1904 TS 4 waar die hof homself soos volg uitgelaat het oor die verpligtinge van ‘n verteenwoordiger: *He [agent] must, while holding his position of trust and confidence, prefer the interest of his principal even to his own in a case of conflict, and to his skill, diligence, and zeal must be added the utmost good faith.*

<sup>64</sup> Van Jaarsveld *et al* *Kompendium van Arbeidsreg* (1999) p 111.

<sup>65</sup> In die geval van ‘n verbreking van die vertrouensverhouding in vennootskapsverband, is ontbinding van die vennootskap die aangewese remedie (vgl Hosten *et al* (1995) p 875).

waar 'n joernalistieke privilegie ter sprake is nie. Dit dien egter ter illustrasie van die afleiding wat gemaak word dat die premie wat geplaas word op vertrouensverhoudinge in ander velde van die reg, hoër is as wat die geval is met die joernalis - bron verhouding.

Wigmore<sup>66</sup> noem die volgende vereistes waaraan voldoen moet word voordat die reg 'n kommunikasie as gepriviligieerd sal beskou:

1. Die kommunikasie moet 'n oorsprong hê in 'n vertrouwe dat dit nie geopenbaar sal word nie;
2. Die element van vertroulikheid moet noodsaaklik wees vir die volle en bevredigende instandhouding van die verhouding tussen die partye;
3. Die verhouding moet van so 'n aard wees dat dit, in die opinie van die samelewing, ywerig gekoester en bevorder moet word; en
4. Die skade wat aangerig word aan die verhouding tussen die partye moet groter wees as die voordeel daaruit verkry vir behoorlike litigasie.

Die joernalis-bron verhouding voldoen ongetwyfeld aan elke vereiste. Met hierdie basiese agtergrond van die media in gedagte, behoort dit op hierdie stadium reeds vreemd te wees dat die Suid-Afrikaanse reg nie 'n joernalistieke privilegie erken nie.

---

<sup>66</sup> Van Niekerk vn 60 *supra* en Khuluse SAJHR 1993 p 279.

## 2 § 6 Samevatting

Ongeag die rede waarom joernaliste weier om vertroulike bronne bekend te maak, blyk dit duidelik dat die beskerming van 'n vertroulike bron vir elke joernalis belangrik is. In die meeste gevalle is beroepsetiek die rede wat voorgehou word. Daar ontstaan egter noodwendig vrae oor die invloed van etiese kodes op joernaliste. Is onderskrywing van hierdie kodes verplig, en indien nie, tot welke mate bind dit joernaliste wat dit wel onderskryf en ook die wat dit nie onderskryf nie? Word hierdie kodes as bindend beskou en wat is die gevolge (indien enige) indien dit wel verbreek sou word?

Lidmaatskap van unies en federasies vir joernaliste is vrywillig. Na aanleiding van die afwesigheid van strafsanksies in gedrags- en etiese kodes vir joernaliste, wil dit voorkom asof hierdie kodes slegs dien as riglyne vir die dag-tot-dag beroepsbedrywighede van joernaliste en dat dit derhalwe nie die alfa en omega van joernalistiek is nie. Retief<sup>67</sup> som die posisie met betrekking tot etiese kodes soos volg op: *However, codes of ethics do not, in themselves, automatically lead to responsible journalism. At best, they serve as guidelines upon which journalists can base their ethical decisions. In ethical terms, the onus remains on the journalist to practise the profession in a responsible way.*

Verdere bewys hiervan kan gevind word in die feit dat sekere beginsels wat neergelê word in hierdie kodes daagliks deur joernaliste wêreldwyd oortree word. Een skrywer merk tereg op dat joernaliste self die beroep skade berokken.<sup>68</sup> *Tabloid*-verslaggewing, pornografiese publikasies en webblaaie wat haatspraak en rassisme

---

<sup>67</sup> Retief (2002) p X.

<sup>68</sup> Du Preez <sup>vn 17</sup> *supra*.

op die Internet propageer, is aan die orde van die dag, en hoewel daar seker nie getwyfel kan word oor die reg van elke persoon om 'n opinie te vorm en te lug nie, siende dat vryheid van uitdrukking wêreldwyd 'n fundamentele mensereg is, dien dit geen groter doel nie en vervul dit eweneens geen noemenswaardige rol in die samelewing nie. Staatsbeheerde media wat niks minder as spreekbuis vir die regerende party is nie, kan in dieselfde asem genoem word.<sup>69</sup> Dit is voorts ook 'n onmoontlike taak om aanlyn-publikasies op die Internet te reguleer, aangesien dit juis die vrye vloeï van inligting is wat in die eerste plek van die Internet 'n magtige medium gemaak het. Enige wesenlike beperking op die Internet sal dus die oorspronklike doel daarvan tot niet maak. Die onderwerping aan genoemde kodes is dus vir elke joernalis 'n persoonlike keuse.

Vryheid van uitdrukking en die verbreking van 'n vertrouensverhouding het ook nie werklik in die verlede 'n indruk op die howe gemaak nie. Indien 'n joernalis hom of haar dus op anonieme bronne wil verlaat, word dit op eie risiko gedoen. Die betrokke joernalis se persoonlike oortuigings en waardes sal die deurslaggewende faktore wees indien daar regs vrae sou ontstaan na die identiteit van 'n bron, en tot op hede is daar ongelukkig geen verweer wat die howe al voldoende beïndruk het nie.

---

<sup>69</sup> Die staatsbeheerde media in Zimbabwe kan dien as voorbeeld. Sedert die sluiting van die *Daily News* (Zimbabwe se enigste onafhanklike koerant) gedurende September 2003 behoort alle koerante en bykans alle televisie stasies aan die regering. Die enigste private televisiestasie, *JoyTV*, het vermoedelik bande met familieleden van die president en daar word ook vermoed dat die regerende party beheer oor die inhoud van die stasie se programering het. Dus niks minder as *his masters voice* nie. *Zimbabwe. Country Report on Human Rights Practices – 2000. U.S. Department of State.*

## Hoofstuk 3

---

*I submit that an individual who breaks a law that conscience tells him is unjust, and who willingly accepts the penalty of imprisonment in order to arouse the conscience of the community over its injustice, is in reality expressing the highest respect for the law.*

*Martin Luther King (1929 – 1968)*

## Die Suid Afrikaanse proses- en bewysreg

### 3 § 1 Inleiding

Die posisie van die joernalis in die getuiebank is meerendeels 'n prosesregtelike aangeleentheid wat deur wetgewing beheer word. Enige bespreking van joernalistieke privilegie behoort dus te fokus op spesifieke wetgewing wat moontlik 'n invloed daarop kan hê. Die grootste gedeelte van hierdie hoofstuk sal gewy word aan die relevante bepalings in die Strafproseswet en meer spesifiek artikels 205 en 189, asook regspraak wat daarmee verband hou. Artikels 189 en 205 van die Strafproseswet is onderskeidelik die twee bepalings wat die meeste ter sprake kom by die vraagstuk van 'n joernalistieke privilegie. Artikel 205 word ingespan om getuies voor die hof te bring terwyl artikel 189 dan aan enige persoon in die getuiebank die reg gee om te weier om vrae te beantwoord, mits die persoon 'n voldoende verskoning (*just excuse*) kan aanbied om nie sodanige vrae

te antwoord nie. Die probleem is egter dat die Wet nie 'n definisie van "voldoende verskoning" gee nie. Wat 'n voldoende verskoning aanbetref sal die trefwydte daarvan, asook die moontlikheid (en inderdaad die wenslikheid) van 'n klinklare definisie van voldoende verskoning ondersoek word.

Die Steyn-kommissie van ondersoek het reeds in 1986 om versigtigheid gemaak met die toepassing van artikel 205 se prosedure indien lede van die media betrek sou word. Die probleem lê egter daarin dat die artikel 205-*subpoena* nie altyd as laaste uitweg ingespan word nie, soos aanbeveel deur die Steyn-kommissie nie, maar eerder die eerste opsie is soos blyk uit *Cornelissen* asook verskeie dagvaardings beteken op lede van die media in die geregtelike ondersoek na die opspraakwekkende moord op die Kaapse bendeleier Rashaad Staggie.

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om die vraag of joernaliste slegs as laaste uitweg gedagvaar word, en of die joernalis nie tans as 'n sagte teiken of kortpad gesien word vir die inwin van getuienis nie, te beantwoord. Sake soos die van *Cornelissen* en die fotograaf Benny Gool in die *Staggie*-saak sal ondersoek en ontleed word. SANEF se *Record of Understanding* met die owerhede en 'n dagvaarding uitgereik deur die Hefer-kommissie sal ook onder die loep geneem word.

### **3 § 2 Getuienislewering in die Suid-Afrikaanse regstelsel**

Die Suid-Afrikaanse bewysreg is grotendeels op die Engelse reg gebaseer. Hoewel nie soseer gekodifiseer nie, is wetgewing die vernaamste bron van die bewysreg, meer spesifiek, die Strafproseswet 51 van 1977, die Wet op Bewysleer in Siviele Sake 25

van 1956, die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959 en die Wet op Rekenargetuïenis 57 van 1983, om slegs enkeles te noem. Indien wetgewing nie 'n aangeleentheid reguleer nie of daarvoor swyg, is die howe aangewese op die reg wat op 31 Mei 1961 gegeld het (te wete die Engelse gemenereg soos op 30 Mei 1961).<sup>70</sup>

### 3 § 2 § 1 Bevoegdheid en verpligbaarheid

Die algemene reël ten opsigte van getuies in siviele- sowel as strafregtelike aangeleenthede is dat alle persone bevoeg en verpligbaar is om getuïenis voor 'n hof af te lê.<sup>71</sup> Dit sluit onder andere kinders,<sup>72</sup> doofstommes en regterlike beamptes (met sekere voorbehoude) in. Die finale beslissing oor bevoegdheid en verpligbaarheid van getuies lê ten volle binne die diskresie van die hof. Bevoegde getuies wat weier om die verrigtinge by te woon, kan deur middel van 'n getuie-dagvaarding (*subpoena*) voor die hof gebring word.<sup>73</sup> Die weiering of versuim van 'n bevoegde getuie om voor die hof te verskyn, weiering om ingesweer te word asook versuim deur die getuie om vrae aan hom of haar gestel te beantwoord, is almal strafbare oortredings.<sup>74</sup> Daar bestaan egter sekere gevalle waar die getuie mag weier om sekere inligting aan die hof te openbaar, onder andere indien die inligting geprivilegeerd is of indien die getuie 'n voldoende verskoning het wat vir die hof aanvaarbaar is om nie te getuig nie.<sup>75</sup>

---

<sup>70</sup> Schwikkard Skeen en Van der Merwe *Principles of evidence* (1997) p 21 en artikel 206 van Wet 51 van 1977.

<sup>71</sup> Art 192 van Die Strafproseswet 51 van 1977.

<sup>72</sup> Art 164 van Wet 51 van 1977. Die getuïenis van kinders word egter uiters versigtig benader (vgl Schwikkard (1997) p 390 en *R v Manda* 1951 SA 158 (A) p 163.

<sup>73</sup> Art 188 van Wet 51 van 1977 asook artikels 30 en 31 van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959. 'n *Subpoena duces tecum* word uitgereik aan 'n getuie van wie vereis word om dokumentêre getuïenis na die hof te bring.

<sup>74</sup> Joubert *et al The Law of South Africa* (1996) vol 9 p 397.

<sup>75</sup> Sien bespreking van artikel 189 van die Strafproseswet 3 § 4 *infra*.

Die bevoegdheid van 'n getuie moet egter nie met moontlike privilegieë teen getuienislewering verwar word nie. Enige getuie wat 'n privilegie wil opper moet steeds die getuiebank betree en sal eers 'n privilegie kan opper wanneer die relevante vraag aan hom of haar gestel is.<sup>76</sup>

### **3 § 2 § 2 Privilegie**

Daar bestaan sekere inligting wat, hoewel dit relevant is met verwysing na die reëls van die bewysreg, 'n getuie desnieteenstaande mag weier om aan die hof te openbaar. Hierdie reg om relevante inligting van die hof te weerhou staan bekend as privilegie. Privilegie is 'n reg wat setel in 'n natuurlike- of regspersoon (die Staat ingesluit) om die openbaring van toelaatbare bewysmateriaal te verhoed.<sup>77</sup> Sodanige inligting is geprivilegieerd. Die getuie is dus nie onder 'n verpligting is om 'n vraag te beantwoord of inligting te verskaf wat relevant is tot 'n saak voor die hof nie.<sup>78</sup> 'n Getuie mag egter nie weier om te getuig bloot vanweë die feit dat hy of sy hom- of haarself op 'n privilegie kan beroep nie. Die getuie moet steeds die getuiebank betree en ingesweer word. Beswaar moet gemaak word teen spesifieke vrae tydens ondervraging.

'n Onderskeid word getref tussen privaat- en openbare privilegie. Privaat privilegie bestaan waar 'n persoon of instansie 'n beroep op 'n privilegie kan doen om sodoende sekere gestelde vrae nie te beantwoord nie of om sekere dokumentasie nie te openbaar nie. Openbare privilegie daarenteen handle hoofsaaklik met die uitsluiting

---

<sup>76</sup> Schwikkard *et al* (1997) p 280.

<sup>77</sup> Joubert (1996) p 374.

<sup>78</sup> Schwikkard *et al* (1997) p 107.



van getuienis en bewysmateriaal wat, indien dit toegelaat sou word, staatsveiligheid, diepublieke belang of die effektiewe vasstelling van misdaad sal belemmer.<sup>79</sup>

Die Suid-Afrikaanse reg erken drie privaatprivilegieë:

1. Die privilegie teen self-inkriminasie, wat uit die gemenereg afkomstig is en ook statutêre en grondwetlike beskerming geniet.<sup>80</sup> Die rede vir hierdie privilegie is geleë in die openbare beleid asook in die reël dat die beskuldigde geag onskuldig te wees totdat andersins bewys is.<sup>81</sup> 'n Verdere rede is skynbaar om persone aan te moedig om te getuig sonder vrees dat hulle hulself kan inkrimineer.<sup>82</sup>
2. Huweliksprivilegie, ingevolge waarvan gades nie mededelings aan mekaar maak tydens die bestaan van die huwelik aan die hof hoef te openbaar nie.<sup>83</sup> Sulke mededelings word beskerm as gevolg van openbare beleid.
3. Regsprofessionele privilegie, wat slegs van toepassing is op die regspraktisyn–kliënt verhouding.<sup>84</sup>

Suid-Afrikaanse howe is huiwerig om privilegieë buite hierdie drie gevalle te erken. Daar bestaan geen privilegie vir geestelikes (byvoorbeeld 'n Rooms Katolieke priester wat biegt aanhoor) of mediese praktisyns (dokters, sielkundiges en psigiaters) nie.

Geen joernalistieke privilegie is voorts ooit ter plaatse erken nie aangesien persvryheid in Suid-Afrika grotendeels aan regerings-

<sup>79</sup> Schwikkard (1997) p 130 en Joubert *et al* (1996) p 390.

<sup>80</sup> Artikel 35 van die Grondwet.

<sup>81</sup> Schwikkard (1997) p 108.

<sup>82</sup> *Ibid* pp108, 109.

<sup>83</sup> Artikel 195 van die Strafproseswet 51 van 1977.

<sup>84</sup> Artikel 201 van die Strafproseswet 51 van 1977.

beheer onderworpe was en nie 'n wesenlik belangrike plek in die samelewing gehad het soos die geval in byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika of Die Verenigde Koningryk was nie. Eers met die inwerkingtreding van die Tussentydse Grondwet in 1993 en daarna die finale Grondwet van 1996 het vryheid van uitdrukking en spesifiek vryheid van die media grondwetlike erkenning en beskerming geniet en daarmee 'n regmatige plek in die samelewing ingeneem.

### 3 § 2 § 3 Joernalistieke privilegie

In die Suid-Afrikaanse bewysreg word professionele privilegie beperk tot die regsprofessie.<sup>85</sup> Die hof het in *Smit v Van Niekerk*<sup>86</sup> dit onomwonde gestel dat daar geen privilegie vir geestelikes in Suid-Afrika bestaan nie. Predikers, priesters en dies meer kan dus onder geen omstandighede inligting wat in vertroulikheid aan hulle gegee is in hul hoedanigheid as geestelike, van die hof weerhou nie. Eweneens het die hof in *Davis v Additional Magistrate, Johannesburg*<sup>87</sup> en *Botha v Botha*<sup>88</sup> nie 'n privilegie vir mediese praktisyns, synde mediese dokters, sielkundiges en psigiaters erken nie.

Die beredenerende opgaaf vir die bestaan van 'n regsprofesionele privilegie is die openbare belang. Die openbare belang vereis dat dit vir enige persoon moontlik moet wees om openhartig met sy of haar regsvertegenwoordiger te praat oor alle aspekte van 'n regskwessie om dit sodoende vir die regsvertegenwoordiger moontlik te maak om effektief te wees. Dieselfde openbare belang vereis egter dat alle relevante inligting voor die hof geplaas moet word ten einde

---

<sup>85</sup> Schwikkard *et al* (1997) p 122 en p 127.

<sup>86</sup> 1976 (4) SA 239 (A).

<sup>87</sup> 1989 (4) SA 299 (W).

<sup>88</sup> 1972 (2) SA 559 (N).

behoorlike regspleging te fasiliteer. Die reg moet, benewens die oplossing van dispute, elke moontlike poging aanwend om die waarheid in elke saak bloot te lê. Hoe meer inligting van die hof weerhou word, hoe moeiliker raak dit vir die reg om hierdie doel te bereik.<sup>89</sup> Desnieteenstaande weeg die vertroulike aard van die regspraktisyn-kliënt verhouding swaarder as die openbare belang van behoorlike regspleging wat vereis dat 'n getuie alle relevante inligting aan die hof moet openbaar.

Daar is egter sekere vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n beroep op regsprofessionele privilegie sal slaag. Eerstens moet die regspraktisyn in sy of haar professionele hoedanigheid optree. Tweedens moet die betrokke kommunikasie in vertroulikheid geskied. Indien die inligting oorgedra word met die doel om dit aan die ander party te openbaar, verval die privilegie. Derdens moet die kommunikasie geskied met die oog daarop om regsadvies te verkry en, laastens, die privilegie behoort aan die kliënt. Die regspraktisyn opper dit bloot namens die kliënt. Indien 'n derde party dieselfde inligting verkry, kan openbaarmaking nie verhoed word nie, tensy die inligting natuurlik op 'n onregmatige wyse verkry is.

Soos hierbo genoem, kan privilegie omskryf word as die aanspraak van 'n persoon of instansie om relevante getuienis van die hof te weerhou. Joernalistieke privilegie sal dus die aanspraak van 'n joernalis-getuie wees om sekere inligting wat relevant is tot die aangeleentheid onder oorweging, van die hof te weerhou. Die term word meer spesifiek gebruik om te verwys na die joernalis se etiese verpligting om bronne van inligting wat verkies om anoniem te bly se identiteit te beskerm.

---

<sup>89</sup> *Ibid* p 60.

'n Vrye pers is afhanklik van die onbelemmerde vloei van inligting van die media na die publiek en van die publiek na die media. Joernaliste is soms afhanklik van nie-joernaliste om hulle van inligting te voorsien. Dit gebeur soms dat persone inligting van publieke belang slegs aan 'n joernalis sal verskaf op 'n voorwaarde van anonimiteit.<sup>90</sup> In soverre dit joernaliste betref, is daar reeds etlike male geargumenteer dat 'n joernalistieke privilegie erken behoort te word.<sup>91</sup> Hierdie betoë het egter tot op hede nie vrugte afgewerp nie. Die rigiede standpunt van ons howe in die verlede betreffende joernalistieke getuienislewering is goed verwoord deur MacDonald WAR:

*Under the law any pledge of secrecy given by a journalist to an informant must necessarily be subject to the qualification that a journalist will divulge information if ordered to do so by a court of law. A failure on the part of a journalist to make clear to his informant that this limitation on any pledge of secrecy always exists can only give rise, so far as the informant is concerned, to a quite unwarranted sense of security and, so far as the journalist is concerned, to the dilemma of deciding whether to obey the law or to honour the pledge which should never have been given in unqualified terms. If, on the other hand, the overriding limitation which the law imposes on any pledge of secrecy by a journalist is made clear to the informant, there can be no question of the journalist breaking the pledge of secrecy when he subsequently complies with the court's order to answer questions. It may well be that when this course is adopted information will not always be imparted. The loss, on occasion, of information should not, however, be*

<sup>90</sup> Article 19 en Interrights *Briefing Paper on Protection of Journalists' Sources* vn 50 *supra*.

<sup>91</sup> Sien byvoorbeeld *S v Pogrund* vn 32 *supra*; *Matisonn v Additional Magistrate Cape Town* vn 32 *supra*; Schwikkard SAJCJ Vol 7 Issue 3 1994 p 416; Nel Codicillus Vol 38 Issue 1 May 1997 p 9 en Van Niekerk SALJ 1969 p 100.

*regarded as too high a price to pay for compliance with the law.*<sup>92</sup>

Suid Afrikaanse howe was dus in die verlede van mening dat die belang van die regspleging swaarder weeg as die joernalis se plig om 'n bron van inligting se identiteit te beskerm.

Daar is in Hoofstuk 2 verwys na die vertrouensverhouding tussen joernalis en bron. Khuluse<sup>93</sup> is van mening dat die konsep van 'n privilegie afgelei word van die openbare beleid, eerder as van die regte wat kleef aan die vertroulikheid van die kommunikasie of die vertrouensverhouding self. Die verhouding moet deur die reg as waardig genoeg geag word voordat 'n belofte van vertroulikheid of 'n beroep op etiek in 'n privilegie omskep kan word. Inaggenome die waardevolle rol wat die media en die joernalis in 'n demokrasie speel, behoort die joernalis-bron verhouding waardig genoeg te wees ten einde te kwalifiseer vir 'n regsprivilegie.

Dieselfde openbare belang wat regsprofessionele privilegie regverdig, vereis egter ook dat daar 'n onbelemmerde vloei van noodsaaklike inligting na lede van die samelewing moet wees. Die enigste werklike verskil tussen die openbare belang by regsprofesionele privilegie en die openbare belang by die onbelemmerde vloei van inligting is dat die laasgenoemde grondwetlike beskerming geniet in die vorm van artikel 16 terwyl regsprofessionele privilegie 'n gemeenregtelike beginsel is.

Regspraak wat die absolute noodsaaklikheid en belang van media vryheid en ook die openbare belang daarby beklemtoon, kom vry

---

<sup>92</sup> *Parker supra* vn 46.

<sup>93</sup> Khuluse D R SAJHR 1993 p 279.

algemeen voor. In *Government of the Republic of South Africa v Sunday Times' Newspaper*<sup>94</sup> het Joffe R hom soos volg uitgelaat:

*The role of the press in a democratic society cannot be understated. It is in the front line of the battle to maintain democracy. It is the function of the press to ferret out corruption, dishonesty and graft wherever it may occur and to expose the perpetrators. The press must reveal mal- and inept administration. It must also contribute to the exchange of ideas already alluded to. It must advance communication between the governed and those who govern. The press must act as the watchdog of the governed.*

Hefer AR het hierdie belang van die media soos volg beskryf in *National Media v Bogoshi*:<sup>95</sup>

*... it is the right, and indeed a vital function, of the press to make available to the community information and criticism about every aspect of public, political, social and economic activity and thus to contribute to the formation of public opinion ... The press and the rest of the media provide the means by which useful, and somitimes vital, information about the daily affairs of the nation is conveyed to its citizens – from the highest to the lowest ranks.*

As die reg so 'n aansienlike premie op die prokureur-klient verhouding plaas, is daar dan nie dwingende redes om ook die media-publiek verhouding te erken en te koester nie? Die media is, per slot van rekening, die meerderheid van die bevolking se enigste bron van inligting. Benewens regspraak en die gemenerereg, word 'n

---

<sup>94</sup> Vn11 *supra* p 227 l.

<sup>95</sup> 1998 (4) SA 1196 p 1209 l.

vrye pers ook in artikel 16 (1) van die Grondwet gewaarborg. Daar kan dus geredelik afgelei word dat die publiek 'n wesenlike belang by 'n vrye pers het.<sup>96</sup> Met hierdie belang van die publiek in gedagte, kan daar geredelik afgelei word dat die publiek ook 'n belang het by die onbelemmerde toegang van joernaliste tot bronne waartoe die algemene publiek nie toegang het nie. Van Niekerk<sup>97</sup> is van mening dat dit, sonder 'n verbeeldingsvlug, noodwendig dan volg dat die publiek 'n direkte en grondige belang het in die media se vermoë om daardie kanale van inligting oop te hou, en 'n integrale deel van daardie kanale is juis die fidusiêre verhouding tussen joernalis en bron.

Die joernalis-bron verhouding kan egter nie gelykgestel word aan die prokureur-kliënt verhouding nie. Waar die prokureur inligting van 'n kliënt kry, rus daar n verpligting op die prokureur om die inligting geheim te hou. Die joernalis daarenteen samel inligting in juis met die doel om dit te publiseer. 'n Verdere en waarskynlik belangriker rede is dat inligting wat deur 'n regsprofessionele privilegie beskerm word slegs aan die prokureur en die kliënt self bekend is. Wanneer 'n joernalistieke privilegie ter sprake kom, sal 'n wesenlike gedeelte van die tersaaklike inligting reeds gepubliseer wees. Meestal sal die bron van daardie inligting die enigste gedeelte daarvan wees wat nie publieke kennis is nie.

*Prima facie* blyk daar egter steeds nie veel verskille te wees tussen die regverdigingsgronde vir regsprofessionele privilegie en 'n joernalistieke privilegie nie. Die deurslaggewende faktor vir beide bly steeds die openbare belang. Desnieteenstaande was daar tot op

---

<sup>96</sup> Vir 'n bespreking van die rol van die media in 'n demokratiese samelewing sien Hoofstuk 2.

<sup>97</sup> Vn vn 60 *supra*.

hede nie 'n enkele suksesvolle beroep op 'n joernalistieke privilegie gewees nie.

Soos reeds genoem, bepaal die etiek van die joernalistiek egter dat 'n bron se identiteit nie geopenbaar mag word nie - 'n beginsel wat enige joernalis wat sy of haar sout werd is tot die uiterste in stand sal hou. Etiek is egter nie 'n voldoende verskoning om inligting van die hof te weerhou nie.<sup>98</sup> As troosprijs word etiek en professionele beginsels darem in ag geneem by vonnisoplegging.<sup>99</sup>

Sommige skrywers is egter van mening dat die bewoording van artikel 205 'n diskresie aan die hof gee om wel in gepaste gevalle 'n joernalistieke privilegie te erken.<sup>100</sup> Tegnies gesproke kan dit uitgelê word om diskresionêre bevoegdhede aan die hof te verleen, maar soos uit die volgende paar bladsye sal blyk, wil dit voorkom of daar in praktyk telkens terugval word op die gemeenregtelike posisie van *Pogrund*,<sup>101</sup> *Parker*<sup>102</sup> en *Matisson*<sup>103</sup> wanneer die beskerming van vertroulike bronne ter sprake kom. Wat wetgewing voorts betref, het joernaliste verreweg die kortste looitjie getrek.

---

<sup>98</sup> *Pogrund* vn 32 *supra*; *Parker* vn 46 *supra*; *Matisson* vn 32 *supra*; Sien verder bespreking rakende artikel 189 van Wet 51 van 1977 by 3 § 4 *infra*.

<sup>99</sup> In *Matisson* het Rose Innes R op p 631 H gesê dat *Although a journalist has no greater privilege than any other person entitling him to refuse to assist in a criminal investigation... these circumstances are mitigating...*

<sup>100</sup> Burchell (1998) p 8 en Van Rooyen 1995 SAJHR Vol 11 p 132.

<sup>101</sup> Vn 32 *supra*.

<sup>102</sup> Vn 46 *supra*.

<sup>103</sup> Vn 32 *supra*.



### 3 § 3 Artikel 205 van die Strafproseswet 51 van 1977

Artikel 205 is die prosesregtelike instrument om getuies, gewillig of nié, voor die hof te bring. Artikel 205, soos gewysig,<sup>104</sup> lees soos volg:

- (1) *'n Regter van die hooggeregshof, 'n streeklanddros of 'n landdros kan, behoudens die bepalings van subartikel (4), op versoek van 'n prokureur-generaal of 'n staatsaanklaer skriftelik deur die prokureur-generaal daartoe gemagtig, iemand wat waarskynlik wesenlike of tersaaklike inligting betreffende 'n beweerde misdryf kan verstrek, hetsy dit bekend is deur wie die misdryf gepleeg is of nie, aansê om voor hom of enige ander regter, streeklanddros of landdros te verskyn vir ondervraging deur die prokureur-generaal of die staatsaanklaer skriftelik deur die prokureur-generaal daartoe gemagtig: Met dien verstande dat indien so iemand daardie inligting voor die datum waarop hy aangesê is om voor 'n regter, streeklanddros of landdros te verskyn, tot bevrediging van die betrokke prokureur-generaal of staatsaanklaer verskaf, hy onder geen verdere verpligting is om voor 'n regter, streeklanddros of landdros te verskyn nie.*
- (2) *Die bepalings van artikels 162 tot en met 165, 179 tot en met 181, 187 tot en met 189, 191 en 204 is mutatis mutandis van toepassing met betrekking tot die verrigtinge ingevolge subartikel (1).*
- (3) *Die ondervraging van iemand ingevolge subartikel (1) kan privaat geskied op 'n plek deur die regter, streeklanddros of landdros aangewys.*
- (4) *'n Persoon wat ingevolge subartikel (1) aangesê is om voor 'n regter, streeklanddros of landdros vir ondervraging te verskyn, en wat weier of versuim om die inligting in*

---

<sup>104</sup> Algemene Regswysigingswet 204 van 1993.

*subartikel (1) beoog, te verstrek, word nie tot gevangenisstraf soos beoog in artikel 189 gevonniss tensy die betrokke regter, streeklanddros of landdros, na gelang van die geval, ook van oordeel is dat die verskaffing van sodanige inligting noodsaaklik is vir die regspleging of vir die handhawing van wet en orde.*

Artikel 205 is gee duidelik aan die vervolging bevoegdheids om ernstig inbreuk te maak op die vryheid van die individu. In *Laurence v Verhoef NNO*<sup>105</sup> het die hof by monde van Van Schalkwyk R gemaak om versigtigheid by die gebruik van die prosedure deur te sê dat die effek van artikel 205 is om 'n persoon te dwing om openbarings te maak wat hy of sy gemeenregtelik nie hoef te doen nie. Met die uitleg van die artikel moet die hof seker maak dat hy so min as moontlik op die vryheid van die individu inbreuk maak.<sup>106</sup>

Die Steyn-kommissie van ondersoek wat in 1986 'n breedvoerige studie van die massa media onderneem het, het die volgende oor artikel 205 te sê gehad: *Daar is egter 'n besliste vereiste dat die artikel 205-prosedure slegs na deeglike oorweging in ernstige en verdienstelike omstandighede gebruik word.*<sup>107</sup>

Daar blyk dus eenstemmigheid te wees oor die feit dat die artikel 205 prosedure nie ligtelik opgeneem moet word nie. Desnieteenstaande kom daar wel gevalle voor waar veral laer hove die artikel waninterpreteer.

### **3 § 3 § 1 Uitleg van arttikel 205**

---

<sup>105</sup> 1993 (2) SA 328 (W).

<sup>106</sup> *Ibid* p 333 A.

<sup>107</sup> Steyn-kommissie verslag vol III p 1056.

Artikel 205 vereis die daarstel van sekere jurisdiksionele feite deur die Staatsaanklaer naamlik:

1. 'n Beweerde misdryf;
2. Feite of feitelike bewerings wat aandui dat die beoogde getuie waarskynlik wesentliche of tersaaklike inligting betreffende die beweerde misdryf kan verstrek; en
3. 'n Versoek van die Prokureur-Generaal of staatsaanklaer dat die regterlike beampte die beoogde getuie moet aansê om vir ondervraging deur die staatsaanklaer voor 'n regter of landdros te verskyn.

Indien bevind word dat sodanige jurisdiksionele feite aanwesig is, verleen artikel 205 aan die regterlike beampte wat so 'n versoek ontvang het 'n diskresionêre mag om die getuiedagvaarding in terme van artikel 205 uit te reik. Dit blyk uit die taalgebruik van die wet. Die artikel bepaal dat die regterlike beampte iemand *kan* aansê om te verskyn, wat duidelik nie gebiedende taal is nie. In *S v Cornelissen; Cornelissen v Zeelie NO*<sup>108</sup> het Stegman R die volgende te sê gehad betreffende die diskresionêre mag van die betrokke regterlike amptenaar:

*In die samehang van artikel 205(1) beteken dit dat 'n landdros nie 'n bevel ingevolge die artikel mag uitreik bloot omrede die Staatsaanklaer die jurisdiksionele feite genoegsaam daargestel het en so 'n bevel aangevra het nie. Inteendeel, moet die landdros die uitoefening van sy diskresie benader op die grondslag dat daar nie met die vryheid van die beoogde getuie ingemeng behoort te word nie ... tensy daar, benewens die jurisdiksionele feite, 'n goeie rede daarvoor bestaan:*

---

<sup>108</sup> Vn 24 *supra*.

*byvoorbeeld, dat dit redelike nodig is, in die openbare belang, vir die behoorlike voortsetting van die regspleging.*<sup>109</sup>

Wat die daarstelling van die jurisdiksionele feite betref, het die Regter onder andere die volgende opmerkings gemaak:

1. Artikel 205 beoog nie 'n verhoor oor die vraag of die feite bestaan of nie. Die wetgewer het nie bepaal dat die Staatsaanklaer die bestaan van die feite bo redelike twyfel of op 'n oorwig van waarskynlikheid moet bewys nie.
2. Die beslissing ingevolge artikel 205 tas wel die beoogde getuie se regte aan, maar die getuie hoef nie daarvoor ingelig te word nie. Geen voorafkennisgewing aan die beoogde getuie is dus nodig nie.
3. Die regterlike beampte self moet die aard en omvang van die bewys van die jurisdiksionele feite bepaal.
4. Dit is nie nodig om die bewerings oor die beweerde misdryf volledig in die klagstaat uiteen te sit nie. Die uiteensetting moet egter volledig genoeg wees sodat die regterlike beampte sy diskresie behoorlik kan uitoefen. Die regterlike beampte moet die beweerde misdryf behoorlik aan die beoogde getuie kan verduidelik.
5. Wat die feite of feitlike bewerings (wat aandui dat die beoogde getuie waarskynlik wesenlike of tersaaklike inligting kan verstrek) betref, moet die regterlike beampte 'n gesonde of behoorlike oordeel uitoefen. Die beampte self moet die bewysmaatstaf van die jurisdiksionele feite bepaal.<sup>110</sup>

---

<sup>109</sup> *Ibid* p 62b.

<sup>110</sup> *Ibid* pp 59a – 60g.

Ook in *Matisonn*<sup>111</sup> het die hof hom uitgespreek oor die regterlike diskresie in terme van artikel 205.

*It is clear, in my opinion, that s 205 requires that the magistrate who authorizes the issue of a subpoena requiring the attendance before him or another magistrate of a person for examination by the public prosecutor, should exercise a proper discretion or judgement in deciding whether or not the holding of such enquiry is justified.*

Dit is dus duidelik dat die regterlike beampte nie tot blote werktuig van die vervolging gerelegeer word in die uitoefening van sy diskresie in terme van artikel 205 nie, maar dat hy of sy ook die meriete van die saak in ag moet neem voordat die potensiële joernalis-getuie gedagvaar kan word.

Regspraak rakende artikel 205 en die joernalis-getuie is taamlik volop. 'n Geselekteerde aantal sake sal voorts in kronologiese volgorde hanteer word om die ontwikkeling, of eerder die gebrek daaraan, te weerspieël.

### **3 § 3 § 2 *Laurence v Verhoef and Others NNO (1993)***<sup>112</sup>

Op 12 Februarie 1990 het die applikant, 'n senior verslaggewer by *The Star*, 'n berig gepubliseer oor die vermeende ontvoering of verdwyning van ene Gabriel Mekgwe. Mekgwe was bestem om namens die staat te getuig in 'n opspraakwekkende verhoor wat bekend geword het as die Winnie Mandela-verhoor. Dit was alombekend dat Mekgwe getwyfel het oor die vraag of hy moet getuig

---

<sup>111</sup> 1980 (2) SA 619 (CPD).

<sup>112</sup> Vn 105 *supra*.

of nie as gevolg van sy lojaliteit teenoor die ANC. In die berig is beweer dat Mekgwe die Metodiste-pastorie in Soweto vrywillig saam met drie ander lede van die *African National Congress* (ANC) verlaat het. Benewens die terugslag van Mekgwe se verdwyning vir die staat, het twee ander getuies geweier om te getuig indien Mekgwe self nie sou getuig het nie.

Die staat het 'n artikel 205 dagvaarding op die applikant beteken wat hom verplig het om die bron van sy inligting bloot te lê. Die beëdigde verklaring op sterkte waarvan die dagvaarding uitgereik is, is afgelê deur die ondersoek-beampte in die Winnie Mandela-verhoor. Dit het onder andere genoem dat 'n saak van ontvoering wel ondersoek word en dat Mekgwe uiters dringend opgespoor moes word sodat hy en sy mede-getuies in die Mandela-verhoor kon getuig. Laurence het geweier op grond daarvan dat die inligting vertroulik aan hom gegee is. Die weiering het hom 'n vonnis van 10 dae tronkstraf in die sak gebring. Op appèl is die skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel omrede beide die eerste en tweede respondent (beide landdroste) nie hul diskresie in terme van artikel 205 behoorlik uitgeoefen het nie. Die argument aangevoer namens Laurence was dat die dagvaarding nie slegs gemik was daarop om die bron van Laurence se inligting te openbaar soos dit voorgegee het nie, maar hoofsaaklik om 'n staatsgetuie in die Winnie Mandela-verhoor voor die hof te bring.<sup>113</sup> Indien 'n aanklaer dus 'n artikel 205 dagvaarding aanvra en verkry wat bestem is vir ander redes as spesifiek deur artikel 205 genoem, is die dagvaarding self ongeldig en die daaropvolgende afdwinging daarvan *ultra vires*.<sup>114</sup>

---

<sup>113</sup> *Ibid* pp 335B – 335H.

<sup>114</sup> Van Rooyen SAJHR 1995 Vol 11 p 132 p 134.

Van Rooyen<sup>115</sup> is van mening dat, hoewel *Laurence v Verhoef* nie beslis is op sterkte van Laurence se pligte as joernalis nie, dit ten minste 'n waarskuwing uitgestuur het teen die lukrake gebruik van artikel 205, en daardeur bygedra het tot die beskerming van joernaliste.

### **3 § 3 § 3 S v *Cornelissen; Cornelissen v Zeelie NO*<sup>116</sup> (1994)**

In 1993 is Andries Stephanus Cornelissen, 'n joernalis in diens van *Beeld*, tot 'n skokkende een jaar gevangenisstraf gevonnissen weens sy weiering om vrae rakende 'n berig waarvan hy die outeur was te beantwoord. Die belangrikheid van die uitspraak in terme van artikel 205 regverdig 'n kort bespreking van die feite.

Op 26 Mei 1993 het Cornelissen 'n vergadering van die *South African Students Congress* (SASCO) en die *African National Congress* (ANC) se jeugliga op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand bygewoon in sy hoedanigheid as joernalis ten einde daarvoor verslag te doen. Tydens die vergadering het die leier van die ANC-jeugliga, Peter Mokaba, die gehoor van ongeveer een duisend in dreunsang gelei met die kontroversiële slagspreuk *Kill the boer, kill the farmer*. Cornelissen se berig rakende die vergadering het op 27 Mei onder sy naam met die opskrif *Mokaba herhaal gewraakte slagspreuk by Wits* in *Beeld* verskyn.

Die berig het die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) se aandag getrek wat besluit het om ondersoek in te stel na die moontlike vervolging van Mokaba. Die ondersoekbeampte het Cornelissen om 'n getuieverklaring genader maar die beleid by *Beeld* was dat joernaliste

---

<sup>115</sup> *Ibid.*

<sup>116</sup> Vn 24 *supra*.

nie verklarings aflê nie. Cornelissen het aldus geweier om die verklaring af te lê maar was wel bereid om sy berig te beëdig as sou dit 'n ware weergawe van die gebeure wees. Die Staatsaanklaer het 'n artkel 205(1) getuiedagvaarding teen Cornelissen aangevra wat toegestaan is en waaraan Cornelissen voldoen het deur op 19 Julie voor 'n landdros te verskyn. Hy het hom tydens die verrigtinge weer eens bereid verklaar om die berig te beëdig, maar het steeds geweier om vrae oor die betrokke voorval te beantwoord waarna hy tot 12 maande gevangenisstraf gevonniss is in terme van artikel 189 van die Strafproseswet.<sup>117</sup>

Dit is belangrik om daarop te let dat Cornelissen hom nie op 'n regsprivilegie vir lede van die media beroep het nie. Schabort R het dit dan ook uitdruklik gestel dat die Suid-Afrikaanse reg geen sodanige privilegie erken nie.<sup>118</sup>

Die gronde van appèl was soos volg:

- 1) dat die hof gefouteer het deur te bevind dat die appellant nie 'n voldoende verskoning gehad het om nie te getuig nie;
- 2) dat die hof fouteer het deur te bevind dat daar nie genoegsame getuienis voor die hof was om die appellant van sy bewyslas te kwyts te maak nie;
- 3) dat die hof fouteer het deur geen of nie genoegsame gewig aan die feit te heg dat daar geen getuienis deur die Staat aangebied is nie;

---

<sup>117</sup> Vir 'n volledige bespreking van artikel 189 sien 3 § 4 *infra*.

<sup>118</sup> Vn 24 *supra* p 51e en f.



- 4) dat die hof fouteer het deur te bevind dat die getuienis wat deur die appellant aangebied is, vaag en spekulatief is...<sup>119</sup>

Cornelissen het aangevoer “dat die Staat artikel 205... misbruik het deur dit aan te wend waar behoorlike polisie-ondersoek dit onnodig sou gemaak het”, en het die dagvaarding as ‘n “blote visvang-ekspedisie” bestempel.<sup>120</sup> Hy het voorts as verskoning aangebied dat sy onderwerping aan ondervraging ernstig teen die openbare belang ingedruis het. Cornelissen het aangevoer dat die hof, deur te bevind dat hy nie ‘n voldoende verskoning gehad het om nie te getuig nie, nie die belang van die gemeenskap in doeltreffende, onbelemmerde en ongeïnhibeerde nuusdekking behoorlik in ag geneem het nie.

Die hof het Cornelissen gelyk gegee. In sy uitspraak het die Regter gesê:

*Die tweede respondent het by sy beoordeling van die vraag of die appellant 'n voldoende verskoning vir sy weiering om hom aan ondervraging te onderwerp gehad het, geen oorweging aan die gemeenskap se belang, soos hierbo na verwys, gegee nie. Indien dit gedoen was, sou dit myns insiens duidelik geblyk het dat hierdie 'n geval was waar...dit nie 'n bewese noodsaaklikheid vir die welsyn van die gemeenskap was dat die inligting juis van die appellant geverg moes word nie, terwyl die potensiële openbare voordeel daarvan om hom aan die ondervraging te onderwerp, nie teen die potensiële openbare nadeel daarvan opgeweeg het (sic) nie. Wanneer dít gesê word, word nie bedoel om afbreuk te doen aan die erns van die beweerde misdryf of die wesensbelang van die*

---

<sup>119</sup> *Ibid* p 50 i.

<sup>120</sup> *Ibid* p 51 a en b.

*gemeenskap by die strafregspiegling en die handhawing van wet en orde nie. Volgens my begrip van art 189, moet die toepassing daarvan egter binne die volle bestek van openbare belang geskied en is dit wanneer dít gedoen word, dat die appellant se weiering in die omstandighede van hierdie saak, 'n voldoende verskoning uitmaak. Die appellant het nie sy plig teenoor die gemeenskap probeer ontduik nie. Hy het deur sy weiering sy plig teenoor die gemeenskap nagekom. Daarenteen het die Staat deur die bogemelde wyse waarop en omstandighede waaronder hy die appellant vir ondervraging betrek het, met negering van die gemeenskap se gewigtige belang by die koerantwese en by die appellant se sensitiewe, gevaarlike en belangrike rol as nuusverslaggewer, opgetree.<sup>121</sup>*

Stegmann R se uitspraak het onder andere ook die optrede van die ondersoekbeampte gekritiseer.<sup>122</sup>

Die belang van die Cornelissen-uitspraak in die konteks van joernalistieke getuienislewering is onmisbaar. Daar kan geargumenteer word dat die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling met hierdie uitspraak, effektief die joernalis die laaste uitweg vir die vervolging gemaak het. Die hof se kritiek teen die wyse waarop die

---

<sup>121</sup> *Ibid* pp 56 l – 57 d.

<sup>122</sup> *Ibid* p 85 h – 86 c 'n Mens sou byvoorbeeld verwag het dat sersant Bothma uit die koerantberig sou verneem het dat veiligheids-personeel van die universiteit die vergadering bygewoon het en stappe gedoen het om orde te handhaaf; dat sersant Bothma die universities-owerhede sou genader het om die betrokke lede van die veiligheids-personeel uit te ken; en dat hy by hulle verklarings oor die optrede van mnr Mokaba sou verkry het. Mens sou verder verwag het dat, op sterkte van die inligting in die koerantberig, sersant Bothma die Wits/Vaal-vredeskommitee sou genader het vir die name van sy lede wat by die vrgadering sake dopgehou het, en dat hy by daardie getuies verklarings oor die optrede van mnr Mokaba sou bekom het... Daar was geen aanduiding dat sersant Bothma, sersant Human of enige ander lid van die ondersoekspan, enige poging aangewend het om sulke stappe te doen. Om redes wat glad nie duidelik is nie wil dit voorkom dat sersant Bothma, wat reeds die appellant se inligting in die koerantberig voor hom gehad het, net 'n verklaring van die appellant wou gehad het, en geen ander verklarings nie. Watter bykomende inligting, benewens dit wat reeds in die berig verskyn het, sersant Bothma verwag het om by die appellant te bekom, weet nugter.

ondersoek gedoen is asook die feit dat die hof verklaar het dat die voorsittende beampte sy diskresie ingevolge artikel 205(1) behoorlik moet uitoefen en nie tot blote werktuig van die Staat gereleger moet word nie, regverdig die afleiding dat die joernalis as laaste uitweg deur die owerhede gedagvaar moet word.<sup>123</sup> Dit was 'n stap in die regte rigting vir 'n waarlik vrye pers.

### **3 § 3 § 4 Die Staggie moord (1996)**

Rashaad Staggie was vir jare een van die mees bekende persone op die Kaapse Vlakte. Hoewel Staggie blykbaar opheffings- en informele welsynswerk in hierdie verarmde gemeenskap gedoen het was hy ook aan die veiligheidsdienste bekend as 'n genadelose bendeleier. Op Sondag 4 Augustus 1996 het *People Against Gangsterism and Drugs* (PAGAD), 'n gemeenskapsgebaseerde groep, 'n optog na Staggie se huis in Londonweg, Soutrivier gehou. Staggie het die groep gekonfronteer waarop hy uit sy motor geruk, verskeie kere met vuurwapens gewond en aan die brand gesteek is. Die hele gewelddadige sage het hom afgespeel voor die oë van 'n paar dosyn polisiebeamptes en joernaliste wat die optog gemonitor het. Onder die joernaliste was 'n fotograaf van die *Cape Times*, Benny Gool wat, soos ander fotografe van koerante en die SABC, die gebeure op film vasgelê het. Gool se foto's het die volgende dag op die voorblad van die *Cape Times* gepryk. Die etiek en sensitiwiteit van sodanige foto's op 'n dagblad se voorblad is natuurlik debatteerbaar, veral in die lig van die riglyne gestel deur etiese kodes vir joernaliste soos hierbo genoem.<sup>124</sup> Ryland Fisher, voormalige redakteur van die *Cape Times*,

---

<sup>123</sup> Sien par 3 § 3 § 6 *infra*.

<sup>124</sup> Sien byvoorbeeld die Persombudsman se *Press Code of Professional Conduct* wat in artikel 8 bepaal: *Violence – Due care and responsibility shall be exercised by the press with regard to the presentation of brutality, violence and atrocities* en die SABC se *Editorial*

het ook erken dat die publikasie van die foto's moontlik nie 'n wyse besluit was nie:

*We deliberated as long as one can deliberate on deadline on a late-breaking story and decided to be bold. We published, on our front page, Benny Gool's gruesome pictures of Staggie's fiery last moments. To this day, we are still debating whether we made the correct decisions that night. Should we have reflected reality in such a graphic way or should we have been more cognisant of our readers' sensitivities?*<sup>125</sup>

Die moord op Staggie en die wye dekking wat dit in die media ontvang het was die vonk in die spreekwoordelike artikel 205 kruitvat. Mnr Frank Kahn, voormalige Prokureur-Generaal van die Wes Kaap, het dagvaardings uitgereik aan drie Kaapstadse dagblaaie, verskeie skrywers, joernaliste en nuusagentskappe. Die dagvaardings was nie gemik op die onthulling van bronne nie, maar wel die oorhandiging van dokumente, films, videobande en ander bewysmateriaal. Die meerderheid van die instansies en persone het volstrek geweier om die materiaal te oorhandig. Gool het op regsadvies geweier om te getuig omrede hy vir sy eie veiligheid en die van sy gesin, gevrees het (staatsgetuies is inderdaad op daardie stadium van die verhoor reeds vermoor). Die weiering het die aandag oor 'n breë front getrek, onder andere van joernaliste, regsgeleerdes en nie-regeringsorganisasies. Na aanleiding van die Prokureur-Generaal se dagvaarding en waarskuwings rakende Gool se weiering om te getuig het die *Freedom of Expression Institute* (FXI) die volgende verklaring uitgereik: *In die lig van die gevolge wat sy getuienis vir hom as*

---

*Code - We shall take due care and be sensitive in the presentation of brutality, violence, atrocities and personal grief.*

<sup>125</sup> Rhodes Journalism Review Issue 17 March 1999. Beskikbaar by [http://www.rjr.ru.ac.za/rjr17/section\\_205.php](http://www.rjr.ru.ac.za/rjr17/section_205.php) (Besoek op 28 Februarie 2004).

*joernalis en vir sy eie veiligheid as landsburger kan hê, is die FXI uiters bekommerd oor die DOV se opmerkings dat Gool vir twee jaar tronk toe gestuur kan word as hy weier om te getuig.*<sup>126</sup>

Dit is interessant om daarop te let dat al die dagvaardings se bewoording presies dieselfde was. Dit neem egter nie 'n bogemiddelde intelligensie om te weet dat koerante nie video-opnames maak nie. Eweneens neem die SABC nie stilfoto's nie aangesien dit 'n *televiesiediens* is. Die Prokureur-Generaal moes ook bewus wees van die feit dat twee van *Die Burger* se joernaliste, wat ook in dieselfde *groepdagvaarding* ingesluit is, tydens die optog beseer en gehospitaliseer is lank voordat Staggie vermoor is. Fisher se afleiding, dat die dagvaardings niks meer as 'n visvangekspedisie deur die Prokureur-Generaal was nie,<sup>127</sup> is 'n baie logiese een met heelwat meriete.

### **3 § 3 § 5 Die South African National Editors' Forum (SANEF) se verstandhouding met die regering (1999)**

Een van die belangrikste ontwikkelings, myns insiens, tot op hede op die gebied van 'n joernalistieke privilegie is die South African National Editors' Forum (SANEF) se verstandhouding (*record of understanding*) met die vervolgingsgesag. Die belang van hierdie dokument lê daarin dat dit die eerste formele poging in die Suid-Afrikaanse regspleging is om 'n mate van beskerming te verleen aan joernaliste wat die identiteit van 'n vertroulike bron probeer beskerm.

---

<sup>126</sup> Beeld 16 Mei 2001.

<sup>127</sup> Vn 125 *supra*.

SANEF is in Oktober 1996 in Kaapstad gestig op 'n vergadering van die *Black Editors' Forum*, die *Conference of Editors* en verskeie senior opvoeders van joernaliste. As doelstelling streef SANEF daarna om die kwaliteit en etiek van joernalistiek te verbeter en streef vryheid van uitdrukking na.<sup>128</sup>

Op 19 Februarie 1999 het SANEF 'n sogenaamde *record of understanding* (hierna genoem *die verstandhouding*) met onderskeidelik die Minister van Justisie, die Minister van Veiligheid en Sekuriteit en die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging gesluit met betrekking tot die dagvaarding van lede van die media om getuienislewering in sake wat voor die hof dien. Die verstandhouding erken die algemeen aanvaarde bewysregtelike beginsel dat dit die plig van elke landsburger is om getuienis te lewer rakende sy of haar kennis van 'n beweerde misdryf, sou die hof dit verlang. Die partye tot die verstandhouding erken ook dat die media in 'n demokratiese samelewing nie slegs die reg het nie, maar ook die *verpligting* om nuuswaardige inligting in te samel en te dissemineer. In gepaste omstandighede sal dit dan nodig wees vir lede van die media om bronne wat verkies om annoniem te bly te beskerm. Die verstandhouding stel nie 'n formele privilegie daar nie, maar poog eerder om 'n proses daar te stel wat die uitwerking sal hê dat joernaliste slegs as laaste uitweg gedagvaar sal word om te getuig. Die relevante gedeelte van die verstandhouding lees soos volg:

#### 4. INTERIM ARRANGEMENT

*... the Minister of Justice, the Minister of Safety and Security and the National Director are prepared to accommodate the concerns of the press and the media by implementing the*

---

<sup>128</sup> [http://www.sanef.org.za/about\\_sanef/](http://www.sanef.org.za/about_sanef/) (Besook op 24 Februarie 2004).

*following procedures to be applicable when a subpoena is caused to be issued by the State in respect of the press and the media:*

- 4.1 When the prosecuting authority or an official under the authority of the Minister of Safety and Security wishes to compel a member of the press or the media to testify or deliver documents in relation to information obtained by that person for the purpose of publication in the press or the media, the matter shall at the request of the member of the press or the media be referred to the National Director of Public Prosecutions for consideration.*
  
- 4.2 The National Director shall afford the person referred to in paragraph 4.1 or his or her representative and any other interested party the opportunity to make representations to the National Director and the National Director may initiate a process of mediation and negotiation between all the relevant stakeholders in an attempt to resolve a particular dispute or disputes in an attempt to avoid legal proceedings in respect of the issue of testifying or delivering of documents.*
  
- 4.3 After the process referred to in paragraph 4.2 above, the National Director undertakes to make a determination with regard to the issuing of the subpoena by weighing the need to uphold the maintenance of law and order and the administration of justice against the right of freedom of expression and freedom of the press and the media.*

Hierdie verstandhouding het nie gepoog om 'n privilegie vir joernaliste te vestig nie, maar eerder om 'n proses daar te stel wat die hof se uitspraak in *Cornelissen* hierbo sou weerspieël, naamlik dat die

joernalis slegs as laaste uitweg gedagvaar moet word nadat alle ander opsies oorweeg is. Dit is dus 'n poging om lede van die media te beskerm teen onnodige dagvaardings. Dit is inderdaad 'n prysenswaardige gedagte, maar die probleem is egter dat die howe nie noodwendig joernaliste se inligting as *laaste* uitweg beskou nie, eerder as die *eerste*. Die hof het dit ook in soveel woorde erken in die opspraakwekkende gebeure rondom die Hefer Kommissie van ondersoek.

### **3 § 3 § 6 Ranjeni Munusamy v JJF Hefer NO and Others (Case No 3637/2003) Orange Free State Provincial Division<sup>129</sup>**

Op 19 September 2003 het die President Die Hefer Kommissie van Ondersoek in terme van die bepalings van die Kommissiewet<sup>130</sup> in die lewe geroep om bewerings te ondersoek dat die nasionale direkteur van openbare vervolging, Mnr Bulelani Ngcuka, in die 1980's deur die ANC ondersoek is as sou hy 'n spioen vir die voormalige regering was. 'n Joernalis verbonde aan die *Sunday Times*, Ranjeni Munusamy, is deur 'n vertroulike bron genader met dokumente en inligting rakende die beweerde ondersoek na Ngcuka. Die *Sunday Times* het egter geweier om die berig te publiseer. Munsamy het die berig aan *City Press*, 'n mededinger van die *Sunday Times*, aangebied wat dit wel gepubliseer het. Munusamy is op 2 Oktober 2003 gedagvaar om getuienis voor die kommissie af te lê betreffende haar berig. Munusamy het op 16 Oktober verskyn en het gevra om 'n bevel wat haar verskoon van getuienislewering. Hefer R, die voorsitter van die kommissie, het die aansoek in 'n kort *ex tempore* uitspraak van die hand gewys.

---

<sup>129</sup> Ongerapporteerde beslissing saaknr 3637/2003 (Vrystaatse Provinsiale Afdeling).

<sup>130</sup> Wet 8 van 1947.



Munusamy se weiering om te getuig het weer eens steun uit verskeie oorde ontvang. SANEF, die *Freedom of Expression Institute* (FXI) en die *Media Institute of Southern Africa* (MISA) het in 'n gesamentlike verklaring gesê: “*The three organisations strongly support Munusamy in her refusal not only because testimony by her would place the identities of her confidential sources at risk, but because it endangers a cardinal constitutional principle protecting freedom of the media.*”<sup>131</sup>

Die kommissie het ook die redakteur van die *Sunday Times*, Mathatha Tsedu, en 'n joernalis van *City Press*, Elias Maluleke, “uitgenooi” om te verskyn en geuienis af te lê. Beide het die “uitnodiging” van die hand gewys. Die gevaarligte het egter begin flikker toe John Bacon, die kommissie sekretaris, gesê het dat Maluleke gedagvaar sou word indien hy nie vrywillig sou verskyn nie.<sup>132</sup>

Indien hierdie gebeure in die lig van SANEF se verstandhouding gesien word moet daar gekyk word na Malherbe R en Lombard R se uitspraak in Munusamy se mosie aansoek in die Vrystaatse Provinsiale Afdeling. Die hof het gesê dat, aangesien Munusamy die berig aan *City Press* gelek het, sy die effektiewe oorsaak van die gebeure was wat tot die stigting van die kommissie gelei het. Sy kon daarom gesien word as die primêre bron van inligting. Die regters het gesê dat *[t]he obvious place to start is where the story begins*. Die hof het op hierdie punt egter, met respek, gefouteer. Munusamy was nie die bron van die debakel nie. Gerugte dat Ngcuka ondersoek word het reeds vir 'n geruime tydperk die rondte gedoen teen die tyd wat Munusamy se berig verskyn het.

---

<sup>131</sup> [http://www.news24.com/News24/South\\_Africa/News/0,,2-7-1442\\_1427420,00.html](http://www.news24.com/News24/South_Africa/News/0,,2-7-1442_1427420,00.html) (Besoek op 18 Oktober 2003).

<sup>132</sup> <http://www.ifex.org/en/content/view/full/55463> (Besoek op 24 Februarie 2004).

'n Verdere kwessie wat die hof aangeraak het is Munusamy se aansoek om slegs te getuig nadat die kommissie alle ander getuienis ingewin het. Ter ondersteuning het sy op die uitspraak in *Cornelissen*<sup>133</sup> gesteun. Malherbe R het die aansoek verwerp deur te sê dat hy geen duidelike aanduiding in *Cornelissen* kon vind dat joernaliste slegs as laaste uitweg gedagvaar behoort te word nie. Die hof het egter wel op die feite beslis dat Cornelissen se getuienis nie nodig was vir die regspleging of die handhawing van wet en orde nie aangesien die Polisie versuim het om ander potensiële getuies, wat geredelik opgespoor kon word, te ondervra. Dit is egter juis wat Munusamy wou bereik. Die kommissie het reeds ander getuies gedagvaar welke getuies geredelik opgespoor kon word.

Hoewel Munusamy se metodes agterdogwekkend mag wees en ongeag kritiek teenoor die etiek van haar optrede vanaf 'n gerespekteerde akademikus binne die media,<sup>134</sup> het die dagvaarding 'n belangrike tekort binne die Suid-Afrikaanse reg ontbloot. Die howe beskou steeds die media as bron van getuienis eerder as waardevolle teenwig teen magsmisbruik en geleibuis van inligting na die publiek. Die howe maak die boodskapper dood. Met respek, die hof het in hierdie geval met een slag alle positiewe stappe in die rigting van beskerming van joernaliste se bronne die nekslag toegedien. Dit is 'n geregverdigde aanname dat Suid-Afrikaanse howe steeds joernaliste as primêre bron van inligting beskou en dat joernaliste as eerste uitweg gedagvaar word en nie as die laaste nie.

---

<sup>133</sup> Vn 24 *supra*.

<sup>134</sup> Berger G *Can Ranjeni's journalism be trusted* Mail & Guardian 26 Mei 2004.

### **3 § 4 Artikel 189 van Die Strafproseswet 51 van 1977 (Voldoende verskoning)**

Die dominante doel van artikel 189 is om 'n getuie, gewillig of nie, daartoe te beweeg om wel te getuig en relevante inligting voor die hof te plaas, en in die geval van die joernalis-getuie om dan, in sommige gevalle, 'n vertroulike bron se identiteit bekend te maak. Subartikel (1) lui:

*Indien iemand wat by strafregtelike verrigtinge aanwesig is aangesê word om getuienis by daardie verrigtinge af te lê en weier om as getuie ingesweer te word of 'n bevestiging te doen, of, nadat hy as getuie ingesweer is of 'n bevestiging gedoen het, weier om op 'n aan hom gestelde vraag te antwoord of weier of versuim om 'n boek, stuk of dokument waarvan die voorlegging van hom vereis word, voor te lê, kan die hof op 'n summiere wyse na bedoelde weiering of versuim ondersoek instel en, tensy die persoon wat aldus weier of versuim 'n voldoende verskoning vir sy weiering of versuim het, hom vonnis tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar...*

Artikel 189 maak dus voorsiening vir drie kategorieë persone:

1. 'n Persoon wat weier om as getuie ingesweer te word;
2. 'n Persoon wat wel ingesweer is of 'n bevestiging gedoen het, maar weier om 'n vraag aan hom of haar gestel te antwoord; en
3. 'n Persoon wat wel ingesweer is of 'n bevestiging gedoen het maar weier om 'n boek, stuk of dokument waarvan die voorlegging van hom vereis word, voor te lê.

Die enigste omstandighede waaronder 'n getuie inligting van die hof kan weerhou, uitgesluit die gemeenregtelike en statutêre uitsluitingsgronde, is indien die getuie 'n voldoende verskoning (*just excuse*) tot bevrediging van die hof vir sy of haar weiering of versuim het. Dit is egter nie maklik om die hof te oortuig dat 'n verskoning voldoende is nie.<sup>135</sup> Voldoende verskoning word nie in die wet gedefinieer nie wat gelei het tot talle verskillende interpretasies deur die hofe.

### 3 § 4 § 1 Regspraak voor 1991

Aanvanklik is 'n taamlik rigiede benadering gevolg wat aan die getuie min of geen beweegruimte gegee het nie. Artikel 83 (1) van die Strafproseswet 56 van 1955 (wat die ekwivalent van artikel 189 van die Strafproseswet 51 van 1977 is), se voldoende verskoning is deur die hof geïnterpreteer as 'n "*just legal excuse*." Dit het behels dat die verskoning 'n regsgrondslag moes hê, met ander woorde in die bewysregtelike reëls van verpligbaarheid, toelaatbaarheid of privilegie.<sup>136</sup> Indien die verskoning nie binne die kader van hierdie gevestigde regsreëls geval het nie, was dit dus nie 'n voldoende verskoning nie, ongeag wat die moontlike gevolge vir die getuie sou wees.<sup>137</sup>

In 1966 het Rumpff A R in *S v Heyman*<sup>138</sup> die opmerking gemaak dat daar slegs twee voldoende verskonings is, eerstens rakende die getuie se fisiese of psigologiese welstand, en tweedens 'n beroep op die gemeenregtelike of statutêre uitsonderings op die plig van elkeen

<sup>135</sup> Sien byvoorbeeld *S v Waite* 1978 (3) SA 896 (OPD); *S v Carneson* 1962 (3) SA 437 (TPA); *R v Diedericks* 1957 (3) SA 661 (E.D.L.D.).

<sup>136</sup> Khuluse D R. *Just excuse: the undefined concept*. SA Publiekreg 1994 p159.

<sup>137</sup> *R v Mackay* 1964 (3) SA 176 (F.C.).

<sup>138</sup> 1966 (4) SA 508 (A).

om getuienis te lewer, sou die hof dit verlang. Aangesien die joernalis-getuie na gelang van die aard van die getuienis meestal nie self in gevaar verkeer nie, maar eerder die informant se belange wil beskerm, sou daar in daardie geval nie 'n voldoende verskoning wees nie. Die verskoning dat professionele etiek die getuie weerhou om inligting bekend te maak, het die hof tot dusver oënskynlik nie werklik beïndruk nie. In *S v Pogrand*<sup>139</sup> was die beskuldigde 'n joernalis wat op grond van beginsels van professionele etiek geweier het om 'n informant se identiteit bekend te maak. Hill R het in sy uitspraak gesê: “*Such principles ... confer no privilege in law on any journalist.*”

Word voldoende verskoning (*just excuse*) dus gelykgestel aan regsverskoning (*lawful excuse*)? In *S v Weinberg* het Steyn R beslis dat daar moontlik 'n wyer betekenis aan die term voldoende verskoning is:

*It is arguable that this phrase has a wider connotation, comprising more than compellability as a witness or the admissibility of evidence, that a witness may find himself in circumstances, not within the legal limits demarcated by these concepts, in which it would be humanly intolerable to have to testify, and that the legislature could not have intended to exclude such circumstances from the ambit of a just excuse.*<sup>140</sup>

In dieselfde jaar is die saak van *R v Parker*<sup>141</sup> in die voormalige Rhodesië beslis. Parker was 'n joernalis wat op grond van professionele etiek geweier het om die identiteit van 'n bron te openbaar. In antwoord op die vraag na sy weiering het Parker soos volg geantwoord:

---

<sup>139</sup> Vn 32 *supra* p 871A.

<sup>140</sup> 1966 (4) SA 660 (A) p 665H.

<sup>141</sup> 1965 4 SA 47 (SRA).

*My reason for refusing to answer these questions is a basic journalistic ethic. Many journalists receive confidential information from many sources. It is absolutely essential to the trust that a newspaper must have with its readers, if it is to succeed, that these sources remain confidential. There is only one type of instance, I think, in which any journalist would reveal his source of information, and that is if by not doing so he were to further violence or further the subversion of the State... That is all I wish to say.*<sup>142</sup>

In *Parker* het die hof uitdruklik te kenne gegee dat die wetgewer nie 'voldoende' gebruik het, en 'regsgeldig' bedoel het nie. Voldoende verskoning is 'n baie wyer konsep as regsgeldige verskoning.

In *S v Leepile*<sup>143</sup> het Ackermann R gesê Suid-Afrikaanse howe het die vraag, of voldoende verskoning moontlik verder gaan as verpligbaarheid van getuies, toelaatbaarheid van getuienis en privilegie, oopgelos. Na sy kennis was daar geen Suid-Afrikaanse regspraak waar so 'n wye interpretasie met gesag toegepas is nie.<sup>144</sup>

### **3 § 4 § 2 Regspraak sedert 1991**

'n Uiteers belangrike beslissing aangaande artikel 189 se voldoende verskoning het gekom in die 1991 Appèlhof uitspraak van *Attorney-*

<sup>142</sup> *Ibid* p 48G.

<sup>143</sup> 1990 (3) SA 988 (W) pp 995I – 996C.

<sup>144</sup> Die Regter noem as voorbeelde vrees by die getuie dat hy as verraiër beskou sal word by persone met wie se politieke ideale hy saamstem [*S v Govender* 1967 (2) SA 121 (N), *S v Weinberg* 1966 (4) SA 660 (A) en *S v Maduna* 1978 (1) SA 143 (D)]; etieke oortuiginge van joernaliste (*S v Poggrund* (vn 21 *supra*) en *Matisonn v Additional Magistrate Cape Town* (vn 36 *supra*); die feit dat die getuie se verklaring op 'n onregmatige wyse verkry is (*S v Weinberg*); dat die getuie weier op grond van regsadvies of om diepgewortelde politieke of morele oortuigings (*Haysom v Additional Magistrate Cape Town* 1979 (3) SA 155 (C) of blote subjektiewe vrees dat sy of haar (die getuie) se lewe in gevaar verkeer (*Maduna*). Nie een van die bogenoemde verskonings het die hof oortuig dat dit voldoende is nie.

*General, Transvaal v Kader*.<sup>145</sup> Die beskuldigde het aangevoer dat hy deur die polisie in afsondering aangehou en ondervra is wat hom intense emosionele spanning besorg het. Deur te getuig sou hom aan verdere emosionele spanning blootstel wat hom emosionele skade vir die res van sy lewe sou aandoen. Hy het verder gevrees dat hy deur sy gemeenskap verstoot sou word sou hy getuig. Groskopf AR het bevind dat 'n voldoende verskoning nie beperk is tot die normale reëls van verpligbaarheid, toelaatbaarheid en privilegie nie, dus nie slegs *wetlike* verskonings nie. Die hof het klaarblyklik 'n meer toeskietlike benadering begin volg wat aan die getuie meer as net die geykte bewysregtelike verskonings beskikbaar stel.

Die posisie tans is dus dat die voldoende verskoning soos bedoel in artikel 189 nie slegs 'n regsgeldige verskoning gebaseer op die beginsels van toelaatbaarheid, bevoegdheid en privilegie hoef te wees nie.<sup>146</sup> Trouens, enigiets wat dit vir die getuie *humanly intolerable* sal maak om te getuig kan in die gepaste omstandighede as voldoende verskoning geld. Die joernalis-getuie se dilemma bly egter voortbestaan aangesien dit nie noodwendig vir hom- of haarself *humanly intolerable* sal wees om te getuig nie. Die getuie se welstand word nie bedreig nie. Dit is eerder die informant wie se veiligheid of welstand in gedrang is, sou sy of haar identiteit bekend word. Uit die bogenoemde blyk dit dat professionele etiek en vrees vir 'n *informant* se veiligheid nie 'n voldoende verskoning vir die doeleindes van artikel 189 is nie.

Ook die privilegie teen selfinkriminasie<sup>147</sup> stel in die meeste gevalle nie 'n voldoende verskoning daar nie.<sup>148</sup> Bell Dewar & Hall<sup>149</sup> is in elk

---

<sup>145</sup> 1991 (4) SA 727 (A).

<sup>146</sup> *Attorney- General, Transvaal v Kader* vn 145 *supra*.

<sup>147</sup> Artikel 203 van die Strafproseswet 51 van 1977.

geval van mening dat die privilegie teen selfinkriminasie afgewater is deur artikel 204 van die Strafproseswet. Sodra 'n getuie hom beroep op die privilegie teen selfinkriminasie, sal die voorsittende beampte bloot immuniteit teen vervolging aan die getuie verskaf ingevolge artikel 204 en hom of haar sodoende dwing om in elk geval te getuig.

Dit is moontlik 'n bedekte seën dat die wetgewer nie 'n definisie van voldoende verskoning in die wet ingesluit het nie.<sup>150</sup> Menslike omstandighege, net soos die regsoortuigings van die gemeenskap, is voortdurend aan die verander.<sup>151</sup> Dit is dus 'n wesentlike moontlikheid dat omstandighede in die toekoms mag opduik wat dit vir 'n getuie onmoontlik mag maak om te getuig hoewel dit nie tans as voldoende verskoning gesien sal word nie. Op die manier laat dit ruimte vir die howe om werklik elke saak op meriete te beoordeel deur die omstandighede van elke geval in ag te neem. Soos die regsoortuigings van die samelewing verander, sal dit vir die howe moontlik wees om meer verskonings onder artikel 189 in te sluit. Daar word gehoop dat professionele etiek moontlik ingesluit kan word onder die kader van 'n voldoende verskoning. Dit sal tot gevolg hê dat joernaliste ten minste 'n mate van beskerming sal hê aangesien die howe huiwerig is om hul diskresie ingevolge artikel 205 uit te oefen.

---

<sup>148</sup> *R v Diedericks; S v Carneson en S v Waite* vn 135 *supra*.

<sup>149</sup> Bell Dewar & Hall Kelsey Stuarts' *Newspapermans' Guide to the Law* (1990) p 254.

<sup>150</sup> In *Haysom v Additional Magistrate, Cape Town* 1979 (3) SA 155 (C) het die hof gesê: *The phrase is not defined and no purpose is served by attempting a comprehensive definition of its ambit.*

<sup>151</sup> In *Kader* het Groskopf A R dit goed verwoord deur te sê: *It would serve no purpose, I consider, to try to define the circumstances which would amount to 'just excuse' for purposes of s 189. Human affairs are unpredictable in their diversity, and a court, when asked to apply s 189, will have to decide each case on its merits, having regard to the general principles underlying this section...*



### 3 § 5 Samevatting

Positiefregtelik is daar weinig hulp of meganismes vir joernaliste wat die identiteit van hul bronne wil of moet beskerm. Dit wil voorkom of 'n dooie punt in die Suid-Afrikaanse reg bereik is in soverre dit die beskerming van vertroulike bronne betref. Met presedente wat telkens 'n joernalistieke privilegie ontken en openbaarmaking van bronne vereis, weier die howe, selfs al is hul simpatiek jeens die joernalis se dilemma, om aan joernaliste die beskerming te verleen wat hul myns insiens toekom. Aan die ander kant dwing etiese beginsels en gedragskodes die joernalis om die howe te verontagsaam en 'n vertroulike bron se identiteit ten alle koste te beskerm, 'n beginsel wat hul telkens die gramskap van die howe op die hals haal. Soos uit die volgende aanhaling blyk, is Bell Dewar & Hall van mening dat joernaliste heeltemal weerloos is met betrekking tot joernalistieke getuienislewering: *Journalists are almost defenceless against any investigation into their sources under section 205. Very often their only option is to face prison if they refuse to answer the questions.*<sup>152</sup>

Die Strafproseswet sowel as die gemenerereg is glad nie toereikend genoeg om die moderne media-industrie se regte en vryhede te beskerm en te reguleer nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat 'n aansienlike gedeelte van Suid-Afrika se statutêre reg en regspraak steeds afkomstig is uit die vorige bedeling waar vryheid van uitdrukking nie 'n prioriteit was nie en sensuur aan die orde van die dag was. Onder 'n nuwe bedeling met 'n oppermagtige Grondwet wat vryheid van uitdrukking en vryheid van die pers waarborg, kan die hoop egter uitgespreek word dat 'n Grondwetlike saak aanhangig

---

<sup>152</sup> *Kelsey Stuarts' Newspapers' Guide to the Law* (1990) p 256.

gemaak sal word wat aan die Konstitusionele Hof die geleentheid sal gee om aan die media voldoende beskerming te verleen. Of dit wel sal gebeur, is egter 'n ope vraag.

# Hoofstuk 4

---

*The basis of our government being the opinion of the people, the first object shall be to keep that right; and were it left for me to decide whether we should have a government without newspapers, or newspapers without government, I should not hesitate a moment to choose the latter.*

*Thomas Jefferson (1743 – 1826).<sup>153</sup>*

## Grondwetlike aspekte

### 4 § 1 Inleiding

Joernalistieke privilegie as sodanig is tot op hede nog nie deur die Konstitusionele Hof oorweeg nie. Aangesien die beskerming van vertroulike bronne van inligting nie slegs 'n proses- en bewysregtelike kwessie is nie, maar inderdaad 'n saak van persvryheid, en dus vryheid van uitdrukking is, moet daar noodwendig ondersoek ingestel word na die grondwetlike aspekte verbonde aan joernalistieke privilegie. Weinige studies in die regs wetenskap in post-apartheid Suid-Afrika sal buitendien volledig wees sonder 'n verwysing na die impak van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Suid-Afrika se omskepping van 'n politieke stelsel gebaseer op die Westminster beginsel van parlementêre soewereiniteit en diskriminerende paternalisme teenoor die meerderheid as grondslag, na 'n oop demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid het die regs landskap van Suid-Afrika meteens

---

<sup>153</sup> Aangehaal uit *S v Cornelissen; Cornelissen v Zeelie NO en andere* 1994 (2) SACR 41 (W) p 55 d.

verander. Die meerderheid van die bevolking was feitelik oornag stemgeregtig, politieke bewegings is ontban en taalregte het op die voorgrond getree, om slegs enkele voorbeelde te noem. Wat egter soos 'n paal bo water staan bo alle ander veranderings is 'n oppermagtige Grondwet.<sup>154</sup> Vir die eerste maal in die geskiedenis van Suid-Afrika is daar ook 'n handves van regte wat die *hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika* is.<sup>155</sup>

Nooit vantevore was die aanspraak op menseregte wêreldwyd so sterk soos sedert die laaste helfte van die twintigste eeu nie. Hoewel dokumente soos die *Magna Carta* reeds meer as vyfhonderd jaar oud is, het menseregte vir 'n groot deel van die mensdom eers in die afgelope eeu 'n werklikheid geword. Hierdie stelling moet egter nie op sigwaarde beoordeel word nie, aangesien grootskaalse onderdrukking wêreldwyd steeds 'n onaangename werklikheid is.

Desnieteenstaande het die Verenigde Nasies, nie-regerings organisasies soos *Amnesty International* en die Rooi Kruis, asook charismatiese burgerregteleiers soos Martin Luther King, Mahatma Gandhi en Nelson Mandela almal 'n aandeel daarin gehad om die ideaal van menseregte toenemend te verwesenlik. Die rol van die moderne media in hierdie stryd kan ook nie oorbeklemtoon word nie. 'n Goeie voorbeeld ter plaatse is die ondergang van apartheid. Koerantberigte, televisie-uitsendings, films, boeke en ander media is wêreldwyd ingespan om populêre steun vir die stryd teen apartheid te werf. Geen twyfel kan bestaan oor die druk wat hierdie steun op die voormalige regering geplaas het om te kapituleer nie. Hedendaagse onderdrukkende regerings ervaar dan ook alte goed welke enorme

---

<sup>154</sup> Artikel 2 bepaal dat enige regsvoorskrif of optrede onbestaanbaar met die Grondwet ongeldig is.

<sup>155</sup> Artikel 7 van die Grondwet.

invloed die media kan hê. Voorbeelde hiervan is die verbod op privaat eienaarskap van satelietskottels in China en Iran, algehele regeringsbeheer oor koerante in China en Kuba, en selfs die streng beheer oor die toegang tot sekere boeke in universiteitsbiblioteke (die sogenaamde *neicanshi* in China).<sup>156</sup>

Hierteenoor moet egter daarop gewys word dat daar ook selde vantevore soveel sterk geldige argumente was om juis hierdie swaarverdiende regte in te perk nie. Daar sal altyd individue en groepe wees wat sekere vryhede ter bevordering van hul eie belange misbruik. 'n Wêreldwye toename in terrorisme,<sup>157</sup> twee oorloë in die Midde-Ooste in feitelik 'n dekade en die toename in misdaad op die Internet dra alles daartoe by dat sekere beperkings op hierdie regte oënskynlik redelik en regverdigbaar is. Waar 'n groot deel van die wêreld se bevolking die slagoffers van terrorisme is, is die onderskepping van privaat kommunikasie soos e-pos of telefoongesprekke geredelik regverdigbaar, ongeag die feit dat dit 'n op die oog af growwe skending van die betrokke individue se reg op privaatheid is. Desnieteenstaande beskik die gemiddelde mens steeds oor sekere basiese regte en vryhede, al is dit soms slegs akademies van aard.

Een aspek van kritiese belang vir doeleindes van die onderhawige studie is die reg op vryheid van uitdrukking soos gewaarborg in artikel 16. Hoewel vryheid van die pers eers werklike erkenning in die tussentydse en daarna die finale Grondwet gekry het, was dit

---

<sup>156</sup> Turfan B (Ed) *Emerging Democracies and Freedom of Information*(1995) pp 5 - 6.

<sup>157</sup> Voorbeelde wat genoem kan word sluit die bomaanval op 'n nagklub in Bali op 12 Oktober 2002, die gebeure van 11 September 2001 in New York waar passasier- stralers ingespan is om grootskaalse verwoesting te saai en bomaanvalle op Amerikaanse ambassades in Nairobi en Dar es Salaam op 7 Augustus 1998 in.

deurgaans deur die howe as belangrik geag<sup>158</sup> (al was die regering van die dag nie te geneë met 'n vrye pers nie).

Inaggenome die geskiedenis van onderdrukking van groot groepe mense en vele aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing deur voormalige regerings, is dit van belang om sekere regte in die Handves van Regte te bespreek en in hierdie hoofstuk sal 'n analise gedoen word van verskeie van hierdie regte wat vir die media spesifiek van groot belang kan wees.

---

<sup>158</sup> Gemeenregtelik is die reg op vrye uitdrukking deur ons howe as residuele reg erken, dit wil sê, dit wat nie uitdruklik verbied word nie, word toegelaat. Sien byvoorbeeld *Du Plessis v Minister of Justice* 1950 (3) SA 579 (W); *Publications Control Board v William Heinemann Ltd and Others* 1965 (4) SA 137 (A) en *S v T runel and Others* 1973 (1) SA 248 (C).

## 4 § 2 Die reg op vryheid van uitdrukking

Artikel 16(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal:

- (1) *Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is-*
- (a) *die vryheid van die pers en ander media;*
  - (b) *die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;*
  - (c) *die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en*
  - (d) *akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.*

Vryheid van uitdrukking geniet nie slegs op nasionale vlak beskerming nie. Inteendeel, feitlik elke grondwet, resoluëie, verdrag en beleidsverklaring van beide nasionale en internasionale liggame wat handel met menseregte, erken hierdie basiese reg van elke mens. Die Universele Verklaring van Menseregte<sup>159</sup> byvoorbeeld, bepaal in artikel 19 dat: *Everyone has the right to freedom of opinion and expression; this right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media and regardless of frontiers.*<sup>160</sup>

In hierdie konteks ontstaan die vraag: Wat is uitdrukking? Vryheid van uitdrukking word as oorkoepelende begrip in artikel 16 van die Grondwet gebruik en sluit onder andere vryheid van die pers en ander

<sup>159</sup> Algemene Vergadering Resoluëie 217 A (III) van 10 Desember 1948

<sup>160</sup> Sien in hierdie verband ook byvoorbeeld artikel 2 van die *Canadian Charter of Rights and Freedoms*

Beskikbaar by [http://laws.justice.gc.ca/en/charter/const\\_fr.html](http://laws.justice.gc.ca/en/charter/const_fr.html) (Besoeek op 2 Februarie 2004); die *International Covenant of Civil and Political Rights* van 1967 (999 UNTS 171; 6 ILM 368); en die *European Convention for the Protection of Human Rights and Fundamental Freedoms* (213 UNTS 221; European TS 5).

media,<sup>161</sup> die vryheid om inligting te ontvang en oor te dra<sup>162</sup> en vryheid van artistieke kreatiwiteit<sup>163</sup> in. Uitdrukking is dus duidelik 'n wyer begrip as bloot die geskrewe of gesproke woord. Dit omvat ook simboliese uitdrukking byvoorbeeld die brand van 'n vlag uit protes, of die swaai van 'n vuus uit woede. In *Virginia State Board of Education v Barnette*<sup>164</sup> het die Amerikaanse *Supreme Court* gesê: *Symbolism is a primitive but effective way of communicating ideas. The use of an emblem or flag to symbolise some system, idea, institution, or personality, is a short cut from mind to mind.* Hoewel gedrag dus inderdaad kan neerkom op uitdrukking, kan sodanige gedrag onderhewig wees aan strengere beperkinge as blote woorde. Hoe nader uitdrukking aan gedrag kom, en hoe verder dit wegdryf van die oordrag van idees en opinies, hoe minder grondwetlike beskerming sal dit geniet.<sup>165</sup> Uitdrukking kan dus gedefinieer word as enige woorde of gedrag van 'n persoon of groep persone wat die bedoeling het om 'n boodskap oor te dra aan 'n ander persoon of groep persone of die publiek in die algemeen.

Die belangrikste van artikel 16 se regte, vir doeleindes van hierdie werk, is ongetwyfeld vryheid van die pers en ander media soos bedoel in artikel 16(1)(a). Burns is van mening dat dit juridies korrek is om persvryheid as 'n onderafdeling van vryheid van spraak te beskou aangesien laasgenoemde 'n wyer begrip is as persvryheid. Vryheid van spraak, op sy beurt, vorm weer 'n onderafdeling of element van die algemene vryheid van uitdrukking.<sup>166</sup> In Suid – Afrika is persvryheid, oftewel mediavryheid (as onderafdeling van vryheid van

---

<sup>161</sup> Artikel 16(1)(a).

<sup>162</sup> Artikel 16(1)(b).

<sup>163</sup> Artikel 16(1)(c).

<sup>164</sup> 319 US 624 1943, aangehaal deur Devenish *Freedom of expression: the "marketplace of ideas"* 1995 3 TSAR p 445.

<sup>165</sup> De Waal *et al The Bill of Rights Handbook* (2000) p 283.

<sup>166</sup> Burns (2002) 37.



uitdrukking) nog altyd as 'n residuele vryheid erken, met ander woorde, dit wat nie uitdruklik verbied word nie word toegelaat.<sup>167</sup> Persvryheid in die vorige bedeling was egter slegs teoreties van aard as gevolg van uiters beperkende wetgewing soos byvoorbeeld die *Wet op die Registrasie van Nuusblaaie en Drukkersname* 63 van 1971, wat die registrasie en deregistrasie van publikasies gereguleer het, en die *Wet op Binnelandse Veiligheid* van 1982 wat joernaliste se bewegings by veral politieke onrus streng beheer het. Die voormalige Nasionale Party regering het ook gebruik gemaak van 'n sensuurraad met breë magte wat 'n uiters konserwatiewe Calvinistiese benadering tot veral politieke en seksuele kwessies gehad het.

Sedert die vroeë negentigs van die vorige eeu het die beheermeganismes egter stadig maar seker begin verdwyn en tans kan Suid-Afrika daarop aanspraak maak dat die plaaslike media meerendeels vry is. Die media in Suid-Afrika geniet egter nie institusionele vryheid nie. Institusionele persvryheid behels 'n objektiewe grondwetlike waarborg van 'n "vrye pers" as instelling wat beteken dat daar 'n plig op die staat rus om hierdie instelling te onderhou en te beskerm.<sup>168</sup> Dit beteken dus meer as slegs die blote afwesigheid van regeringsinmenging. Daar rus geen sodanige plig op die Suid Afrikaanse regering nie aangesien artikel 16 die breër konsep van uitdrukking beskerm en vryheid van die pers en ander media bloot as onderafdeling noem.

Sommige voorstanders van die reg op vryheid van uitdrukking wil dit laat voorkom of dit met ander fundamentele regte meeding om die een of ander verhewe posisie.<sup>169</sup> In *Mandela v Falati*<sup>170</sup> het die applikant 'n

---

<sup>167</sup> *Ibid* p 56.

<sup>168</sup> *Ibid* p 57.

<sup>169</sup> Smolla (1993) p 5.

poging aangewend om die respondent by wyse van 'n interdik te keer om sekere inligting op 'n perskonferensie bekend te maak. Die hof het per Van Schalkwyk R te kenne gegee dat vryheid van uitdrukking wel 'n verhewe posisie in 'n hiërargie van regte kan inneem. Die regter het in sy uitspraak gesê: *In a free society all freedoms are important. Political philosophers are agreed about the primacy of freedom of speech. It is the freedom upon which all others depend; it is the freedom without which the others would not long endure.*<sup>171</sup>

Pers-uitsondering of koerant-bevoordeling<sup>172</sup> kan egter om verskeie redes nie deug nie. Eerstens is daar die kontemporêre probleem van sinvolle definiëring van die massamedia. Met die drastiese groei en ontwikkeling van elektroniese kommunikasie het dit vir enige persoon met minimale rekenaarkennis en -vaardigheid moontlik geword om met die druk van 'n paar knoppies inligting wêreldwyd te publiseer. In die lig hiervan is dit dus 'n onbegonne taak om "media" te definieer vir doeleindes van vryheid van uitdrukking.<sup>173</sup> Hierbenewens is daar ook die moderne tendens ten gunste van vryskutjoernalistiek wat die klassifikasie van 'n persoon as joernalis verder bemoeilik. Tweedens behoort die reg van die media om te kommunikeer, hoewel noodsaaklik in 'n moderne gemeenskap, nie sterker te wees as die reg van die individu nie.<sup>174</sup> Derdens sal pers-uitsondering ook nie die grondwetlike toets slaag nie. Artikel 16(1) van die Grondwet bepaal duidelik dat *elkeen* die reg op vryheid van uitdrukking het en ewe

---

<sup>170</sup> 1994 (4) SA 1 (W).

<sup>171</sup> *Ibid* p 259 F. Hierdie siening stem ooreen met die Amerikaanse uitspraak in *Palko v State of Connecticut* 302 US 319 (1937) 327 waar Cardozo R na vryheid van uitdrukking verwys het as *the matrix, the indispensable condition of nearly every other form of freedom*.

<sup>172</sup> Skrywers soos Burchell en regspraak [(Cameron R in *Holomisa v Argus Newspapers* 1996 (2) SA 588 (W))] gebruik die terme *press exceptionalism* en *press privilege*.

<sup>173</sup> Burchell (1998) p 5.

<sup>174</sup> *Ibid*.

belangrik bepaal artikel 9(1): *Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.* Enige bevoordeling van joernaliste in hierdie verband sal dus loodreg teen hierdie bepaling indruis.

In *Holomisa v Argus Newspapers*<sup>175</sup> het Cameron R met verwysing na pers-uitsondering passasies uit werke van Anthony Lewis en Ronald Dworkin met goedkeuring aangehaal. Lewis het in 'n artikel oor die invloed van *New York Times Co v Sullivan*<sup>176</sup> op die Amerikaanse model van vryheid van uitdrukking gesê: *Press exceptionalism - the idea that journalism has a different and superior status in the Constitution - is not only an unconvincing but a dangerous doctrine.* Ook Dworkin is nie ten gunste van pers-uitsondering nie en het in sy boek *A Matter of Principle* sy posisie soos volg gestel: *[I]f free speech is justified on principle, then it would be outrageous to suppose that journalists should have special protection not available to others, because that would claim that they are, as individuals, more important or worthier of more concern than others.*<sup>177</sup> In *Khumalo and Others v Holomisa*<sup>178</sup> het die Konstitusionele Hof ook beslis dat vryheid van uitdrukking nie verhewe bo ander regte in die Grondwet is nie. O'Regan R het gesê:

*[A]lthough freedom of expression is fundamental to our democratic society, it is not a paramount value. It must be construed in the context of the other values enshrined in our Constitution. In particular, the values of human dignity, freedom and equality.*<sup>179</sup>

---

<sup>175</sup> 2002 (5) SA 401 (CC).

<sup>176</sup> 376 US 254 (1964).

<sup>177</sup> *Ibid* p 610 D en E.

<sup>178</sup> Vn 175 *supra*.

<sup>179</sup> *Ibid* p 417 H.

Daar is selfs joernaliste wat media bevoordeling teenstaan juis om hierdie rede. De Villiers<sup>180</sup> noem as een van die hoofredes waarom 'n joernalistieke privilegie nie wenslik is nie dat:

*[I]f press freedom is based on no more and no less than the public's right to know, if we as journalists are simply surrogates for a public which has neither the time nor the expertise to find out for itself, then we neither have nor should have any more rights than the public we serve.*

Hierdie is wel oortuigende en geldige argumente, maar dit is juis op hierdie punt waar die howe en ander teenstanders van 'n joernalistieke privilegie myns insiens 'n fout begaan. Wanneer daar op 'n joernalistieke privilegie aanspraak gemaak word, word dit nie gedoen met 'n verhewe media as grondslag nie. Die fondament waarop die betoog rus is die reg van die publiek om ingelig te word oor sake van openbare belang. Hoewel 'n mate van media "bevoordeling" 'n noodwendige gevolg sal wees, behoort die beweegrede vir die erkenning van joernalistieke privilegie nie die bevoordeling van *joernaliste* te wees nie, maar die bevoordeling van die *publiek* deur aan joernaliste die geleentheid te gee om inligting van openbare belang onbelemmerd, onverskrokke en vreesloos in te samel en te versprei.

Tydens die debat in die Hoërhuis oor wat vandag artikel 10 van die Britse *Contempt of Court Act of 1981* is, het Lord Scarman hierdie beginsel soos volg uitgedruk:

*The protection of the journalists right to shelter his or her sources of information is in the public interest, and any legislation to afford this*

---

<sup>180</sup> Oosthuizen *et al* (1983) p 66.

*protection is fundamentally about the right of the public to be informed, and not about the right of the press to be a privileged group in society*<sup>181</sup>

In *Case v Minister of Safety and Security*<sup>182</sup> het Mokgoro R die volgende beslissing van die Indiese Hoë Hof met goedkeuring aangehaal: *The constitutional guarantee of the freedom of speech is not so much for the benefit of the press as it is for the benefit of the public.*<sup>183</sup>

Dit wil voorkom of Suid-Afrikaanse howe hul blindstaar teen die persuitsondering argumente en in die proses nie genoeg gewig toeken aan die publiek se belang by die onbelemmerde vloei van inligting nie. Indien die reg op vrye uitdrukking en die vrye vloei van inligting beskou word in die lig van artikel 41(c) van die Grondwet, wat die staat dwing tot *doeltreffende, deursigtige, verantwoordingspligtige en samehangende regering*, is dit feitlik onmoontlik om die waarde van die media se bydrae te oorskat. Die media is in die unieke posisie om as waghond op te tree oor die dag-tot-dag funksionering van die staat as geheel as gevolg van 'n goed gevestigde infrastruktuur en 'n diepgewortelde netwerk van bronne in alle sferes van die regering. Deur dus regmatige beskerming aan die media te verleen, sal die howe die publiek in staat stel om verkose verteenwoordigers deur middel van die media tot verantwoording te roep.

Vryheid van uitdrukking is dus nie verhewe bo ander regte in die Handves van Regte nie, maar daar is wel 'n hiërargie te bespeur binne die konsep van uitdrukking self. In die lasterreg byvoorbeeld,

<sup>181</sup> Palmer S *Protecting journalists' sources: Section 10, Contempt of Court Act 1981* 1992 *Public Law* p 61.

<sup>182</sup> 1996 (3) SA 617 (CC).

<sup>183</sup> Bennet Coleman & Co v Union of India (1973) 2 SCR 757 (SC) in *Case v Minister of Safety and Security* vn 182 *supra* p 632 E.

word aan die politieke spreker meer ruimte gegee as blote kommentaar op privaat persone se doen en late. Die 1993 Grondwet<sup>184</sup> het politieke spraak as afsonderlike kategorie van uitdrukking beskerm. Ingevolge artikel 15(1) van die 1993 Grondwet saamgelees met artikel 33(1) sou enige beperking op vrye uitdrukking slegs regverdigbaar gewees het indien dit redelik was. Enige beperking op uitdrukking wat betrekking gehad het op “vrye en regverdige politieke aktiwiteite” moes egter beide redelik *en* noodsaaklik wees.<sup>185</sup>

Spitz<sup>186</sup> voer aan dat die 1993 Grondwet aanleiding gegee het tot ‘n gesplete waarborg van vrye uitdrukking. Politieke spraak vorm ‘n duidelike, hoogs-beskermdde kern wat omring word deur ander vorme van uitdrukking wat wel minder, maar steeds betekenisvolle beskerming ontvang.

In *Mandela v Falati*<sup>187</sup> was die applikant voornemens om beweerde lasterlike inligting oor die respondent se betrokkenheid by misdade bekend te maak op ‘n internasionale perskonferensie. Die aansoek om die voorlopige interdik te verleng, is afgewys deur Van Schalkwyk R wat gesê het:

*Although this is a private dispute it is a matter of grave social and political importance. There may be a few exceptions, but in general no politician should be permitted to silence his or her critics. It is a matter of the most fundamental importance that such criticism should be free, open, robust and even unrestrained. This is so because of the inordinate power and influence which is wielded by politicians,*

---

<sup>184</sup> 200 van 1993.

<sup>185</sup> Spitz D *Eschewing silence coerced by law: The political core and protected periphery of freedom of expression* 1994 SAJHR p 301.

<sup>186</sup> *Ibid.*

<sup>187</sup> Vn 170 *supra*.

*and the seductive influence which these attributes have upon corrupt men and women. The most appalling crimes have been committed by politicians because their baseness and perversity was hidden from public scrutiny.*<sup>188</sup>

In *Holomisa v Argus Newspapers*<sup>189</sup> weer, het Cameron R beslis dat selfs valse lasterlike bewerings wat betrekking het op vrye en regverdig politieke aktiwiteite, grondwetlike beskerming geniet tensy die eiser kan bewys dat die publikasie, in die lig van alle omringende omstandighede, onredelik gemaak was.

Die finale Grondwet tref geen sodanige onderskeid tussen politieke uitdrukking en ander vorme van uitdrukking nie. Daar word dus nie spesifieke, meer kragdadige beskerming aan spesifiek politieke uitdrukking gegee nie. Dit wil egter voorkom of die howe steeds van mening is dat politieke uitdrukking sterker beskerming behoort te kry as ander vorme van uitdrukking. In *Mthembi-Mahanyele v Mail & Guardian*<sup>190</sup> het die meerderheid van die Hoë Hof van Appél by monde van Lewis AR beslis dat kabinetsministers as openbare ampsbekleders noodwendig onderhewig is aan kritiek deur die media.

*The public has the right to know what the officials of the state do in discharge of their duties. And the public is entitled to call on such officials, or members of government, to explain their conduct. When they fail to do so, without justification, they must bear the criticism and comment that their conduct attracts, provided of course that it is warranted in the circumstances and not actuated by malice.*

---

<sup>188</sup> *Ibid* p 260 C en D.

<sup>189</sup> 1996 (2) SA 588 (W) p 618 E – F.

<sup>190</sup> Saaknommer 054/2003.

Die regter het voorts ook met goedkeuring 'n *dictum* van die Europese Hof van Menseregte aangehaal waar gesê is dat:

*The limits of acceptable criticism are accordingly wider as regards a politician as such than as regards a private individual. Unlike the latter, the former inevitably and knowingly lays himself open to close scrutiny of every word and deed by both journalists and the public at large, and he must consequently display a greater degree of tolerance.*<sup>191</sup>

In *Mthembi-Mahanyele* het die Hoë Hof van Appél beslis dat, hoewel kabinetsministers *locus standi* het om aksies in te stel vir laster, die lasterlike bewerings as *bona fide* politieke uitdrukking gemaak is en die publikasie daarvan, in die lig van die omringende omstandighede, redelik was.

Dit is dus 'n geregverdigde aanname dat 'n mate van onderskeid gepas is tussen politieke uitdrukking en ander vorme van uitdrukking.<sup>192</sup> Indien dus aanvaar word dat vryheid van uitdrukking nie 'n verhewe posisie in die handves van regte beklee nie, wat is dan die regverdigingsgronde vir die kragdadige beskerming daarvan?

Waarskynlik die mees bekende en aanvaarde verklaring vir die reg op vryheid van uitdrukking is Emerson se drieledige teorie wat vryheid van uitdrukking vooropstel as bronwel van idees (*marketplace of ideas*), deel van die demokratiese proses en as deel van individuele selfvervulling.<sup>193</sup>

---

<sup>191</sup> *Lingens v Austria* (1986) 8 EHRR 407 (par 42) aangehaal deur Lewis AR in *Mthembi-Mahanyele v Mail & Guardian* vn 190 *supra* par 63.

<sup>192</sup> Sien in hierdie verband ook De Waal *et al* (2000) p 300.

<sup>193</sup> Emerson T I *Toward a general theory of the First Amendment* (1963) 72 *Yale Law Journal* p 877.





#### 4 § 2 § 1 Vryheid van uitdrukking as bronwel van idees

In sy pleidooi om 'n vrye ongelisensieerde pers voor die Engelse parlement in 1644 het John Milton sy welbekende poëtiese beeld van die waarheid opgetower.

*And though all the winds of doctrine were let loose to play upon the earth, so Truth be in the field, we do injuriously by licensing and prohibiting to misdoubt her strength. Let her and falsehood grapple; who ever knew Truth put to the worse, in a free and open encounter.*<sup>194</sup>

Volgens Burchell kan Milton se beeld van die waarheid en valsheid wat in 'n ope arena worstel kan gesien word as die kern van die bronwel van idees-teorie. Die bronwel-teorie kom daarop neer dat die mens se soeke na die waarheid bes bevorder word in 'n vrye, ope bronwel van idees. Holmes som dit op: *the best test of truth is the power of the thought to get itself accepted in the competition of the market.*

Daar is voorbeelde uit die Suid-Afrikaanse regspraak waar die bronwel-teorie onderskryf is. In *Mandela v Falati*<sup>195</sup> het Van Schalkwyk R gesê:

*The history of liberty shows that the currency of every free society is to be found in the marketplace of ideas where, without restraint, individuals exchange the most sacred of all their commodities. If the market is sometimes corrupt or abused or appears to serve the*

---

<sup>194</sup> Smolla (1993) p3 en Burchell (1998) p 9.

<sup>195</sup> Vn 170 supra.

*interests of the wicked and unscrupulous, that is reason enough to accept that it operates in accordance with the rules of human nature*<sup>196</sup>

Hierdie aanhaling ontbloot egter ook een van die swakplekke van die *marketplace*-teorie. Smolla<sup>197</sup> voer aan dat die mark van idees ook maar net 'n mark is en dat dit, soos alle ander markte, positiewe en negatiewe siklusse sal beleef. *The marketplace of ideas, no less than the market of commerce will inevitably be biased in favour of those with the resources to ply their wares. The ideas of the wealthy and powerful will have greater access to the market than the ideas of the poor and disenfranchised.*<sup>198</sup> Die bronwel van idees – teorie funksioneer op die veronderstelling dat alle lede van die samelewing toegang het tot die media en dat alle lede ook oor die vaardighede en kundigheid beskik om openlik en op gelyke voet met die publiek te kommunikeer. Die realiteit is egter dat 'n aansienlike ongeletterdheidsyfer en armoede groot getalle lede van die gemeenskap se toegang tot die massa media wesenlik beperk. Die hedendaagse bronwel van idees is dus 'n verdraaide weergawe van die een wat Emerson en Milton bedoel het.

Verdere kritiek teen hierdie teorie is dat ondervinding toon dat daar net soveel slegte idees as goeies die rondte in die mark doen. Die vraag ontstaan dus, wat moet as “idees” geld vir doeleindes van die *marketplace*-teorie? Moet irrasionele beroepe op byvoorbeeld rassehaat toegelaat word om te kompeteer, of moet idees beperk word tot dit wat as rasioneel geag word?<sup>199</sup> Die probleem met hierdie stelling is natuurlik welke persone die normering sal behartig? Anders gestel, wie sal besluit oor die rasionaliteit van idees? Die reg, die

---

<sup>196</sup> *Ibid* p 259 E.

<sup>197</sup> Smolla R A *Free speech in an open society* (1993) p 6.

<sup>198</sup> Sien ook Burchell (1998) p 10.

<sup>199</sup> Smolla (1993) p 7.

staat, akademici of die openbare mening? Dit is paradoksaal, aangesien die mark teorie juis poog om alle sienings in die ope toe te laat en dit dan aan die individu oorlaat om die waarheid van die valsheid te skei.

Burchell is ook van mening dat die eksponensiële groei van moderne elektroniese kommunikasie die mark aansienlik vergroot het en dit sodoende buite die trefwydte geplaas het van dit wat die oorspronklike voorstanders van die teorie in gedagte gehad het.<sup>200</sup>

#### **4 § 2 § 2 Vryheid van uitdrukking en menswaardigheid**

Volgens Emerson se tweede regverdigingsgrond is vryheid van uitdrukking die reg van die individu, in die hoedanigheid as individu.<sup>201</sup> Die individu moet in 'n posisie geplaas word om sy of haar intellektuele bekwaamheid te ontwikkel deur 'n eie opinie te vorm en dit uit te druk. Enige vorm van sensuur sal 'n nadelige uitwerking op hierdie ontwikkeling hê.<sup>202</sup>

Waar die *marketplace*-teorie dus vryheid van uitdrukking as middel tot 'n doel regverdig, stel die menswaardigheid-teorie dit as die doel self, en nie bloot 'n hulpmiddel nie.<sup>203</sup> Die vryheid om sonder beperkinge 'n opinie te lug gee aan die spreker 'n innerlike bevrediging en laat 'n eie identiteit realiseer wat noodsaaklik is vir individuele vervulling.

---

<sup>200</sup> Burchell (1998) p 12.

<sup>201</sup> Burns (2001) p 39.

<sup>202</sup> *Ibid.*

<sup>203</sup> *But free speech is also an end in itself, an end intimately intertwined with human autonomy and dignity.* Smolla (1993) p 9.

In *Case and Another v Minister of Safety and Security*<sup>204</sup> het Mokgoro R in 'n minderheidsuitspraak skynbaar hierdie teorie ondersteun. Die applikante is aangekla van 'n oortreding van artikel 2 van die Wet op Obsene Fotografiese Materiaal<sup>205</sup> deurdat hulle in besit was van video-kassette wat pornografiese materiaal bevat het. Die meerderheid regters het hul uitspraak op die reg op privaatheid gebaseer en die relevante artikel is ongrondwetlik verklaar. Makgoro R het egter vryheid van uitdrukking as uitgangspunt gebruik en met verwysing na Emerson se verklarings vir hierdie reg gesê: *But of more relevance here than this "marketplace" conception of the role of free speech is the consideration that freedom of speech is a sine qua non for every person's right to realise his or her full potential as a human being, free of the imposition of heteronomous power.*<sup>206</sup>

Hoewel die uitspraak van Cameron R in *Holomisa*<sup>207</sup> meerendeels gegrond was op die demokratiese proses-teorie,<sup>208</sup> het hy tog kennis geneem van die menswaardigheid-teorie deur vir Ronald Dworkin, 'n groot voorstander van die individuele outonomie-teorie, deur oënskynlik met goedkeuring aan te haal.

*The second kind of justification of free speech supposes that freedom of speech is valuable, not just in virtue of the consequences it has, but because it is an essential and "constitutive" feature of a just political society that government treat all its adult members, except those who are incompetent, as responsible moral agents.*<sup>209</sup>

---

<sup>204</sup> 1996 (3) SA 617.

<sup>205</sup> 37 van 1967

<sup>206</sup> *Ibid* 630 C.

<sup>207</sup> Vn 170 *supra*.

<sup>208</sup> Sien bespreking onder 4 § 2 § 3 *infra*.

<sup>209</sup> Vn 170 *supra* p 608 G.

Burchell wys egter daarop dat Dworkin se teorie van vryheid van *spraak* fokus op regeringsinmenging met individuele spraak en klem plaas op die individu se reg om sy eie opinie te vorm oor *politieke sake*.<sup>210</sup> So 'n eng siening sal egter die trefkrag van die teorie verminder deur dit eerstens te beperk tot spraak en, tweedens deur dit slegs op politieke spraak van toepassing te maak. Die hof het gelukkig in *Holomisa* gesê dat dit waardevol kan wees om dieselfde beginsel toe te pas op nie-politieke spraak.<sup>211</sup> Aangesien die Grondwet in artikel 16 (1) vryheid van *uitdrukking* beskerm, is dit dus 'n meer aanvaarbare konsep as spraak, wat as 'n element van uitdrukking gesien kan word.<sup>212</sup>

Gegewe die hoë premie wat die Grondwet op menswaardigheid en individuele vryheid plaas, kan dit dus voorkom of die menswaardigheid-teorie 'n baie aantreklike regverdigingsgrond in die Suid-Afrikaanse konteks kan wees.<sup>213</sup> Die menswaardigheid-teorie is egter nie flatervry nie. Die argument dat vryheid van uitdrukking 'n reg is, bloot omdat dit aan die individuele spreker genot of 'n sin van selfvervulling verskaf, klink selfsugtig en kom amper neer op hedonisme. Sommige skrywers neem ook die standpunt in dat oormatige individualisme ongelykheid meebring en sosiale geregtigheid kan dwarsboom.<sup>214</sup>

---

<sup>210</sup> Burchell (1998) 14.

<sup>211</sup> Vn 170 *supra* p 608 E.

<sup>212</sup> Burns (2001) p 37 en Burchell (1998) p 14.

<sup>213</sup> Die aanhef tot die Grondwet noem onder andere as doelstelling *om die potensiaal van elke mens te ontsluit*, en artikel 10 waarborg die reg op menswaardigheid.

<sup>214</sup> Croly en Pound, aangehaal deur Burns (2001) p 40.

#### 4 § 2 § 3 Vryheid van uitdrukking as deel van die demokratiese proses

Die laaste van Emerson se drie-ledige verklaring vir die reg op vryheid van uitdrukking is dat dit 'n integrale deel van die demokratiese proses is. In Amerikaanse regspraak is gesê dat *[w]hatever differences may exist about interpretations of the First Amendment, there is practically universal agreement that a major purpose ... was to protect the free discussion of governmental affairs.*<sup>215</sup> Smolla<sup>216</sup> identifiseer vyf wyses waarop vryheid van uitdrukking verwant is aan die demokratiese proses:

1. Dit is 'n wyse van deelname waardeur individue aktief kan meedoen in die besluitnemingsproses;
2. Dit vorm deel van die proses om politieke waarheid te ontdek;<sup>217</sup>
3. Dit fasiliteer meerderheidsregering;
4. Dit beperk korrupsie, tiranie en onbevoegdheid;<sup>218</sup> en
5. Dit bring stabiliteit mee.

Baker<sup>219</sup> identifiseer op sy beurt weer twee benaderings. Eerstens sal openlike debat oor sake van politieke belang demokrasie bevorder. Tweedens is vryheid van uitdrukking deel van die basiese definisie van selfregering. Ope gesprekvoering is nodig of dit sal lei tot die waarheid of nie.

---

<sup>215</sup> Smolla (1993) p 12.

<sup>216</sup> *Ibid.*

<sup>217</sup> Dit word duidelik afgelei uit die *Marketplace of ideas*-teorie.

<sup>218</sup> Hierdie aspek kan gekoppel word aan die waghond-funksie van die media soos bespreek in hoofstuk 2.

<sup>219</sup> In Burchell (1998) p 12.

Die demokratiese proses-teorie het al weerklank gevind in Suid-Afrikaanse howe. In *Holomisa*<sup>220</sup> het Cameron R gesê: *the freedom of the citizen to engage in significant political communication and discussion is largely dependent upon the freedom of the media ... It is for this very reason that the Constitution recognises the especial (sic) importance and role of the media in nurturing and strengthening our democracy.*

Die swakplekke in hierdie teorie is egter nie moeilik om raak te sien nie. Die voor-die-hand-liggendste hiervan is dat slegs politieke uitdrukking beskerming sal geniet. Die teorie maak glad nie voorsiening vir enige van die magdom ander, ewe belangrike vorme van menslike uitdrukking nie.<sup>221</sup> In 'n moderne demokrasie is daar wat uitdrukking betref veel meer aspekte van die menslike bestaan as bloot politieke debat. Die Grondwet erken en aanvaar dit ook deur wye beskerming te verleen aan die regte op artistieke kreatiwiteit, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.<sup>222</sup> Selfs kommersiële spraak kan deel vorm van die reg op vrye uitdrukking.

Regte beskerm belange. Uit die demokratiese proses-teorie oogpunt gesien, spruit die reg op vryheid van uitdrukking dus voort uit die individu se belang om deel te wees van die demokrasie. Die meerderheid van die bevolking oefen egter selde hul reg op vrye openbare politieke spraak uit. Raz is van mening dat die mate van beskerming wat aan 'n reg gegee word die belang van die

---

<sup>220</sup> Vn 170 *supra* p 601 C.

<sup>221</sup> Vir sommige kommentators is hierdie aspek egter nie 'n probleem nie. Alexander Meiklejohn het byvoorbeeld gesê: *What is essential is not that everyone shall speak, but that everything worth saying shall be said.*

<sup>222</sup> Artikel 16 (1) (c) en (d).



reghebbende by daardie reg moet weerspieël.<sup>223</sup> Indien hierdie argument aanvaar word, sal daar dus 'n afgewaterde beskerming aan politieke spraak gegee moet word aangesien die oorgrote meerderheid van die bevolking hul politieke regte slegs een maal elke vier jaar by die stembus uitoefen.

Desnieteenstaande word die reg op vryheid van uitdrukking in 'n politieke sin sterker beskerm as bykans enige ander vorm van uitdrukking. In *Mandela*<sup>224</sup> het die hof uitdruklik gesê dat politici oor die algemeen nie toegelaat behoort te word om hul kritici stil te maak nie. Hoewel die applikant in hierdie geval voornemens was om lasterlike bewerings te maak, het die hof geweier om 'n tydelike interdik finaal te maak siende dat die beweerde lasterlike bewerings van publieke en politieke belang was.<sup>225</sup>

#### **4 § 2 § 4 'n Kontemporêre teorie vir vryheid van uitdrukking**

Joseph Raz<sup>226</sup> verkies om vryheid van uitdrukking in die geheel as 'n publieke voordeel te sien eerder as om dit te beskou as 'n middel tot die een of ander doel soos Emerson se teorieë dit wil hê. Hoewel hy nie individuele selfverwesening en die demokratiese proses-teorie ontken nie, argumenteer hy dat al die tradisionele regverdigingsgronde vir vryheid van uitdrukking dui op die publieke voordeel daarvan. Of dit nou die demokrasie bevorder of persoonlike ontwikkeling en vervulling van die individu meewerk, dui dit steeds op 'n publieke voordeel. Smolla is van mening dat geen ander

---

<sup>223</sup> Raz J *Free expression and personal identification* in Waluchow W J (ed) *Free expression: Essays in law and philosophy* (1994) pp 1 en 2. Sien ook Burns (2001) p 43.

<sup>224</sup> Vn 170 *supra*.

<sup>225</sup> *Ibid* p 260.

<sup>226</sup> Waluchow (1994) p 8.

regverdiging nodig is nie. Vryheid van uitdrukking is die doel opsigself, nie bloot 'n middel tot 'n groter doel nie. Hy sê:

*Free speech is specially valuable for reasons that have nothing to do with the collective search for truth or the processes of self-government, or for any other conceptualisation of the common good. It is a right defiantly, robustly, and irreverently to speak one's mind just because it is one's mind.*<sup>227</sup>

#### 4 § 2 § 5 Welke teorie behoort te geld?

Burchell is ten gunste van die menswaardigheid en individuele outonomie-teorie. Hy is van mening dat dit wyd genoeg is om die sterkpunte van beide die demokratiese proses- en *marketplace of ideas*-teorieë in te sluit, sonder om 'n slagoffer van hul swakpunte te wees.<sup>228</sup>

Kan daar egter slegs een teorie uitgesonder word as die korrekte een? Sommige skrywers meen dat daar nie een uitsluitlike teorie behoort te wees nie. Raz sê dat “[t]here is no reason to think that just one consideration can provide a complete account of the right.”<sup>229</sup> Smolla is op sy beurt van mening dat “[t]here is no logical reason...why the preferred position of speech might not be buttressed by multiple rationales. Acceptance of one rationale need not bump another from the list, as if this were...musical chairs.”<sup>230</sup> Spitz<sup>231</sup> voer aan dat die verskillende regverdigingsgronde vir vryheid van uitdrukking mekaar aanvul. Hy sê:

---

<sup>227</sup> Smolla (1993) p 9.

<sup>228</sup> Burchell (1998) p 16. Burns [(2001) p 44] betuig ook haar instemming met hierdie siening.

<sup>229</sup> Waluchow (1994) p 8.

<sup>230</sup> Smolla (1993) p 5.

<sup>231</sup> 1994 SAJHR 301.

*The values behind protecting political criticism combine with the importance of individual projects of self-fulfilment to justify freedom of expression as a crucial form of resistance to disciplinary power; as a mechanism with which to frustrate or roll back a kind of creeping totalitarianism, an unarmed occupation of individuals' lives.*<sup>232</sup>

Myns insiens is dit die korrekte standpunt. Daar bestaan geen rede waarom slegs een teorie as die uitsluitlik korrekte teorie aanvaar behoort te word nie. Met die wye verskeidenheid van uitdrukking en die ongekende tegnologiese vooruitgang in kommunikasie, maak dit eenvoudig nie sin om slegs 'n enkele verklaring van die reg op vryheid van uitdrukking te probeer aanvaar nie. Alle teorieë het inherente sterk- en swakpunte en deur slegs een regverdigingsgrond uit te sonder as korrek, word 'n model van vrye uitdrukking gebou wat slegs daardie teorie se oogmerke sal bevorder.<sup>233</sup>

Toegegee, deur al die regverdigingsgronde te erken, vergroot dit die moontlikheid van misbruik deur onverantwoordelike en beginsellose sprekers, maar die bestaande lasterreg en interne beperkinge van artikel 16(2) behoort as voldoende teenvoeter hiervoor te dien.

#### **4 § 3 Die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra**

Artikel 16(2)(b) gee aan elkeen die reg om inligting of idees te ontvang of oor te dra. Joernaliste het dus, soos enige ander Suid-

---

<sup>232</sup> *Ibid* p 307.

<sup>233</sup> Vgl Smolla (1993) p 5. Indien die demokratiese proses-teorie byvoorbeeld uitgesonder word, sal slegs politieke spraak beskerm en bevorder word.

Afrikaner, die reg om inligting in te samel en dit te dissemineer. Dit is per slot van rekening die joernalis se hoofsaak. Teoreties dus, sal enige inmenging van owerheidsweë met hierdie reg *prima facie* onregmatig wees.

In *Case v Minister of Safety and Security; Curtis v Minister of Safety and Security*<sup>234</sup> het Mokgoro R in 'n minderheidsuitspraak geredeneer dat vryheid van uitdrukking verarm word indien dit nie ook die reg insluit om die uitdrukking van ander te ontvang en te internaliseer nie.

*Firstly, my right to express myself is severely impaired if others' rights to hear my speech are not protected. And secondly, my own right to freedom of expression includes as a necessary corollary the right to be exposed to inputs from others that will inform, condition and ultimately shape my own expression. Thus, a law which deprives willing persons of the right to be exposed to the expression of others gravely offends constitutionally protected freedoms both of the speaker and of the would-be recipients.*<sup>235</sup>

Die reg van die individu om inligting te ontvang is verbandhoudend met die demokratiese proses-teorie soos hierbo bespreek. Slegs 'n ingeligde persoon beskik oor die vermoë om verantwoordelike besluite te neem oor regeringsbeleid en sake van openbare belang.<sup>236</sup> Burns is voorts van mening dat die reg om inligting te ontvang nie beperk word tot die demokratiese proses nie, maar dat dit verband kan hou met enige inligting wat die individu benodig, hetsy van 'n opvoedkundige, ekonomiese, finansiële of ander aard.<sup>237</sup>

---

<sup>234</sup> 1996 (3) SA 617 (CC).

<sup>235</sup> *Ibid* p 629 D – 630 A.

<sup>236</sup> Burns (2002) p 75.

<sup>237</sup> *Ibid* p 76.

Beteken die reg om inligting te ontvang en oor te dra dus dat burgers bandelose vryheid geniet sover dit inligting betref, of dat joernaliste onbeperkte vryhede geniet om inligting te versamel? Die antwoord moet noodwendig negatief wees. Soos reeds genoem, is geen reg absoluut nie en moet daar, indien regte met mekaar meeding, 'n balans gehandhaaf word tussen die betrokke kompeterende belange. 'n Individu se reg op privaatheid kan byvoorbeeld in gepaste omstandighede swaarder weeg as 'n ander individu se kompeterende reg op vrye uitdrukking of reg tot toegang tot inligting.

Hoe dit ookal sy, deur die reg om inligting te ontvang te beskerm, verskans artikel 16(1)(b) die regte van die persone op wie die uitdrukking gemik is, in teenstelling met die regte van sprekers, wat normaalweg onder oorweging is wanneer vryheid van uitdrukking onder die vergrootglas geplaas word. Indien joernaliste voortdurend gedagvaar word om te getuig, bestaan die moontlikheid dat potensiele bronne nie na vore sal kom nie en daardie inligting dan vir die joernalis en publiek verlore sal wees. Indien joernaliste gesien word as agente vir die vervolging, verloor hulle geloofwaardigheid in die oë van bronne van inligting en in die oë van die publiek. In *Prosecutor v Radoslav Brdjanin Momir Talic*<sup>238</sup> het die *International Criminal Tribunal For the Former Yugoslavia* (ICTY) gesê: *[T]he Appeals Chamber is of the view that compelling war correspondents to testify before the International Tribunal on a routine basis may have a significant impact upon their ability to obtain information and thus their ability to inform the public on issues of general concern.*<sup>239</sup> Hoewel hierdie saak gehandel het oor 'n privilegie vir oorlogskorrespondente, is die beginsels vir joernaliste in enige gebied dieselfde. Daar kan dus geargumenteer word dat die voortdurende

---

<sup>238</sup> ICTY Case No IT-99-36-AR73.9

<sup>239</sup> *Ibid* par 44.

dagvaarding van joernaliste om vertroulike bronne te openbaar inbreuk maak op die publiek se reg om inligting van openbare belang te ontvang.

‘n Verdere moontlike gevolg van die ontkenning van ‘n joernalistieke privilegie wat betrekking het op die reg van die publiek om inligting te ontvang, is ‘n vorm van sensuur. Joernaliste sal in sommige gevalle inligting doelbewus weerhou juis met die doel om ‘n moontlike dagvaarding af te weer. Op hierdie manier sal die pers selfsensuur toepas en sodoende die publiek van waardevolle inligting ontnem. Dit is uiters moeilik om sensuur as konsep in ‘n moderne oop demokratiese samelewing te regverdig in soverre dit betrekking het op inligting van openbare belang. Selfs kontroversiële temas soos pornografie word geduld en eerder geklassifiseer as gesensor. Een van die redes waarom uitdrukking wat op die oog af van min of geen noemenswaardige publieke belang is nie, geduld en ook tot ‘n mate beskerm word, kan verduidelik word met die sogenaamde *slippery slope of thin edge of the wedge* argument. Hierdie argument hou voor dat, indien byvoorbeeld uitdrukking soos pornografie onderdruk word, dit moontlik sal lei tot die onderdrukking van ander uitdrukking wat ook van mindere publieke belang of waarde is soos skindernuus op die agterblad. Dit kan moontlik ‘n kettingreaksie tot gevolg hê wat uiteindelik sal lei tot die algehele onderdrukking van uitdrukking. Dit is natuurlik alte maklik om die argument te oordryf. MacKinnon sê dat die *slippery slope* argument *a largely phony scruple* is.<sup>240</sup> Met die geskiedenis van persvryheid in Suid-Afrika in gedagte, is dit egter van uiterste belang om alle moontlike gebeurlikhede in gedagte te hou. Mokgoro R het in *Case*<sup>241</sup> gesê: *Especially in the light of the painfully fresh memory of the executive branch of government*

---

<sup>240</sup> Catharine A. MacKinnon, *Only Words* (Harvard, 1993) p 86 .

<sup>241</sup> Vn 234 *supra* op p 646 D.

*ruthlessly wielding its ill-checked powers to suppress political, cultural, and, indeed, sexual expression, there is a need to jealously guard the values of free expression embodied in the Constitution of our fledgling democracy.*

Suiwer inhoudsgebaseerde sensuur<sup>242</sup> is al beskryf as ‘n belediging vir die individu aan die ontvangkant daarvan aangesien dit neerkom op ‘n amptelike ontkenning en afkeuring van die lede van die samelewing waarop dit gemik is.<sup>243</sup> Dit is voorts ook beledigend aangesien dit beteken dat die sensor aanneem dat die individuele lede van die samelewing nie volwasse en verantwoordelik genoeg is om uitdrukking te ontvang en logies daarvoor te dink nie. Baker sê:

*Government insults its citizens, and denies their moral responsibility, when it decrees that they cannot be trusted to hear opinions that might persuade them to dangerous or offensive convictions. We retain our dignity, as individuals, only by insisting that no-one, no official and no majority – has the right to withhold an opinion from us on the ground that we are not fit to hear and consider it.<sup>244</sup>*

Suiwer inhoudsgebaseerde sensuur van owerheidsweë kan dus nie deug nie. Dieselfde geld tot ‘n mate vir selfsensuur. Indien ‘n joernalis weier om inligting van openbare belang te publiseer bloot om die toorn van die owerhede te vermy, word die publiek die slagoffer van

---

<sup>242</sup> Suiwer inhouds-gebaseerde sensuur beteken dat inligting gesensor word uit blote afkeur van die inhoud daarvan. Sensuur vind nie plaas met die doel om moontlike nadelige gevolge wat die publikasie van die inligting tot gevolg mag hê te voorkom nie. Indien sensuur op hierdie manier benader word, kan militêre geheime of kinder pornografie byvoorbeeld wel gesensor word aangesien die sensuur wel tot ‘n mate inhouds-gebaseer is, maar nie “suiwer” inhouds-gebaseer nie. Sodanige sensuur kan geregverdig word aangesien die nadelige gevolge wat die publikasie daarvan mag veroorsaak die oorwegende faktor is.

<sup>243</sup> Raz J in Waluchow W J (1994) p 14.

<sup>244</sup> Burchell (1998) p 13.

sensuur aangesien belangrike inligting sodoende van hulle weerhou word.

#### 4 § 4 Regmatige beperkinge op vryheid van uitdrukking

Geeneen van die regte in die Handves van Regte is absoluut nie. Regte se grense word bepaal deur die regte van ander regssubjekte en die regmatige behoeftes van die samelewing.<sup>245</sup> Dit volg natuurlik dat alle uitdrukking nie grondwetlike beskerming sal geniet nie. Die Konstitusionele Hof het in *Khumalo*<sup>246</sup> duidelik te kenne gegee dat vryheid van uitdrukking nie 'n meerderwaardige reg is wat alle ander fundamentele regte troef nie.<sup>247</sup>

Die vernaamste beperking op die reg op vrye uitdrukking is die interne beperkingsmeganismes in artikel 16 van die Grondwet wat bepaal dat sekere vorme van uitdrukking spesifiek uitgesluit word van die algemene reg op vryheid van uitdrukking soos bedoel in artikel 16(1). Artikel 16(2) bepaal:

(2) *Die reg in subartikel (1) omvat nie-*

(a) *propaganda vir oorlog nie;*

(b) *die aanstigting van dreigende geweld nie; of*

(c) *die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdienste gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.*

<sup>245</sup> De Waal *et al* (2000) p 132.

<sup>246</sup> Vn 12 *supra*.

<sup>247</sup> O'Regan R sê op p 417 H *although freedom of expression is fundamental to our democratic society, it is not a paramount value. It must be construed in the context of the other values enshrined in our Constitution. In particular, the values of human dignity, freedom and equality.*



Enige vorm van uitdrukking wat dus in een van die bogenoemde kategorieë val, sal nie beskerm word nie. Hierdie beperkinge strook met die benadering wat in die meeste Westerse demokrasieë gevolg word.<sup>248</sup>

Artikel 16(2) is egter nie die enigste wyse waarop uitdrukking buite die trefwydte van grondwetlike beskerming geplaas kan word nie. Die Grondwet bevat 'n algemene beperkingsklousule wat ingespan kan word om die regte wat in die Handves van Regte vervat is, te beperk. Enige beperking op die regte wat in hoofstuk 2 van die Grondwet gewaarborg word, moet voldoen aan spesifieke kriteria soos uiteengesit in artikel 36, die algemene beperkingsklousule. Ingevolge artikel 36 sal enige sodanige beperking op 'n fundamentele reg slegs geldig wees indien die beperking geskied kragtens 'n algemeen geldende regsvoorskrif en "in die mate waarin die beperking redelik en regverdigbaar is in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid, met inagneming van alle tersaaklike faktore." Hierdie faktore sluit die volgende in:

- die aard van die reg;
- die belangrikheid van die doel van die beperking;
- die aard en omvang van die beperking;
- die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
- 'n minder beperkende wyse om die doel te bereik.

---

<sup>248</sup> Die *International Covenant on Civil and Political Rights* van 1996 bepaal byvoorbeeld in artikel 20(1) dat enige propaganda vir oorlog deur die reg verbied moet word. In die Duitse strafreg word enige aanval op die menswaardigheid van individue of groepe en die aanstigting van rassehaat uitdruklik verbied deur artikels 130 en 131 van die *Strafgesetzbuch*. In Brittanje verbied artikel 18 van die *Public Order Act of 1986* die gebruik van dreigende of beledigende woorde of gedrag wat 'n afbrekende rasse-karakter het. Sien verder Burns (2001) pp 111 – 123.

Suid-Afrikaanse howe volg 'n tweefase benadering met betrekking tot die beoordeling van 'n inbreukmaking op, en beperking van fundamentele regte. Eerstens moet objektief vasgestel word of daar inderdaad konflik bestaan tussen die betwiste wet, maatreël of aksie en die betrokke fundamentele reg. Indien die konflik wel bestaan, moet vervolgens bepaal word of die wet, maatreël of aksie binne die toelaatbare beperkings val.<sup>249</sup> Artikel 36 vereis duidelik van die hof om die kompeterende belange teenoor mekaar op te weeg. Die uiteindelige doel is om proporsionaliteit te bewerkstellig tussen die beperking en die fundamentele reg onder oorweging. Hierdie proporsionaliteitsondersoek vereis dat die nadeel wat deur die inbreukmaking of beperking veroorsaak word opgeweeg moet word teen die voordeel wat dit poog om te bewerkstellig.<sup>250</sup> Sou die joernalis met ander woorde oor inligting beskik wat 'n onreg teenoor byvoorbeeld kinders aan die lig sal bring, kan geargumenteer word dat, in die gees en strekking van die grondwet, hierdie spesifieke kwesbare groep se belange swaarder weeg as die media se reg op vrye uitdrukking. In sulke omstandighede sal 'n hof heeltemal tereg die kwesbare groep se regte vooropstel.

Aangesien 'n bevel om die openbaring van 'n vertroulike bron se identiteit inbreuk maak op die media se reg op vrye uitdrukking, en meer spesifiek die reg om inligting te ontvang en oor te dra, kan sodanige inbreukmaking getoets word aan die faktore genoem in artikel 36(1). Teoreties behoort die joernalis wat inligting van openbare belang gepubliseer het en hom- of haarself gevolglik in die getuiebank bevind, te kan steun op die algemene beperkingsklousule om openbaring van die bron se identiteit vry te spring.

---

<sup>249</sup> Burns (2001) p 107. Sien ook De Waal *et al* (1998) p 133.

<sup>250</sup> De Waal *et al* (1998) p 144.

Wat artikel 36(1)(a) betref, naamlik die aard van die reg, is De Waal, Currie en Erasmus van mening dat sekere regte swaarder weeg as ander en 'n inbreukmaking op hierdie regte dus moeiliker regverdigbaar sal wees as 'n inbreukmaking op ander, minder gewigtige regte.<sup>251</sup> Die hof moet dus die belang van die reg in die groter grondwetlike raamwerk bepaal. Soos reeds genoem, is dit my submissie dat die hof nie genoeg gewig toeken aan die publiek se belang by die vrye vloei van inligting nie.<sup>252</sup> Indien howe die korrekte gewig toeken aan die publiek se belang by alle aspekte van vrye uitdrukking, behoort die vertroulike bron van inligting beskerm te word, aangesien dit nie slegs betrekking het op die aangeleentheid tans voor die hof nie, maar moontlik verreikende gevolge mag hê op inligting van openbare belang in die toekoms. In die groter grondwetlike plan, behoort vryheid van uitdrukking dus 'n belangriker rol te speel as wat tans die geval is.

Ook wat betref 'n verdere faktor genoem in artikel 36(1)(c), die aard en omvang van die beperking, kan daar 'n argument teen openbaarmaking van 'n bron se identiteit gemaak word. By die beoordeling van hierdie faktor moet die hof bepaal tot welke mate die beperking die betrokke reg aantas aangesien die proporsionaliteitsvereiste inhou dat die beperking nie meer omvattend moet wees as dit wat noodsaaklik is om die doel met die beperking te bereik nie. Vir die joernalis wat dus met die openbaring van 'n bron gekonfronteer word, kan artikel 36(1)(c) 'n verdere mate van beskerming bied. Daar kan geargumenteer word dat die aard en omvang van die beperking op vryheid van uitdrukking buite verhouding is tot die voordeel of doel van die beperking, naamlik behoorlike regspleging. Weer eens word die vrye vloei van inligting oor die

---

<sup>251</sup> De Waal *et al* (1998) 144.

<sup>252</sup> Sien par 3 § 2 *supra*.

langtermyn ondermyn aangesien ander potensiële bronne van inligting moontlik nie meer geneë sal wees om na vore te kom nie. Dus is daar prima facie 'n wesenlike inbreukmaking op vryheid van uitdrukking. Die aandag moet egter daarop gevestig word dat hierdie argument wel al voor die hof geopper is. In *Parker*<sup>253</sup> het die beskuldigde beweer dat bronne sou opdroog indien hul identiteite ontbloom sou word. MacDonald WAR se antwoord was eenvoudig dat “[t]he loss, on occasion, of information should not, however, be regarded as too high a price to pay for compliance with the law.”<sup>254</sup> Dit was egter 'n 1965 uitspraak en is nie geargumenteer uit 'n grondwetlike oogpunt met 'n oppermagtige grondwet en handves van regte as fondament nie.

Die joernalis se sterkste argument in terme van artikel 36 spruit myns insiens voort uit artikel 36(1)(e). 'n Beperking op 'n fundamentele reg sal nie regmatig wees indien daar van ander middele gebruik gemaak kan word om dieselfde doel te bereik met 'n mindere of geen mate van beperking op die betrokke fundamentele reg nie. Sou daar wel 'n ander, minder beperkende middel wees om dieselfde doel te bereik, moet daarvan gebruik gemaak word.<sup>255</sup> Ingevolge hierdie benadering kan die joernalis dus moontlik aandrang daarop om laaste as getuie gedagvaar te word. Daar bestaan 'n moontlikheid dat ander nie-media getuies moontlik die getuienis van die joernalis oorbodig sal maak. Op hierdie manier kan 'n inbreukmaking op mediavryheid afgeweer word terwyl die openbare belang by die regspleging steeds 'n regmatige plek behou, mits daar natuurlik ander getuienis beskikbaar is. 'n Verdere moontlikheid is dat die joernalis in gepaste omstandighede bloot die berig en die strekking daarvan kan beëdig.<sup>256</sup> Dit sal tot

---

<sup>253</sup> 1965 4 SA 47 (SRA) p 52H.

<sup>254</sup> *Ibid* p 52H.

<sup>255</sup> De Waal *et al* (1998) p 148.

<sup>256</sup> In *Cornelissen* was dit juis wat die joernalis bereid was om te doen.

gevolg hê dat die hof steeds tot 'n mate dieselfde inligting voor hom het, maar sonder die inbreukmaking op 'n fundamentele reg.

'n Verdere regmatige beperking op die reg op vrye uitdrukking is die regte van ander regssubjekte. In hierdie verband is die vernaamste area die lasterreg. Laster kan gedefinieër word as *die onregmatige, opsetlike publikasie van woorde of gedrag aangaande 'n ander wat die strekking het om sy aansien, goeie naam of reputasie te ondermyn.*<sup>257</sup> Voor die 1998 Hoogste Hof van Appèl beslissing in *National Media Ltd v Bogoshi*<sup>258</sup> was die media in 'n uiters ongunstige posisie met betrekking tot lasteraksies. Gemeenregtelik moet die eiser in 'n lasteraksie bewys dat die lasterlike bewerings gemaak is met die nodige *animus iniuriandi* of opset om te benadeel. Die howe het egter hierdie bewyslas van die eiser verlig deur 'n weerlegbare vermoede van die aanwesigheid van beide onregmatigheid en *animus iniuriandi*.<sup>259</sup> In die geval van publikasie deur die media egter, was hierdie 'n onweerlegbare vermoede. Die media was dus skuldloos aanspreeklik. In *Pakendorf v De Flamingh*<sup>260</sup> het die Appèlhof die skuldlose aanspreeklikheid van die uitgewer, drukker, redakteur en eienaar van die koerant waarin die lasterlike bewerings verskyn het, bevestig.

In *Bogoshi* het Hefer AR bevind dat *Pakendorf* verkeerd beslis is.<sup>261</sup> Die regter het egter nie bloot die gemeenregtelike posisie van aanspreeklikheid gegrond op *animus iniuriandi* herstel nie. Die hof het eerder nalatigheid as grondslag vir media-aanspreeklikheid in lasteraksies ingevoer. Indien die publikasie dus objektief redelik

---

<sup>257</sup> Neethling, Potgieter en Visser *Deliktereg* Vierde uitgawe (2002) 363.

<sup>258</sup> 1998 (4) SA 1196 (SCA).

<sup>259</sup> *SAUK v O'Malley* 1977 (3) SA 394 (A) 402.

<sup>260</sup> 1982 (3) SA 146 (A).

<sup>261</sup> Vn 258 *supra* p 216 E.

geskied het, sal die media-verweerder aanspreeklikheid kan ontkom. Dit het die meer billike situasie tot gevolg gehad dat die pers en die individu nie meer op totaal ongelyke voet behandel word nie.

Daar blyk 'n patroon te ontwikkel ingevolge waarvan die meganismes waarmee die media in die verlede aan bande gelê is tot 'n groot mate verslap het of selfs verdwyn het. Die beskerming van bronne is myns insiens die volgende logiese stap om die pers waarlik vry te maak in ooreenstemming met die oogmerke van artikel 16.

#### **4 § 5 Samevatting**

Die Handves van Regte soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika waarborg ongekende regte en vryhede vir alle Suid-Afrikaners. Vryheid van uitdrukking is slegs een van hierdie regte, en hoewel geeneen van die regte in die Grondwet aanspraak kan maak op 'n verhewe posisie nie, is daar wel 'n paar kernregte wat in 'n grondwetlike raamwerk beskou kan word as die fundamente waarop ander regte rus. Vryheid van uitdrukking is een van hierdie hoekstene van demokrasie.

Daar bestaan geen twyfel oor die geweldige impak wat die pers en ander media op die samelewing as geheel het nie, en namate die tradisionele media aangevul en uitgebrei word deur 'n tegnologiese revolusie word die hoewe en inderdaad die ganse samelewing gedwing om bestaande beginsels oor vryheid van uitdrukking te heroorweeg. Mediavryheid, en by noodwendige implikasie die beskerming van vertroulike bronne, is 'n voorbeeld van so 'n grondwetlike kwessie wat nie bloot met verwysing na bestaande wetgewing en gemeenregtelike beginsels beredeneer kan word nie. Hoewel daar altyd 'n plek sal

wees vir die tradisionele regverdigingsgronde vir vryheid van uitdrukking, is daar soos hierbo genoem, talle nuwe vraagstukke wat nie bloot met verwysing na die demokratiese proses, individuele selfverwesenliking of die bronwel van idees opgelos kan word nie. In dieselfde mate was daar tot dusver nog nie geleentheid gewees vir die howe om 'n joernalistieke privilegie te oorweeg met behoorlike ondersoek na die grondwetlike aspekte daaromtrent nie.

Die beskerming van vertroulike bronne is tot dusver voor die howe geargumenteer op die basis van 'n individuele reg. In onderskeidelik *Matisonn*,<sup>262</sup> *Poggrund*,<sup>263</sup> *Parker*<sup>264</sup> en tot 'n mate *Cornelissen*,<sup>265</sup> is die beroep op 'n joernalistieke privilegie gebaseer op die *joermalis* se regte. Die joernalis se reg op vryheid van uitdrukking of die etiek van die joernalistiek is as basis vir die verweer ingespan, elke keer sonder sukses. Ook sommige akademiese skrywers baseer hul argumente op 'n individuele regte-basis. Khuluse byvoorbeeld, is van mening dat joernalistieke privilegie 'n uitvloeisel van die joernalis se reg op privaatheid is.<sup>266</sup> Die probleem met die bogenoemde standpunte is egter dat dit sonder uitsondering van die pers 'n bevoorregte groep maak, en soos reeds hierbo genoem, kan enige vorm van persuitsondering om 'n verskeidenheid redes nie deug nie.<sup>267</sup>

Burns noem dat daar in die afgelope paar jaar 'n beweging is na die erkenning van 'n kollektiewe reg om ingelig te wees: *As a normative ideal, the collective right to information gives effect to democratic*

---

<sup>262</sup> Vn 32 *supra*.

<sup>263</sup> Vn 32 *supra*.

<sup>264</sup> Vn 46 *supra*.

<sup>265</sup> Vn 24 *supra*.

<sup>266</sup> Khuluse D R SAJHR (1993) p 285.

<sup>267</sup> Sien par 4 § 2 *supra*.

*principles by ensuring an informed voting populace ... it no longer makes sense to speak of democracy without at least implying a popular right of information.*<sup>268</sup> Hierdie is myns insiens die kern van 'n joernalistieke privilegie. Dit is gebaseer op die kollektiewe reg van die samelewing om ingelig te wees – nie net oor gebeure rondom die politieke landskap nie, maar enige inligting wat die individuele lede van die samelewing nodig ag om binne die raamwerk van die reg sinvolle vervulde lewens te lei. Dit is dus van kardinale belang dat die howe se aandag gevestig word op die grondwetlike impak van die beskerming van vertroulike bronne.

Dit moet egter weer eens beklemtoon word dat 'n absolute joernalistieke privilegie nie die antwoord is nie. Enige regte wat aan die media gegee word moet ook binne die groter grondwetlike raamwerk geplaas word. Dit is egter die beperking op daardie reg wat van meer belang is vir die onderhawige studie en, soos hierbo genoem, is daar selfs binne artikel 36 se bepalings 'n uitweg vir die joernalis wat met die ontmaskering van vertroulike bronne gekonfronteer word. Die opweeg van belange en die proporsionaliteitstoets laat steeds vir die howe voldoende geleentheid en beweegruimte om 'n waarde-oordeel te vel sou hulle uitspraak moes gee oor die openbaring van 'n bron se identiteit in gevalle waar dit dan wel wenslik sou wees. Dit is egter myn submissie dat dit vir mediavryheid en inderdaad die demokrasie veel beter sal wees om as uitgangspunt 'n breë joernalistieke privilegie in beginsel te erken, en slegs in uitsonderlike gevalle te oorweeg om die joernalis se anonieme bron van inligting te ondersoek. Tans rus daar 'n bewyslas op die joernalis om op 'n oorwig van waarskynlikheid te bewys dat daar redes bestaan waarom die bron van inligting se identiteit nie openbaar behoort te word nie.

---

<sup>268</sup> Burns (2001) p 76.



Indien vryheid van uitdrukking as een van die hoekstene van demokrasie beskou word, sou dit nie meer sin maak om die bewyslas na die party wat openbaring vereis te skuif nie? Indien dit 'n vereiste sou wees dat die party wat openbaring van die bron verlang, hetsy die staat of 'n privaat party, dwingende redes moet aanvoer waarom openbaring van die identiteit van 'n anonieme bron noodsaaklik is, sou dit aan joernaliste en bronne 'n mate van beskerming gee wat meer in pas is met die doel en oogmerke van artikel 16 (1) as wat tans die geval is. In 'n stelsel waar hofgesanksioneerde openbaring van anonieme bronne van inligting feitlik 'n uitgemaakte saak is, word slegs lippediens aan vryheid van uitdrukking gedoen. In hierdie verband het die Suid Afrikaanse reg tred verloor met regsontwikkelinge elders wat betref joernalistieke privilegie, soos sal blyk uit 'n kort regsvergelykende studie hieronder.

## Hoofstuk 5

---

*Everyone has the right to freedom of opinion and expression; this right includes freedom to hold opinions without interference and to seek, receive and impart information and ideas through any media and regardless of frontiers.*

**Artikel 19 van die Verenigde Nasies se Universele Deklarasie van Menseregte.**

### Enkele internasionale perspektiewe

#### 5 § 1 Inleiding

Hoewel die doel met hierdie ontleding nie is om 'n intensiewe analise van wêreldwye persepsies van joernalistieke privilegie te doen nie, is dit wel nuttig en raadsaam om kennis te neem van enkele gevestigde internasionale perspektiewe en praktyke.

Kontemporêre kommunikasiemedie het so verspreid en toeganklik geword dat beriggewing in 'n toenemende mate vergelyk met, en getoets word aan dit wat oor grense heen as regverdig en billik aanvaar word.

Suid-Afrika het 'n unieke regstelsel. Die Romeins-Hollandse gemenerereg, aangevul met die Engelse reg en plaaslike gebruike, maak die Suid Afrikaanse reg die perfekte teelaarde vir die resepsie van gesonde beginsels en idees uit vreemde reg.

Die grondwet bepaal voorts ook in artikel 39 dat by die uitleg van die Handves van Regte 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag moet neem en buitelandse reg in ag mag neem. Sedert die instelling van die eerste Hoogeregshof in die Kaap in 1828, het Suid Afrikaanse howe geredelik inspirasie uit ander ontwikkelde regstelsels geneem om leemtes in die Suid Afrikaanse reg aan te vul.<sup>269</sup> Veral op 'n gebied soos vryheid van uitdrukking, waar Suid-Afrika maar in kinderskoene staan, kan met vrug na die posisie in ander ontwikkelde westerse lande verwys word.

In die lig hiervan sal vervolgens verwys word na enkele benaderings in die buiteland. Die Europese Unie, enkele lidlande van die Unie en Engeland sla bespreek word. Die Verenigde State van Amerika se posisie asook enkele benaderings uit Afrika sal onder die soeklig val. Laastens word die Internasionale Humanitêre reg se antwoord op die vraagstuk bespreek.

---

<sup>269</sup> Hosten Edwards Church en Bosman *Introduction to South African Law and Legal Theory* (1995) p 431.

## 5 § 2 Europa

Die belangrikste uitspraak van die Europese Hof van Menseregte tot op hede met betrekking tot joernalistieke privilegie is die 1996 uitspraak in *Goodwin v The United Kingdom*.<sup>270</sup> William Goodwin, 'n leerling joernalis in diens van *The Engineer*, is op 2 November 1989 deur 'n persoon gekontak wat, volgens Goodwin, hom verskeie kere vantevore van inligting voorsien het oor verskeie maatskappye. Die bron het aan hom inligting verskaf oor Tetra Ltd, tot dien effekte dat Tetra besig was om 'n lening van £5 miljoen te bekom maar dat die maatskappy finansiële probleme ondervind het as gevolg van 'n verwagte £2.1 miljoen verlies wat die maatskappy gedurende 1989 sou gely het. Goodwin het deurentyd volgehou dat hy geen rede gehad het om te vermoed dat die inligting gesteel is nie. Op 6 en 7 November 1989 het Goodwin dan ook die maatskappy gekontak om die inligting te verifieër. Tetra het, uit vrees oor 'n verlies aan vertrouwe by sy krediteure, kliënte en verskaffers, 'n interdik teen publikasie van die inligting verkry asook 'n bevel om die bron van die inligting te openbaar ingevolge artikel 10 van die Britse *Contempt of Court Act*. Goodwin se appél na die Britse Appélhof asook die *House of Lords* get nie geslaag nie en op 10 April 1990 is Goodwin met £5000 beboet weens minagting van die hof.

In sy appél na die Europese Hof van Menseregte het Goodwin geargumenteer dat die hofbevel om sy bron te openbaar asook die boete hom opgelê, 'n inbreukmaking op artikel 10 van die Europese Konvensie van Menseregte is wat bepaal:

1. *Everyone has the right to freedom of expression. This right shall include freedom to hold opinions and to receive and*

---

<sup>270</sup> 22 EHRR 123.

*impart information and ideas without interference by public authority and regardless of frontiers. This Article shall not prevent States from requiring the licensing of broadcasting, television or cinema enterprises.*

2. *The exercise of these freedoms, since it carries with it duties and responsibilities, may be subject to such formalities, conditions, restrictions or penalties as are prescribed by law and are necessary in a democratic society, in the interests of national security, territorial integrity or public safety, for the prevention of disorder or crime, for the protection of health or morals, for the protection of the reputation or rights of others, for preventing the disclosure of information received in confidence, or for maintaining the authority and impartiality of the judiciary.*<sup>271</sup>

Die hof het 'n drieledige toets ingespan om tot 'n gevolgtrekking te kom dat daar inderdaad inbreuk gemaak is op Goodwin se reg op vryheid van uitdrukking. Eerstens is gevra of die inbreukmaking 'n regsbasis gehad het of, anders gestel "*Was the interference "prescribed by law"?*" Hierdie vraag is bevestigend beantwoord met verwysing na artikels 10 en 14 van die Contempt of Court Act van 1980.<sup>272</sup> Tweedens moes bepaal word of die inbreukmaking 'n regmatige doel nastreef. Eweneens is bevind dat die gewraakte maatreëls wel 'n regmatige doel, naamlik die beskerming van Tetra se regte, nagestreef het.<sup>273</sup> Laastens moes vasgestel word of die inbreukmaking noodsaaklik was in 'n demokratiese samelewing. Die applikant sowel as die hof was van mening dat artikel 10 van die Konvensie vereis dat enige bevel om 'n joernalis te dwing om 'n bron te ontbloot beperk moes wees tot "*exceptional circumstances*

<sup>271</sup> 213 UNTS 221; European TS 5.

<sup>272</sup> Vn 271 *supra* par 34.

<sup>273</sup> *Ibid* par 35.

where vital public or individual interests were at stake.“ Die hof het bevind dat hierdie toets nie geslaag is nie.<sup>274</sup> Die hof het voorts genoem dat vryheid van uitdrukking een van die noodsaaklike elemente van ‘n demokrasie is en dat maatreëls om de pers te beskerm van spesifieke belang hiervoor is.<sup>275</sup> Die hof het in onomwonde terme dit gestel dat die beskerming van bronne ‘n noodsaaklike element van persvryheid is:

*Protection of journalistic sources is one of the basic conditions for press freedom, as is reflected in the laws and the professional codes of conduct in a number of Contracting States and is affirmed in several international instruments on journalistic freedoms...Without such protection, sources may be deterred from assisting the press in informing the public on matters of public interest. As a result the vital public-watchdog role of the press may be undermined and the ability of the press to provide accurate and reliable information may be adversely affected. Having regard to the importance of the protection of journalistic sources for press freedom in a democratic society and the potentially chilling effect an order of source disclosure has on the exercise of that freedom, such a measure cannot be compatible with Article 10 of the Convention unless it is justified by an overriding requirement in the public interest.*<sup>276</sup>

In ‘n elf teen sewe uitspraak is bevind dat daar nie ‘n redelike verhouding van proporsionaliteit was tussen die regmatige doel nagestreef met die bevel om die bron te ontbloot en die maatreëls ingespan om daardie doel te bereik nie. Die beperking op vryheid van uitdrukking wat die hofbevel daargestel het kon nie beskou word as redelik in ‘n demokratiese samelewing nie.

---

<sup>274</sup> *Ibid* par 37.

<sup>275</sup> *Ibid* par 39.

<sup>276</sup> *Ibid*.

Benewens die Europese Hof van Menseregte se beslissing dat vertroulike bronne van inligting beskerm moet word is daar ook al deur middel van resolusies aangeneem deur die Europese Parlement maatreëls daargestel om die beskerming van vertroulike bronne van inligting te verwesenlik. Hoewel dit nie soseer as “die reg” geklassifiseer kan word nie, is dit tog van belang aangesien dit riglyne daarstel waarvolgens lande binne die Europese Unie behoort op te tree. Sodanige riglyne staan bekend as “Soft Law”. Dugard definieer “soft law” as *imprecise standards, generated by declarations adopted by diplomatic conferences or resolutions of international organizations, that are intended to serve as guidelines to states in their conduct, but which lack the status of “law”*.<sup>277</sup> Hoewel dit dus nie regsrag het nie, is “soft law” ‘n redelike goeie aanduiding van die algemene gevoel rondom ‘n aangeleentheid.

Die Europese Parlement het in 1993 die *Resolution of the European Parliament on Confidentiality of Journalists' Sources and the Right of Civil Servants to Disclose Information* aangeneem. Hierdie resoluie het bepaal dat die reg op vertroulikheid van joernaliste se brone ‘n belangrike faktor is om verskaffing van inligting aan die publiek te vermeerder en te verbeter. Hierdie reg versterk ook in praktyk die deursigtigheid van die besluitnemingsproses en is onlosmaaklik verbind aan vryheid van inligting en persvryheid. Dit is interessant om daarop te let dat die resoluie kommer uitgespreek het oor die aanvalle op joernaliste se professionele geheimhouding op plaaslike vlak wat gefasiliteer is deur die afwesigheid van voldoende wetgewing. Die resoluie het ‘n beroep op lidlande gedoen om die situasie reg te stel.

---

<sup>277</sup> Dugard J *International Law – A South African Perspective* (2000) p 36.

In Desember 1994 het die *European Ministerial Conference on Mass Media Policy of the Council of Europe* die *Resolution on Journalistic Freedoms and Human Rights* aangeneem wat bepaal dat die beskerming van joernaliste se bronne 'n bydrae lewer tot die instandhouding en ontwikkeling van opregte demokrasie. Artikel 4 van die resoluksie bepaal dat enige inmenging met die joernalistiek aan die volgende vereistes moet voldoen:

1. Dit moet noodsaaklik wees in 'n demokratiese samelewing;
2. Dit moet 'n reaksie tot 'n dwingende sosiale behoefte wees;
3. Dit moet regtens geoorloof wees;
4. Dit moet geformuleer wees in duidelike presiese terme;
5. Dit moet streng uitgelê word; en
6. Dit moet proporsioneel wees tot die doel wat daarmee bereik wil word.

Die Europese Parlement het egter nie wetgewende bevoegdheede oor lidlande nie, en die meerderheid sake word steeds op streekvlak en ingevolge die betrokke land se wetgewing bereg. Dit is derhalwe noodsaaklik om volledigheidshalwe ook ondersoek in te stel na die regsposisie soos dit voorkom in van die onderskeie lidlande. Op plaaslike vlak wissel die posisie van uiters liberal (byvoorbeeld Swede) tot taamlik konserwatief (byvoorbeeld Engeland).

### **5 § 3 Die Engelse reg**

Gemeenregtelik het Britse joernaliste geen privilegie om die openbaring van vertroulike bronne van inligting se identiteit te weier



sou die howe daarna vra nie.<sup>278</sup> Die Britse howe was, soos hul Suid-Afrikaanse eweknieë, nie toeganklik vir 'n joernalistieke privilegie nie soos blyk uit relevante regspraak.

In *Attorney Genl v Mulholland, Attorney Genl v Foster*<sup>279</sup> het beide die appellante berigte vir hulle onderskeie koerante geskryf aangaande pligsversuim in die Britse vloot. Bewerings is gemaak dat die personeel van die vloot, as gevolg van onbekwaamheid, nie 'n spioen in hul midde kon opspoor nie. Beide is skuldig bevind aan minagting van die hof aangesien hulle geweier het om die name van hul bronne bekend te maak. Lord Denning het in sy uitspraak gesê:

*It seems to me, therefore, that the authorities are all one way. There is no privilege known to the law by which a journalist can refuse to answer a question which is relevant to the inquiry, and is one which, in the opinion of the judge, it is proper for him to be asked.*<sup>280</sup>

Beide appèlle is van die hand gewys aangesien die hof bevind het dat daar geen joernalistieke privilegie in die Engelse reg bestaan nie. Dit is interessant dat die regter ook na ander professies verwys naamlik die geestelike, bankier en dokter. Hy merk op dat die regter die inligting wat aan hierdie persone binne hul onderskeie beroepe oorgedra is sal respekteer en dat hulle slegs beveel sal word om dit te openbaar indien dit relevant, welvoeglik en inderdaad nodig is om die reg sy gang te laat gaan.<sup>281</sup> Dit wil dus blyk dat die Britse howe tog meer geneë was om 'n tipe beperkte privilegie, buiten dië van die regsverteenvoerder-kliënt, te erken.

<sup>278</sup> *Attorney Genl v Mulholland, Attorney Genl v Foster* [1963] 1 All ER 767; *Attorney General v Clough* [1963] 1 All E. R. 420.

<sup>279</sup> [1963] 1 All ER 767.

<sup>280</sup> *Ibid* p 772 E.

<sup>281</sup> *Ibid* p 771C.

*Attorney General v Clough*<sup>282</sup> se feite is wesenlik dieselfde as *Mulholland en Foster* hierbo. Die respondent was 'n joernalis by die *Daily Sketch* wat 'n berig oor dieselfde gebeure as mnre. Mulholland en Foster geskryf het. Clough het geweier om die bron van sy inligting te openbaar in reaksie op 'n vraag gedurende kruisondervraging van die tribunaal wat getuienis aangehoor het. Daar is namens die respondent geargumenteer dat die pers, regtens en grondwetlik, in 'n spesiale posisie is wat verskil van die ander gewone lede van die publiek. Lord Parker het toegegee en was van mening dat joernaliste tog spesiale behandeling ontvang:

*There is no doubt that the press has received very special consideration, both by Parliament and, I venture to think, by these courts. It does not follow, however, that because some special privileges and immunities have been given to them that they can maintain what they now assert, a complete immunity to disclose the source of any information.*<sup>283</sup>

Hoewel die joernalis volgens die hof wel 'n spesiale posisie bekleed, is die respondent egter steeds skuldig bevind:

*As I have said, it would still, as I conceive it, remain open to this court to say in the special circumstances of any particular case that public policy did demand that the journalist should be immune, and I, therefore, ask myself whether, in the circumstances of the present case, it is necessary from the point of view of public policy that I should recognise the claim to immunity which is raised. The answer as I see it must be: No.*<sup>284</sup>

---

<sup>282</sup> [1963] 1 All E. R. 420.

<sup>283</sup> *Ibid* p 425 H.

<sup>284</sup> *Ibid* p 428 A.

In 1980 het die *House of Lords* weer die geleentheid gehad om die kwessie van 'n joernalistieke privilegie te oorweeg in *British Steel Corporation v Granada*.<sup>285</sup> Die hof het bevind dat dit nie in die publieke belang was om enige privilegie vir die media te erken nie. Lord Dilhorne het beslis dat dat joernaliste in dieselfde posisie as enige ander individu was en dat hulle derhalwe nie geregtig was op enige uitsonderlike behandeling nie.<sup>286</sup> Lord Salmon het egter verskil van die meerderheid. In sy minderheidsuitspraak het hy klem geplaas op die belang daarvan dat joernaliste bronne van inligting moet kan beskerm.

'n Jaar later is die *Contempt of Court Act of 1981* aangeneem. Huidiglik word die posisie van 'n joernalistieke privilegie gereël deur artikel 10 van hierdie wet wat bepaal:

*No court may require a person to disclose, nor is a person guilty of contempt of court for refusing to disclose the source of information contained in the publication for which he is responsible, unless it be established to the satisfaction of the court that disclosure is necessary in the interest of justice or national security or for the prevention of disorder or crime.*

Die Britse wetgewer het dus gepoog om 'n gekwalifiseerde privilegie te skep vir lede van die media deur die kwessie binne die diskresie van die regterlike beampte te plaas. Hierdie artikel het egter duidelik 'n aansienlike trefwydte aangesien die vae bepalings "*in the interest of justice*" en "*prevention of disorder or crime*" op 'n wye verskeidenheid situasies van toepassing kan wees.

---

<sup>285</sup> [1981] A.C. 1096.

<sup>286</sup> Ibid p 1181.

Die posisie in Brittanje is dus wesenlik dieselfde as in Suid-Afrika. Alhoewel artikel 10 van die *Contempt of Court Act* 'n gekwalifiseerde joernalistieke privilegie daarstel, rus daar uiteindelik 'n diskresie op die regterlike beampte om te beslis of die weerhouding van inligting geregverdig is of nie. Hierdie diskresie word egter, in die meerderheid van sake, teen die joernalis-getuie uitgeoefen. Palmer<sup>287</sup> is van mening dat die Britse howe, wanneer 'n joernalistieke privilegie onder oorweging is, groter gewig aan ander waardes heg as aan vryheid van uitdrukking.<sup>288</sup>

## 5 § 4 Swede

Die Sweedse Persvryheidswet van 1949, wat een van die mees liberale wette ter wêreld in die onderhawige verband is verskaf 'n naastenby absolute privilegie aan lede van die media in soverre dit die beskerming van bronne van inligting betref.

Artikel 2 van hoofstuk 3 van die wet bepaal:

*It shall not be permitted to inquire into the identity of an author or a person who has communicated information under Chapter 1, Article 1, paragraph three, in a case relating to an offence against the freedom of the press, nor shall it be permitted to inquire into the identity of the editor of non-periodical printed matter. However, if, where non-periodical printed matter is concerned, the author or editor has been identified on the publication by name, or by means of a pseudonym or pen-name known generally to refer to a particular person, or if a person has acknowledged in a written statement that he is the author or editor, or has voluntarily made such a declaration*

---

<sup>287</sup> 1992 Public Law p 61.

<sup>288</sup> *Ibid* p 70.

*before a court of law during the case, then the question of whether he is liable may be considered during the proceedings.*

Voorts bepaal artikel 3:

*A person who has concerned himself with the production or publication of printed matter, or with material intended for insertion therein, and a person who has been active in an enterprise for the publication of printed matter, or in an enterprise which professionally purveys news or other material to periodicals, may not disclose what has come to his knowledge in this connection concerning the identity of an author, person who has communicated information under Chapter 1, Article 1, paragraph three, or editor of non-periodical printed matter.*

Dit kom dus daarop neer dat slegs die redakteur van 'n koerant aanspreeklik is vir die pleeg van 'n misdryf deur die publikasie van enige feit. Die redakteur of enige ander persoon pleeg inderwaarheid 'n misdryf indien hy of sy die informant se identiteit bekend maak. Khuluse<sup>289</sup> doen aan die hand dat die openbare belang hierdeur op twee maniere gedien word. Eerstens, hoef die joernalis hom- of haarself nie te bekommer oor die beskerming van 'n bron se identiteit nie, en hoef dus nie selfsensorkap toe te pas nie. Tweedens word inligting vinniger na die publiek oorgedra aangesien die joernalis nie hoef te besluit watter inligting gepubliseer moet word en watter nie. Daar bestaan egter drie uitsonderings op hierdie joernalistieke privilegie:

1. 'n Openbare amptenaar wat sekere geheime dokumente aan die media verskaf word nie beskerm nie.

---

<sup>289</sup> Khuluse D R SAJHR (1993) p 279.

2. Inligting wat aan 'n koerant gegee word wat nie gepubliseer word nie word nie beskerm indien dit belasterend van aard is nie. Sodra dit egter gepubliseer word is dit geprivilegeerd aangesien die koerant dan aanspreeklik is vir laster.
3. 'n Openbare amptenaar wat wat sy plig tot geheimhouding versak word ook nie beskerm nie (byvoorbeeld militêre geheime).

Deur hierdie uitsonderings blyk dit dat die misbruik van joernalistieke privilegie teengewerk word.<sup>290</sup> Regspraak met betrekking tot die media is uiters skaars, 'n feit wat te verstane is indien in ag geneem word welke wye grondwetlike beskerming die media in Swede geniet.

## 5 § 5 Duitsland

In die Duitse Federasie het elke deelstaat aparte mediawetgewing wat joernalistieke privilegie reguleer. Al hierdie wetgewing bevat egter min of meer dieselfde bepalings. In die staat *Nordrhein-Westfalen* bepaal die Perswet in artikel 24 (1):

*Editors, journalists, publishers, printers and others involved in the production or publication of periodical literature in a professional capacity can refuse to give evidence as to the person of the author, sender or confidant of an item published in the editorial section of the paper or communication intended wholly or partly for such publication or about its contents.*

Die privilegie is absoluut en joernaliste kan hoegenaamd nie gedwing word om hul bronne van inligting te ontbloot nie. Die privilegie strek

---

<sup>290</sup> Van Niekerk B v D SALJ (1969) p 100.

so ver as om 'n bron van inligting se identiteit te beskerm selfs al sou die bron daarvan verdink word dat hy of sy 'n misdaad gepleeg het.<sup>291</sup>

As verdere voorbeeld kan die deelstaat Hessen se Mediawet voorgehou word wat in artikel 22 bepaal dat redakteurs, joernaliste, uitgewers, drukkers en ander persone wat professioneel bygedra het tot die voorbereiding, skepping of publikasie van 'n gedrukte periodieke publikasie, geregtig daarop is om te weier om te getuig rakende die identiteit van die skrywer, informant of inligting asook oor die inhoud van enige ondersteunende dokumente. Solank as wat die media werker dus in sy of haar professionele hoedanigheid opgetree het word enige inligting ingesamel en gepubliseer dus beskerm.

Ook prosesregtelik word die joernalis beskerm teen die openbaring van bronne. Ingevolge artikel 53 van die Duitse Strafproseswet mag joernaliste weier om te getuig rakende die bron en inhoud van inligting wat vertroulik aan hul gegee is. Artikel 383 weer bepaal dat persone aan wie inligting gegee word uit hoofde van hul beroepe (joernaliste ingesluit) mag weier om getuienis af te lê met betrekking tot die inligting, behalwe in gevalle waar die bron toestem daartoe.

Duitse mediavryheid word voorts ook verder versterk deur die Duitse grondwet in artikel 5 wat persvryheid 'n *Grundrecht* of gewaarborgde reg maak.<sup>292</sup> Dit is dus soortgelyk aan die regte van Suid-Afrikaanse burgers in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet.

Duidelik word joernalistieke privilegie gesien in 'n baie ernstige lig en is dit 'n soort openbare privilegie siende dat 'n openbare belang

---

<sup>291</sup> Freedom of expression litigation project. Article 19 and Interights. *Briefing Paper on Protection of Journalists' Sources* 1998 par 2.3.3.  
<http://www.article19.org/docimages/638.htm#con> (Besoek op 28 Julie 2004).

<sup>292</sup> Khuluse SAJHR (1993) p 283.

daardeur gedien word en nie die joernalis of informant se private belange nie.

## 5 § 6 Die Verenigde State van Amerika

In die Amerikaanse reg moet daar noodwendig 'n duidelike onderskeid getref word tussen Federale reg en die reg in die onderskeie deelstate. Die *First Amendment* van die Amerikaanse Grondwet bepaal: *Congress shall make no law ... abridging freedom of speech or press...* In 1972 het die Amerikaanse *Supreme Court* in die veelbesproke saak van *Branzburg v Hayes*<sup>293</sup> beslis dat die *First Amendment* nie aan joernaliste 'n privilegie teen getuienislewering gee nie. In *Branzburg* was die applikante almal joernaliste wat aan bronne van inligting vertroulikheid beloof het.

Paul Branzburg was 'n verslaggewer vir die *Courier-Journal*, 'n dagblad in die deelstaat Kentucky, wat 'n gedetailleerde berig gepubliseer het oor sy waarnemings van twee jeugdige wat hashish uit marijuana vervaardig het. In die artikel het Branzburg genoem dat hy 'n belofte aan die twee jeugdige gemaak het om nie hul identiteite bekend te maak nie. Applikant nommer twee, Paul Pappas, was 'n televisieverslaggewer vir 'n televisie stasie in die deelstaat Rhode Island wat toegang verkry het tot die hoofkwartier van die radikale swart-bewussynsgroep *The Black Panthers* op voorwaarde dat hy niks mag openbaar wat hy binne die hoofkwartier gesien of gehoor het behalwe 'n verwagte polisie klopjag nie. Applikant nommer drie, Ernest Caldwell, was 'n joernalis verbonde aan die *New York Times* wat ook verslag gedoen het oor *The Black Panther Party*. Caldwell is

---

<sup>293</sup> 408 U.S. 665 (1972).



bevel om alle notas en bandopnames van onderhoude met lede van die *Black Panthers* te oorhandig.

Die hof se beslissing in *Branzburg* het egter meer verwarring as sekerheid in die Amerikaanse reg geskep met betrekking tot joernalistieke privilegie. Uit die nege regters wat die saak aangehoor het, het slegs vier die leidende uitspraak onderskryf. White J wat die meerderheids uitspraak gegee het het gesê: “*We are asked to create another by interpreting the First Amendment to grant newsmen a testimonial privilege that other citizens do not enjoy. This we decline to do.*” Die regter het voortgegaan: *We see no reason to hold that these reporters, any more than other citizens, should be excused from furnishing information that may help the grand jury in arriving at its initial determinations.*<sup>294</sup>

Die vyfde regter het beslis dat joernaliste wat benadeel voel deur getuiedagvaardings ‘n mosie voor die hof moet bring om die dagvaarding ter side te stel. Drie van die vier regters wat die minderheids uitspraak onderskryf het sou aan die joernaliste ‘n gekwalifiseerde privilegie toegestaan het terwyl die laaste regter ‘n absolute privilegie op grond van die *First Amendment* wel sou toestaan.<sup>295</sup>

Sedertdien het Laer Howe in die Verenigde State *Branzburg* geïnterpreteer as sou dit wel ‘n gekwalifiseerde privilegie op grond van die *First Amendment* daarstel. Die huidige stand van sake is egter dat daar steeds nie op federale vlak ‘n joernalistieke privilegie vir joernaliste bestaan nie. Deels in reaksie op die beslissing in *Branzburg*

---

<sup>294</sup> *Ibid.*

<sup>295</sup> Ralph L Holsinger & Jon Paul Dilts *Media Law* (1994) p 319.

het sommige deelstate self wetgewing aangeneem wat aan joernaliste beskerming verleen met betrekking tot bronne van inligting. Hierdie wetgewing staan algemeen bekend as *shield laws*.

In die meerderheid van die deelstate van die VSA word joernaliste tans beskerm deur sogenaamde *shield laws*. Hierdie *shield laws* is 'n tipe statutêre beskerming wat die dagvaarding om te getuig teen lede van die media voorkom of beperk. Elke staat se *shield law* is uniek en nie almal bied dieselfde mate van beskerming nie. In die meeste gevalle word die bron beskerm, maar nie die inhoud van die inligting nie. Sherer<sup>296</sup> noem die wette van die verskillende state en ook die tipe beskerming wat dit aan die joernalis kan bied. 'n Goeie voorbeeld is die wet van die deelstaat Alabama. Die wet lui:

*No person engaged in, connected with, or employed on any newspaper (or radio broadcasting station or television station) while engaged in a newsgathering capacity shall be compelled to disclose in any legal proceedings or trial ... the sources of information procured by him or obtained by him and published in its newspaper (or broadcast by any broadcasting station or televised by any television station) on which he is engaged, connected or employed.*<sup>297</sup>

Dit wil dus voorkom of die pers in Alabama op plaaslike vlak baie meer beskerming geniet as wat deur die howe verleen is in *Branzburg* hierbo. Volledigheidshalwe en ook om die uiteenlopende aard van die onderskeie *shield laws* en die beskerming wat hul bied te illustreer kan enkele ander state se wetgewing kortliks genoem word.

---

<sup>296</sup> Sherer Michael D. *Coping with subpoenas* News Photographer Magazine June 1986.

<sup>297</sup> Alabama Code sec. 12-21-142 (1993) Vn 33.

Altesaam dertig van die Amerikaanse deelstate het hul eie *Shield laws* wat elk in 'n mindere of meerdere mate joernaliste beskerm teen bekendmaking van bronne en of inligting. In Akansas byvoorbeeld beskerm *Stat. Ann. sec. 16-85-510 (1993)* die media in die sin dat 'n joernalis slegs gedwing sal word om 'n vertroulike bron te ontbloom indien daar aangetoon kan word dat die joernalis die berig kwaadwillig of met *mala fides* en nie in die openbare belang geskryf en/of gepubliseer het nie.<sup>298</sup> Maryland weer beskerm die vertroulike bron asook ander verwante material, ongepubliseerde material ingesluit. Die privilegie kan egter deur 'n hof opgehef word.<sup>299</sup> Sekere van die wette handel ook met prosesregtelike aangeleenthede rondom die openbaring van bronne. In Louisiana byvoorbeeld moet enige *subpoena* tien dae voor die dag waarop die inligting verlang word op die joernalis beteken word. Ongepubliseerde material word ook tot 'n mindere mate beskerm en die privilegie kan deur 'n hof opgeskort word.<sup>300</sup> As laaste voorbeeld beskerm die deelstaat New Jersey se wetgewing die bron asook die inligting self. Die betrokke koerant of ander nuusmedium moet egter 'n identiese kopie of transkripsie van die gepubliseerde material vir een jaar behou ten einde die wet se beskerming te geniet. Weereens kan die privilegie deur middel van 'n hofbevel opgeskort word.<sup>301</sup>

In die Vernigde State sal die graad van beskerming asook die trefwydte daarvan dus afhang van waar die betrokke joernalis hom- of haarself bevind. Tot hede is daar geen federale wetgewing wat aan joernaliste landwye uniforme beskerming verleen nie. Daar is egter sogenaamde *soft law* wat met die onderwerp handel. In 1970 het die

---

<sup>298</sup> Sherer *supra* vn 33.

<sup>299</sup> *Maryland Courts and Judicial Proceedings Code Ann. sec. 9-112 (1993)* Shrerer *supra* vn 33.

<sup>300</sup> Louisiana Rev. Stat. sec. 45:1451 to 45:1459 (1992) Sherer *supra* vn 33.

<sup>301</sup> New Jersey Rev. Stat. sec. 2A:84A-21 (1993) –Sherer *supra* vn 33.

Amerikaanse Prokureur Generaal sekere riglyne aangekondig wat gevolg moet word sou enige subpoena's uitgereik word teen lede van die media. Die *Guidelines for Subpoenas to the News Media* poog om 'n balans te handhaaf tussen die reg op vryheid van uitdrukking en die regspleging. Dit lui:

*The Department of Justice recognizes that compulsory process in some circumstances may have a limiting effect on the exercise of First Amendment rights. In determining whether to request issuance of a subpoena to the press, the approach in every case must be to weigh that limiting effect against the public interest to be served in the fair administration of justice.*<sup>302</sup>

Voorts:

*The Department of Justice does not consider the press an investigative arm of the government. Therefore, all reasonable attempts should be made to obtain information from non-press sources before there is any consideration of subpoenaing the press.*<sup>303</sup>

In gevalle waar joernaliste gedagvaar word om te getuig, moet daar eers onderhandelinge tussen die vervolging en die media plaasvind en voorts moet die Prokureur Generaal se toestemming verkry word voordat media-personeel gedagvaar kan word om te getuig.

Die riglyne maak egter egter ook daarvoor voorsiening dat, in noodgevalle en ander uitsonderlike situasies, dagvaardings op lede van die media beteken mag word wat nie streng aan die vereistes deur die riglyne daargestel voldoen nie. Hierdie riglyne is

---

<sup>302</sup> Aangehaal uit *Branzburg supra* vn 293.

<sup>303</sup> *Ibid.*

vergelykbaar met die *Record of Understanding* tussen die plaaslike vervolgingsgesag en SANEF.<sup>304</sup>

Enige joernalis in die Verenigde State word dus tot 'n mate beskerm teen getuienislewering, hetsy deur die toepaslike shield law van die deelstaat of deur die riglyne daargestel deur die Amerikaanse Prokureur Generaal.

## 5 § 7 Enkele perspektiewe uit Afrika

Afrika is berug vir die afwesigheid van media vryheid op die vasteland. In Eritrea byvoorbeeld word die privaat besit van media instellings verbied. Joernaliste word dus gereleger tot geleiers van regerings propaganda.<sup>305</sup>

In 2003 het die *African Commission on Human and People's Rights* (ACHPR) die *Declaration of Principles of Freedom of Expression in Africa* aangeneem. Hierdie dokument se aanhef bevestig dat vryheid van uitdrukking 'n hoeksteen van die demokrasie is. Dit bepaal voorts dat vryheid van uitdrukking 'n middel is om te verseker dat alle menseregte en -vryhede gerespekteer word.

Hierdie deklarasie volg egter die benadering dat media vryheid nie spesifiek uitgesonder en beskerm word nie. Vryheid van uitdrukking word in individuele terme gesien. Artike X bepaal slegs dat *the right to express oneself through the media by practising journalism shall*

---

<sup>304</sup> Sien par 4 § 3 § 5 *supra*.

<sup>305</sup> Verslag deur *Reporters sans frontières*

[http://www.rsf.org/rubrique.php3?id\\_rubrique=554](http://www.rsf.org/rubrique.php3?id_rubrique=554) (Besoek op 20 November 2005)

*not be subject to undue legal restrictions.*<sup>306</sup> Die beginsel is dus dat die media en die individu op gelyke voet staan indien vryheid van uitdrukking ter sprake is. Desnieteenstaande is dit 'n stap in die regte rigting om vryheid van uitdrukking en media vryheid te vestig op die vasteland.

'n Beslissing uit die Nigeriese Howe in 1981 laat dit duidelik blyk dat joernaliste in Nigerië wel beskerming teen die openbaring van bronne se identiteit geniet. In *Tony Momoh v Senate of the National Assembly*<sup>307</sup> is 'n joernalis deur die Senaat van die Algemene Vergadering gedagvaar om sy bronne van inligting te openbaar. Die Hoë Hof in Lagos het bevind dat die Senaat se magte met die dagvaarding oorskry is en dat dit met die joernalis se grondwetlike regte van vryheid van uitdrukking ingemeng het. Die hof het gesê:

*It is a matter of common knowledge that those who express their opinions, or impart ideas and information through the medium of a newspaper or any other medium for dissemination of information enjoy by customary law and convention a degree of confidentiality. How else is a disseminator of information to operate if those who supply him with information are not assured of protection from identification and/or disclosure?*<sup>308</sup>

'n Interessante stuk wetgewing met betrekking tot die beskerming van vertroulike bronne word gevind in 'n buurland van Suid-Afrika. Die Mosambiekse Perswet bepaal in artikel 30:

---

<sup>306</sup> Berger G. Lesing aangebied by die *Africa Conference on Freedom of Expression*, 19-20 Februarie, 2004 Pretoria, par 5. Beskikbaar by <http://journ.ru.ac.za/staff/guy> - besoek op 10 Augustus 2004).

<sup>307</sup> [1981] NCLR 105 (High Court: Lagos).

<sup>308</sup> Aangehaal uit Article 19, The International Centre Against Censorship en Interights se hoofde van betoog as *Amici Curiae* in *Goodwin v The United Kingdom* vn 271 *supra*. Beskikbaar by <http://www.article19.org> (Besoek op 24 November 2005).

*Journalists shall enjoy the right to professional secrecy concerning the origins of the information they publish or transmit, and their silence may not lead to any form of punishment. Media practitioners shall not be required to reveal confidential sources of information or to disclose other material held for journalistic purposes except in accordance with the following principles:*

- *the identity of the source is necessary for the investigation or prosecution of a serious crime, or the defence of a person accused of a criminal offence;*
- *the information or similar information leading to the same result cannot be obtained elsewhere;*
- *the public interest in disclosure outweighs the harm to freedom of expression; and*
- *disclosure has been ordered by a court, after a full hearing.*<sup>309</sup>

Mosambiek en Nigerië is Suid-Afrika dus vër vooruit insoverre dit die beskerming van joernaliste se vertroulike bronne van inligting betref.

## **5 § 8 Internasionale Humanitêre Reg**

Dit is nie slegs in die munisipale reg waar die vraagstuk na die joernalis se reg om vertroulike bronne te beskerm opduik nie. Ook in die internasionale humanitêre reg het die vraagstuk al aandag gekry.

Op 11 Februarie 1993 het die *Washington Post* 'n berig deur Jonathan Randal, die koerant se oorlogs-korrespondent in die voormalige Joego-Slawië, gepubliseer. Die berig het verklarings bevat wat toegeskryf is aan Radislav Brdjanin, 'n voormalige adjunk eerste minister in die Bosniese-Serwiese regering met wie Randal 'n

---

<sup>309</sup> *Ibid.*

onderhoud gevoer het. Brdjanin se uitlatings het die strekking gehad dat hy gekant was teen die teenwoordigheid van Moslems en Kroasiërs in Serwië en dat hierdie persone die land moet verlaat. Brdjanin het ook die Serwiese regering gekritiseer deur te sê dat hul te veel aandag gee aan menseregte in 'n poging om Europese moonthede te paai. Tydens Brdjanin se verhoor voor die Internasionale Kriminele Tribunaal vir die Voormalige Joegoeslawië (ICTY) op aanklagtes van misdade teen die mensdom en die verbreking van die bepalinge van die Geneevse Konvensie, is Randal gesubpoena om getuie af te lê. Die vervolging het gehoop om, deur middel van die berig en Randal se getuie, opset by Brdjanin te bewys.

Randal het appèl aangeteken na die Appèlhof teen die Verhoorhof se bevinding dat hy wel moet getuig.<sup>310</sup> Randal se submitisie was dat:

*[A] privilege is warranted . . . in order to safeguard the ability of journalists to investigate and report effectively from areas in which war crimes take place. Without a qualified privilege, journalists may be put at risk personally, may expose their sources to risk, and may be denied access to important information and sources in the future.*<sup>311</sup>

Randal se regspraak het voorgestel dat die Verhoorhof slegs joernaliste kan subpoena indien:

1. Die joernalis se getuie van noodsaaklike belang is om die beskuldigde se skuld of onskuld te bewys;
2. Die getuie nie op enige ander manier verkry kan word nie;

---

<sup>310</sup> ICTY Case No IT-99-36-AR73.9

<sup>311</sup> *Ibid* par 11.



3. Daar nie van die joernalis verwag sal word om 'n vertrouensverhouding te verbreek nie;
4. Dit nie die joernalis, sy of haar familie of bronne in persoonlike gevaar sal stel nie; en
5. Dit nie sal dien as presedent wat onnodig die effektiwiteit of veiligheid van ander joernaliste wat vanuit daardie konflik area in die toekoms mag verslag doen in gedrang sal bring nie.

Hierdie toets is deur die Appêlhof verwerp. Daar is bevind dat Randal se voorstel sou neerkom op 'n bykans absolute privilegie.

Vier-en-dertig mediamaatkappye en verenigings van joernaliste is deur die Appêlhof verlov verleen om hoofde van betoog te liasseer as *Amici Curiae*. Die toets voorgestel deur die *Amici Curiae* alvorens die hof 'n joernalis kan subpoena het minder op die veiligheid van die joernalis gefokus en meer op die waarde van die inligting wat verlang word. Die volgende tweeledige toets is voorgestel:

1. Die getuienis moet noodsaaklik wees vir die beslissing van die saak (essential to the determination of the case); en
2. Die inligting kan op geen ander manier bekom word nie.<sup>312</sup>

Hierdie toets is ook verwerp.

Die Appêlhof het egter bevind dat die pertinence-toets toegepas deur die hof *a quo*, onvoldoende was om die publieke belang by oorlogskorrespondente se werk te beskerm. Volgens die hof laat die regspraak drie aanvullende vrae ontstaan:

---

<sup>312</sup> *Ibid* par 20.

1. Is daar 'n publieke belang by die werk van oorlogskorrespondente;
2. Indien oorlogskorrespondente gedagvaar sou word om te getuig voor oorlogsmisdade tribunale, sou dit hul vermoë om hul werk te verrig negatief beïnvloed; en
3. Welke toets is gepas om 'n balans te handhaaf tussen die publiek se belang by die werk van oorlogskorrespondente en die publieke belang daarby om alle relevante bewysmateriaal voor die hof te hê.

Die antwoord op die eerste vraag was 'n onomwonde "Ja". Op die tweede vraag het die Appèlhof bevind dat, vir oorlogskorrespondente om hul werk effektief te doen, hul beskou moet word as onafhanklike waarnemers eerder as potensiele getuies vir die vervolging. In antwoord op die derde vraag het die hof bevind dat joernaliste slegs gedagvaar kan word indien:

1. Die party wat die joernalis se getuienis verlang kan aantoon dat die getuienis van direkte en noodsaaklike waarde is om 'n kern element van die saak te bewys; en
2. Die inligting verlang nie redelikerwys elders bekom kan word nie.<sup>313</sup>

Die uiteindelijke bevinding was dat, sou Randal se getuienis steeds verlang word deur enige party, daardie party eers 'n aansoek by die Verhoorhof moes indien wat oorweeg sou moes word in die lig van die Appèlhof se beslissing.

Randal het nooit getuig nie.

---

<sup>313</sup> *Ibid* par 50.

Daar moet in gedagte gehou word dat hierdie uitspraak slegs gemik was op die werk van die oorlogskorrespondent. Soos een outeur dit stel:

*Few journalists must travel to work through the haze of bullets and gunfire. Even fewer still conduct their interviews in undisclosed locations where they are led, blindfolded and handcuffed. Yet, war correspondents experience these types of situations with some frequency, all for the sake of the story. Needless to say, their work differs from the majority of their counterparts.*<sup>314</sup>

Die werk van die “gewone” joernalis is egter op dieselfde beginsels geskoei en enige pogings om joernaliste te laat getuig rakende inligting deur hul ingesamel deur middel van vertroulike bronne sal ‘n negatiewe impak hê op hul vermoë om hul werk effektief te verrig.

## **5 § 9 Samevatting**

Dit wil voorkom of Suid-Afrikaanse regspleging nog nie dieselfde ontwikkelingspeil bereik het as ander regstelsels in verband met joernalistieke privilegie nie.

In die meerderheid Europese lande word die joernalis of selfs media-werker statutêr beskerm teen getuienislewering. In die Verenigde State van Amerika is daar reeds in die meerderheid state wetgewing wat joernaliste beskerm, maar selfs in state waar die kwessie rondom joernalistieke getuienislewering nie statutêr gereël word nie word dit

---

<sup>314</sup> McDonald N Y *Under fire: The fight for the war correspondent's privilege*. Howard Law Journal Fall 2003. Beskikbaar by <http://international.westlaw.com> (besoek op 17 Februarie 2004).

gelei deur die beginsels van die *Guidelines for Subpoenas to the News Media*. Waar ook al joernaliste in Amerika hulself bevind, is daar dus 'n mate van beskerming.

Daar moet egter bygevoeg word dat die bogemelde lande reeds 'n geruime tyd oor die regte van vryheid van uitdrukking en vryheid van spraak, hetsy gemeenregtelik of statutêr, beskik en dus ontwikkeling op hierdie gebiede beleef het. Suid-Afrika is nog relatief onervare in hierdie verband en sekerlik sal daar ook hier uitbreiding en ontwikkeling plaasvind namate die regte in die grondwet verder uitgelê en uitgeleef word.

## Hoofstuk 6

---

*Ondanks foute ... bly die goeie koerant steeds die oop samelewing se beste waghond. Veral omdat hy die vermoë het om namens klein mensies die magtiges en die rykes tot verantwoording te roep.*

Tim du Plessis (1955) <sup>315</sup>

### Gevolgtrekking

#### 6 § 1 Die joernalis se dilemma

Die belang daarvan om aan joernaliste 'n privilegie te verleen om die identiteit van 'n vertroulike bron te beskerm behoort op hierdie stadium duidelik te blyk. Sonder die vertroulike bron sal die media kwalik hul waghond funksie kan verrig. Inligting van openbare belang sal bloot onder die mat ingevee word en die publiek sal oningelig bly. Soos die spreukwoord lei – kennis is mag. Solank as wat inligting dus nie die publiek bereik nie, bly hul tot 'n mate magteloos om oor hul eie lot te beskik.

Daar is egter weinig elemente van die moderne media wat terselfde tyd ook so skadelik vir die media kan wees as die anonieme bron. Die misbruik van anonieme bronne kan 'n koerant of ander media instelling se geloofwaardigheid 'n enorme knou gee soos blyk uit die bespreking van die Janet Cooke-geval in par 1 § 5 hierbo. Tim du Plessis, die redakteur van *Rapport* het die misbruik van vertroulike bronne soos volg beskryf:

---

<sup>315</sup> Redakteur van *Rapport* – *Rapport* 18 Mei 2003 p 14.

*In die koerantwêreld is daar nie 'n ding wat tegelyk so goed en so sleg is vir ons besigheid as die anonieme bron nie. Sonder anonieme bronne kan koerante nie hul waghondfunksie verrig nie. Sal hulle bloot draers wees van vervelige, gesaniteerde inligting. Terselfdertyd is daar niks wat die geloofwaardigheid van koerante meer sloop as die misbruik van anonieme bronne nie.*<sup>316</sup>

Desnieteenstaande is die beskerming van joernaliste se bronne van uiterste belang om te verseker dat ander bronne ook na vore sal kom met nuuswaardige inligting. Indien bronne sou opdroog uit vrees daarvoor dat joernaliste nie hul woord van vertroulikheid gestand sal doen nie, sal dit tot gevolg hê dat sommige nuuswaardige inligting nooit die publiek bereik nie. Deur 'n joernalistieke privilegie te erken sal bronne meer bereidwillig wees om na vore te kom, mits hul dan natuurlik kan staatmaak daarop dat die joernalis ten alle koste hul identiteit sal beskerm, selfs al sou die joernalis in die getuiebank onder eed staan. 'n Joernalistieke privilegie moet egter nie ligtelik opgeneem word nie en moet streng uitgelê word. Die media is, per slot van rekening, deel van die Suid Afrikaanse samelewing en moet, soos enige ander wetsgehoorsame burger, relevante bewysmateriaal voor die hof plaas indien nodig. Waar die identiteit van 'n bron egter ter sprake is, moet die publiek se grondwetlike reg op 'n vrye pers noodwendig seëvier.

By die moontlike skepping van 'n joernalistieke privilegie moet gewaak word teen mediabevoordeling. Soos hierbo aangetoon is die privilegie egter nie daar vir die joernalis of die bron se voordeel nie. Die privilegie bestaan vir die publiek se voordeel. Die publiek het die reg op 'n vrye pers en die publiek moet voordeel trek uit die beskerming van vertroulike bronne.

---

<sup>316</sup> Rapport 17 Julie 2005 p 16.

McDonald som die situasie soos volg op:

*The journalist's privilege protects journalistic independence and allows journalists to gather the kinds of information that can be obtained only when knowledgeable, but reluctant, sources believe that they can count on a journalist's word. Therefore, . . . protection is designed for neither the source nor the journalist gathering the current story; instead, it is provided to protect and encourage the free flow of information, so that the source for the next story will be willing to talk to the next journalist.<sup>317</sup>*

'n Absolute privilegie is egter nie die antwoord nie. Soos reeds hierbo genoem is die media nie verhewe bo die reg nie en het dit, soos enige ander persoon of instelling sekere voorregte asook sekere verpligtinge. Daar mag in sekere gevalle dwingende omstandighede voorkom waar regverdigheid en billikheid sal vereis dat bronne se identiteit wel bekend gemaak moet word. Daar behoort dus eerder na 'n goue middeweg gesoek te word waar die openbare belang aangaande regspleging, en die media se plig om korrekte inligting oor te dra, albei in ag geneem word. Dat die media egter 'n waardevolle rol het om te vervul kan nie in twyfel getrek word nie en om hierdie rol ten volle te vervul moet daar aan die media 'n mate van beskerming verleen word.

Die vraag is waar die skeidslyn lê tussen die joernalis se rol as mediawerker enersyds en bevoegde, verpligbare getuie andersyds. Waar eindig die joernalis se verantwoordelikheid teenoor die publiek en ook teenoor die bron? Waar begin die joernalis se verantwoordelikheid teenoor die regspleging en oorwegings van billikheid en regverdigheid?

---

<sup>317</sup> *Howard Law Journal Fall 2003* vn 314 *supra*.

## 6 § 2 Prosesregtelike oplossings

Soos reeds hierbo in hoofstuk twee genoem is daar weinig beskerming vir die joernalis wat die openbaring van 'n vertroulike bron in die gesig staar. Prosesregtelik, soos uit hoofstuk drie hierbo blyk, het die joernalis slegs twee keuses. Eerstens kan die bron se identiteit geopenbaar word wat die joernalis se professionaliteit sal knou en moontlik van groter belang, die voortbring van nuwe inligting van ander bronne sal stuit. Die tweede, ewe onredelike keuse vir die joernalis, is om hom- of haarself die gramskap van die reg op die hals te haal deur die bron se identiteit te beskerm met moontlike strafregtelike aanspreeklikheid as die gevolg. Duidelik 'n onbenydenswaardige posisie.

'n Wysiging aan die Strafproseswet kan 'n moontlike oplossing wees. Dit sal behels dat 'n uitsondering geskep word waar lede van die media gedagvaar word om getuienis te lewer met betrekking tot die identiteit van hul bronne. Die bewoording van enige moontlike wysiging sal egter met omsigtigheid benader moet word aangesien daar die joernalis nie in 'n bevoorregte of verhewe posisie geplaas moet word nie. Die privilegie word per slot van rekening nie geskep om die joernalis te beskerm nie, maar wel om die publiek se reg op die vrye vloeï van inligting te beskerm. Voorts moet ook gewaak word daarteen dat daar nie 'n "sambreel privilegie" geskep word nie. Joernaliste het, soos enige ander landsburger, 'n verpligting om te getuig indien hy of sy beskik oor relevante en toelaatbare inligting wat voor die hof geplaas moet word. Die doel van 'n joernalistieke privilegie is nie om lede van die media geheel en al te verskoon van getuienislewering nie, maar wel om in 'n geslote aantal gevalle die media se grondwetlike reg op onbelemmerde vrye uitdrukking te



beskerm. Inderwaarheid sal die joernalis hom- of haarself slegs in uitsonderlike gevalle op 'n privilegie kan beroep.

In 'n artikel gepubliseer in die aanloop tot die parlementêre debat oor Nederlandse wetgewing rakende 'n joernalistieke privilegie het Willem F. Korthals Altes<sup>318</sup> vyf gevalle genoem waar 'n joernalistieke privilegie nie behoort te geld nie:

1. Waar die relevante inligting dringend nodig is om staatsveiligheid of die veiligheid van mense te beskerm;
2. Waar die inligting benodig word om misdade op te los. Hier moet die vervolging egter kan aantoon dat hulle eers 'n redelike poging aangewend het om die inligting elders te bekom;
3. Waar die inligting deur 'n gevangene benodig word indien die inligting sou lei tot sy of haar vrylating;
4. Waar die inligting deur 'n persoon benodig word om sy of haar onskuld te bewys; en
5. Indien die waarheid van die inligting 'n wesenlike element van die saak is. Die informant se identiteit kan in sulke gevalle van deurslaggewende belang wees.

In hierdie gevalle sal oorwegings van regverdigheid en billikheid uiteraard die joernalistieke privilegie troef.

In sommige gevalle sal joernaliste aanvoer dat bronne vertroulik is slegs om die bron van hul inligting teen mededingers te beskerm. Die massamedia is immers 'n besigheid soos enige ander wat wins moet maak. In so 'n geval sal die privilegie nie die gewenste uitwerking hê nie. Die privilegie moet dus slegs van toepassing wees op gepubliseerde inligting van openbare belang. Hierdie uitsondering sal

---

<sup>318</sup> *The journalistic privilege: a Dutch proposal for legislation* Public Law Spring 1992 p 73.

beweegruimte aan die howe gee om hul diskresie uit te oefen ooreenkomstig die feite van elke geval.

Eweneens, indien die joernalis beskik oor inligting waar dreigende geweld moontlik onskuldige persone se veiligheid in gevaar kan stel, is 'n privilegie nie gewens nie. Die joernalis se inligting betreffende misdaadaktiwiteite moet egter nie ingespan word om as alternatief vir die veiligheidsdienste op te tree nie. Slegs as die inligting op geen ander manier bekom kan word nie kan moontlik na joernalistieke inligting gekyk word. Hierdie voorbehoud is dan ook in die Amerikaanse *shield laws* ingebou.<sup>319</sup>

Dit is voorts my submissie dat enige voorgenome joernalistieke privilegie beperk moet word tot *vertroulike* bronne en nie alle moontlike bronne van inligting moet betrek nie. Indien 'n bron nie vertroulikheid van die joernalis vereis nie, bestaan daar geen rede vir die joernalis om die bron se identiteit te beskerm nie. Dieselfde geld ook indien die bron, nadat die joernalis vertroulikheid beloof het, toestemming gee dat sy of haar identiteit openbaar mag word. Daar moet deurentyd in gedagte gehou word dat die privilegie nie aan die bron of aan die joernalis behoort nie, maar slegs bestaan tot voordeel van die publiek. Die breë publiek se reg om inligting te ontvang is die rede vir die bestaan van die privilegie.

Op hierdie stadium is dit ook van belang om melding te maak van welke material beskermingswaardig is sover dit 'n joernalistieke privilegie betref. Joernaliste sal die inligting wat hul bekom tydens navorsing oor 'n berig op een van drie maniere vaslê. Die eerste en waarskynlik mees algemene manier is die neem van aantekeninge. Tweedens kan inligting moontlik op band of digitale opnemer

---

<sup>319</sup> Sien die bespreking rakende Amerikaanse *Shield Laws* in par 5 § 4 *supra*.

opgeneem word. Laastens kan beeldmateriaal, indien van toepassing, op film of videoband opgeneem word. Ongeag welke manier die joernalis verkies, kan elkeen van hierdie metodes inligting bevat wat moontlik die bron van daardie inligting se identiteit kan verrai aangesien alles wat neergeskryf, opgeneem of afgeneem word nie noodwendig gepubliseer word nie. Om hierdie rede is dit van uiterste belang dat enige toekomstige privilegie gepubliseerde inligting sowel as enige ongepubliseerde inligting sal beskerm. Enige beslaglegging op ongepubliseerde material moet van meet af aan gestuit word. Die blote feit dat die "bewysmateriaal" op ongrondwetlike wyse, synde 'n skending van media vryheid, verkry is, en dus moontlik ontoelaatbaar mag wees, sal onvoldoende wees. Die inligting sal, teen die tyd dat 'n hof 'n bevinding oor toelaatbaarheid maak, reeds aan die een of ander gesagsliggam bekend wees. Die ganse nut van 'n joernalistieke privilegie sal dan van nul en gener waarde wees. Tog moet daar die een of ander teenwig wees aangesien daar, soos reeds genoem, wel omstandighede sal wees waar ander oorwegings die privilegie sal troef.

Enige moontlike wysiging aan die Suid Afrikaanse prosesreg sal al hierdie beginsels in ag moet neem. 'n Wysiging aan die Strafprosewet is myns insiens nie die ideale oplossing nie aangesien dit 'n beeld van media bevoordeling by lede van die media sowel as lede van die publiek kan skep. Dit sal die reeds senuweeagtige vertrouensverhouding tussen media en publiek meer skade berokken. Indien wetgewing oorweeg word, sal 'n aparte wet wat spesifiek gemik is op media-getuies 'n beter oplossing bied as 'n wysiging aan bestaande wetgewing. Sodanige wet kan geskoei wees op die Duitse model of op die Amerikaanse *Shield Laws* of die Sweedse Persvryheidswet. Op die manier kan die publiek ook ingelig word oor die bestaansrede en die doel met die wetgewing. Enige indrukke van

media bevoordeling aan beide kante van die speelveld kan sodoende hokgeslaan word.

Die skep van nuwe wetgewing en selfs wetswysigings duur egter maande, selfs jare. Totdat 'n statutêre oplossing gevind word, moet daar egter die een of ander beskerming aan die media verleen word. Dit is hier waar die verstandhouding tussen die *South African National Editor's Forum* (SANEF) en die regering van groot vrug kan wees (sien die bespreking in paragraaf 3 § 3 § 5 hierbo). Die verstandhouding is die naaste wat Suid-Afrika nog aan die formele erkenning van 'n joernalistieke privilegie kon kom. Soos in hoofstuk drie getoon, maak die verstandhouding voorsiening vir 'n proses van onderhandeling en mediasie tussen die media en die vervolging. Indien die verstandhouding kragdadig toegepas word, sal lede van die media hulself slegs in die uiterste gevalle in die getuiebank bevind. Tans is die verstandhouding die enigste beskermingsmeganisme vir die joernalis met betrekking tot die beskerming van bronne, behalwe moontlik 'n simpatieke regter.

Soos in hoofstuk drie gemeld, is daar wel sekere bemoedigende uitsprake in die Suid Afrikaanse regspraak wat betref die media se reg op vrye uitdrukking.<sup>320</sup>

### **6 § 3 Die grondwetlike perspektief**

In die voorafgaande hoofstuk is op die posisie in enkele ander lande gekonsentreer. Dit het duidelik geblyk dat Suid-Afrika nie die ontwikkelingspeil van ander westerse lande bereik het wat betref 'n

---

<sup>320</sup> Sien par 3 § 3 § 2 en 3 § 3 § 3 *supra*.

vrye pers nie. Die feit dat media vryheid in Suid-Afrika nog maar in kinderskoene is moet egter nie uit die oog verloor word nie.

Tien jaar na die eerste demokratiese verkiesings kan Suid-Afrika spog met kwalik die vryste media op die vasteland. Die plaaslike media bedryf is gesond en nuwe publikasies (hoewel met wisselende grade van sukses en kwaliteit wat inhoud betref) sien gereeld die lig.<sup>321</sup> In *Reporters sans frontières* se jaarlikse media vryheids indeks bekleë Suid-Afrika 'n fatsoenlike nommer 31 uit 167 lande saam met Australië.<sup>322</sup> Benin (25), Namibië (25) en die Kaap Verdiese Eilande (29) is die enigste ander Afrika-lande met hoër posisies as Suid-Afrika.<sup>323</sup> Die pers in hierdie lande kan egter myns insiens kwalik met Suid-Afrika se media vergelyk word. Die indeks moet dus nie op sigwaarde geneem word nie.

Die feit dat die Suid Afrikaanse reg egter agter is met die ontwikkelinge met betrekking tot joernalistieke privilegie in ander westerse demokrasieë kan nie betwyfel word nie. In die meerderheid Europese lande word joernaliste statutêr beskerm teen die ontbloting van 'n bron se identiteit. Die Europese Hof vir Menseregte het onomwonde beslis dat die beskerming van 'n vertroulike bron se identiteit 'n kern element van persvryheid is deur te beslis dat:

*Protection of journalistic sources is one of the basic conditions for press freedom, as is reflected in the laws and the professional codes of conduct in a number of Contracting States and is affirmed in*

<sup>321</sup> Voorbeelde sluit in *Nova* en *Die Wêreld*, beide koerante wat in 2005 vir die eerste maal gepubliseer is.

<sup>322</sup> [http://www.rsf.org/rubrique.php3?id\\_rubrique=554](http://www.rsf.org/rubrique.php3?id_rubrique=554) (Besoek op 20 November 2005)

<sup>323</sup> Hierdie indeks moet egter geensins gesien word as aanduiding van die kwaliteit van die media in die betrokke lande nie. Die indeks word saamgestel met verwysing na insidente waar die media betrokke is tussen 1 September 2004 en 1 September 2005. Vir 'n volledige uiteensetting van die samestelling van die indeks, besoek [http://www.rsf.org/article.php3?id\\_article=15338](http://www.rsf.org/article.php3?id_article=15338).

*several international instruments on journalistic freedoms ... Without such protection, sources may be deterred from assisting the press in informing the public on matters of public interest. As a result the vital public-watchdog role of the press may be undermined and the ability of the press to provide accurate and reliable information may be adversely affected.*<sup>324</sup>

In die Amerikaanse reg geniet joernaliste beskerming deur middel van *shield laws* in nie minder nie as een-en-dertig Amerikaanse deelstate. In die oorblywende state is daar ook 'n mate van beskerming soos vervat in die Prokureur-Generaal se *Guidelines for Subpoenaing the News Media*.

Die beskerming van 'n vertroulike bron se identiteit is dus, ten minste in soverre dit die meeste westerse regstelsels betref, 'n erkende element van 'n vrye media. Waarom sal die media in Suid-Afrika 'n ander rol vervul as die media in hierdie lande? Hopelik sal die Suid-Afrikaanse hofe binnekort dieselfde erkenning gee aan die rol wat joernaliste en die media speel in die behoud van 'n demokratiese bestel.

In die Suid-Afrikaanse regspleging is daar weinig sterker oortuigingsmeganismes as regspraak. Die latynse stelreël lui *stare decisis et non quieta movere* of, staan by beslissings en moet nie gevestigde reg versteur nie. Die toepassing van die presedenteleer word soos volg deur Hosten *et al* omskryf:

*The idea of precedent suggests the resolution of questions today in the same manner as they were decided yesterday, either because it*

---

<sup>324</sup> *William Goodwin v The United Kingdom* Application No. 17488/91, Report of the European Commission of Human Rights, March 1994 par 39

*is convenient to do so or because it is a means of profiting from the accumulated wisdom of the past, or because it ensures certainty, or for no better reason than that of honouring tradition.*<sup>325</sup>

Indien die skepping van 'n joernalistieke privilegie dus oorgelaat word aan die hof en meer spesifiek die Konstitusionele Hof, synde die hoogste hof in alle grondwetlike aangeleenthede, sal dit 'n integrale deel vorm van die reg. Soos in hoofstuk 4 aangetoon is die vraag na 'n joernalistieke privilegie myns insiens primêr van grondwetlike aard. 'n Mate van beskerming van 'n anonieme bron se identiteit is onlosmaaklik deel van die korrekte werking van 'n vrye pers.

Artikel 39 (1) (a) van die Grondwet bepaal dat, by die uitleg van die Handves van Regte, 'n hof die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebasseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê moet bevorder. Voorts bepaal artikel 39 (2) dat 'n hof by die ontwikkeling van die gemenerereg die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte moet bevorder. In *S v Makwanyane*<sup>326</sup> het die Konstitusionele Hof dan ook gesê dat die Handves van Regte ruim en doelgerig uitgelê moet word en dat uiting gegee moet word aan die onderliggende waards van die Grondwet. Indien hierdie beginsels in ag geneem word en toegepas word op media vryheid en die invloed wat die openbaring van vertroulike bronne van inligting daarop het, kan enige hof myns insiens nie anders as om aan joernaliste 'n uitsonderlike mate van beskerming te verleen nie.

Siende dat joernalistieke privilegie 'n kwessie van media vryheid is, is geen verbeeldingsvlug nodig om in te sien dat die Konstitusionele Hof

---

<sup>325</sup> Hosten *et al* (1995) p 386.

<sup>326</sup> 1995 (3) SA 391 (CC).

die ideale forum is om te beslis oor die wenslikheid al dan nie van bronnebeskerming.

Dit is dus my submitisie dat die Konstitusionele Hof, in die hoedanigheid as bewaarders van Suid-Afrika se grondwetlike waardes, in die ideale posisie is om welverdiende beskerming aan joernaliste, hul bronne en uiteindelik die publiek se reg op toegang tot 'n lewendige, waarlik vrye pers te gee.

#### **6 § 4 Slotsom**

Dit is geen oordrywing om te beweer dat die moderne demokrasie afhanklik is van 'n vrye, lewendige media nie. Die media is weer afhanklik van inligting uit 'n verskeidenheid oorde. Een van die algemene maniere om inligting in te samel is die vertroulike bron van inligting. Daar bestaan 'n verskeidenheid redes waarom 'n bron mag verkies om sy of haar identiteit geheim te hou. Dit mag wees uit vrees vir viktimisasie of 'n vrees vir sy of haar veiligheid of die veiligheid van sy of haar familie. Die bron mag verkies om anoniem te bly uit skaamte of om medepligtigheid te verbloem. Hoe dit ook al sy, sekere bronne van inligting verkies om nie hul identiteit aan 'n berig te koppel nie.

Die primêre plig van die joernalis in so 'n geval is om die inligting, indien dit van openbare belang is te publiseer, ongeag wat die gevolge vir hom- of haarself is. Indien die joernalis daaropvolgend gekonfronteer word daarmee om die bron se identiteit te openbaar, verhoed alle etiese beginsels hom of haar om die bron te verrai. Indien joernaliste knak onder die druk om bronne te ontbloot, sal ander bronne eenvoudig weier om na vore te kom met inligting.



Indien ons ernstig is oor ons demokrasie, die behoud daarvan, die uitbouing daarvan en die uitlewing daarvan, is dit ons plig om een van die hoekstene van die demokrasie, synde media vryheid, die beweegruiimte te gee om 'n substantiewe rol in ons samelewing te speel. Die regspleging kan nie bekostig om ledig terug te sit en toe te kyk hoe so 'n ingrypende beperking op media vryheid plaasvind nie. Ons kan nie ons hande in onskuld was nie. Ons moet 'n pro-aktiewe rol speel in die bekragtiging van artikel 16 en die die publiek se reg op 'n vrye media.

Sonder die kragdadige beskerming van die media, doen ons slegs lippediens aan die swaarverdiende regte in die Grondwet. Die Handves van Regte word dan gereduseer tot niks meer as maar bloot 'n verdere stukkie wetgewing nie.

***Then hail to the Press! chosen guardian of freedom! strong sword of justice! bright sunbeam of truth!***<sup>327</sup>

---

<sup>327</sup> Horace Greeley (1811 – 1872).

## Synopsis

What happens when the journalist's ethical obligation to protect the identity of an anonymous source of information clashes with the established legal principal that all relevant evidence needs to be placed before a court? It is common cause that the media is dependant on sources for information. If that were not the case, the media would merely relay obvious information on events already in the public domain. Some sources prefer to remain anonymous, be it for fear of retribution, fear for their own safety or that of their families or just plain shame. Whatever the case may be, the journalist remains under an ethical obligation not to disclose the identity of such a source of information.

Although virtually all professional codes of ethics for journalists has some reference to journalists' duty to protect the identity of their sources of information, at common law the South African journalist has no such privilege as is evinced by the judgment handed down by Hill J in *S v Pogrund* 1961 (3) SA 868 (TPD) who said that *[s]uch principles ... confer no privilege in law on any journalist*. The most common justification given by supporters of a journalistic privilege is that sources would "dry up" should journalists be forced to disclose the identities of their sources of information.

In the writer's opinion, the question of a journalist's right to protect the identity of an anonymous source of information or journalistic privilege falls squarely within the ambit of freedom of expression. Section 16 of the Constitution of the Republic of South Africa guarantees that everyone has the right to freedom of expression, which includes *inter alia* freedom of the press and other media and the freedom to receive or impart information or ideas. Any

interference with the delicate relationship between journalist and source therefore will theoretically be a limitation on the rights guaranteed in section 16 of the Constitution.

In recent times however since the inception of the new democratic dispensation South African courts have been more inclined to accept that journalists have, at least in principle, the right to protect their sources of information. This is unfortunately not enough as it is quite clear that the notion still exists to view the media as a primary source of evidence, rather than one of the cornerstones of democracy should a journalist be suspected of having information that could be relevant in a case before the court. This is clear from the recent Hefer Commission of Enquiry saga where a journalist was summonsed outright to testify as to her sources of information.

South Africa is lagging behind other western legal systems where the journalist's privilege is seen as a core element of press freedom. Protection for this principle has been formally introduced in foreign legislation. An amendment to the Criminal Procedure Act could be the answer, as could new legislation to protect the media from testifying regarding the identity of informants. Ultimately however, argument of the question before the Constitutional Court would be the ideal solution.

**Keywords**

Anonymous source;

Censorship;

Criminal Procedure Act 51 of 1977;

Freedom of expression;

Journalist;

Journalistic ethics;

Journalistic privilege;  
Just excuse;  
Media;  
Press freedom;  
Section 187;  
Section 205.

**Sleutelsterme**

Artikel 189;  
Artikel 205;  
Joernalis;  
Joernalistieke etiek;  
Joernalistieke privilegie;  
Media;  
Persvryheid;  
Sensuur;  
Strafproseswet 51 van 1977;  
Vertroulike bron;  
Voldoende verskoning;  
Vryheid van uitdrukking.

## Bronnelys

### Handboeke

1. Belsey A en Chadwick R (1992) *Ethical Issues in Journalism and the Media*, New York, Routledge.
2. Burchell J (1998) *Personality Rights and Freedom of Expression* Kaapstad, Juta & Co. Ltd.
3. Burns Y (2001) *Communications Law* Durban, Butterworths.
4. Cilliers H S *et al* (1993) *Ondernemingsreg* (Vierde uitgawe) Durban, Butterworths.
5. De Waal J *et al* (1998) *The Bill of Rights Handbook* (Third edition) Kaapstad, Juta & Co Ltd.
6. Dugard J (1994) *International Law A South African Perspective* (Second edition) Kaapstad, Juta & Co Ltd.
7. Freeze G L (1997) *Russia A History* New York, Oxford University Press Inc.
8. Holsinger R L en Dits J P ((1987) *Media Law* (Third edition) [S.1] McGraw Hill Inc.
9. Hosten W J *et al* (1977) *Introduction to South African Law and Legal Theory* (Second edition) Durban, Butterworths.
10. Nagel C J *et al* (2000) *Kommersiële Reg* (Tweede uitgawe) Durban, Butterworths.
11. Neethling J *et al* (1989) *Deliktereg* (Vierde uitgawe) Durban, Butterworths.
12. Oosthuizen L M (2002) *Media Ethics in the South African Context* Kaapstad, Juta & Co Ltd.
13. Oosthuizen *et al* (ed) (1983) *Professional secrecy in South Africa; a symposium* Kaapstad, Oxford University Press.
14. Rhodie E (1983) *The Real Information Scandal* Pretoria, Orbis SA (Edms) Bpk.
15. Sanders K (2003) *Ethics in Journalism* London, Sage Publications Ltd.
16. Schwikkard P J *et al* ((1997) *Principles of Evidence* Kaapstad, Juta & Co Ltd.
17. Stuart K W (1986) *Kelsey Stuart's Newspaperman's Guide to the Law* Durban, Butterworths.
18. Smolla R A (1993) *Free speech in an open society* New York, Baker & Taylor.
19. Van Jaarsveld S R *et al* (1999) *Kompendium van Arbeidsreg* Durban, Buterworths.
20. Waluchow W J (Ed) *Free expression: Essays in law and philosophy* (1994) Oxford, Clarendon Press.

## Wetgewing

### 1. Plaaslik

- 1.1 Algemene Regswysigingswet 204 van 1993
- 1.2 Bevordering van Toegang tot Inligting, Die Wet op, 2 van 2000
- 1.3 Bewysleer in Siviele Sake, Wet op, 25 van 1956
- 1.4 Binnelandse Veiligheid, Die Wet op, 1950
- 1.5 Hooggeregshof, Wet op die, 59 van 1959
- 1.6 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
- 1.7 Kommissiewet, Die, 8 van 1947
- 1.8 Obsene Fotografiese Materiaal, Wet op, 37 van 1967
- 1.9 Registrasie van Nuusblaaië en Drukkersname, Wet op die, 63 van 1971
- 1.10 Rekenaargetuienis, Wet op, 57 van 1983
- 1.11 Strafproseswet, Die, 51 van 1977
- 1.12 Tussentydse Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1993

### 2. Vreemde reg

- 2.1 Contempt of Court Act, 1981 (Engeland)
- 2.2 Nordrhein-Westfalen Perswet (Duitsland)
- 2.3 Hessen Mediawet (Duitsland)
- 2.4 Sweedse Persvryheidswet van 1949 (Swede)
- 2.5 Alabama. Code sec. 12-21-142 (VSA)
- 2.6 Maryland Courts and Judicial Proceedings Code Ann. sec. 9-112 (1993) (VSA)
- 2.7 Louisiana Rev. Stat. sec. 45:1451 to 45:1459 (1992) (VSA)
- 2.8 New Jersey Rev. Stat. sec. 2A:84A-21 (1993) (VSA)
- 2.9 Mosambiekse Perswet, Die (Mosambiek)

## Resolusies en *Soft Law*

1. V N Universele Verklaring van Menseregte Algemene Vergadering Resolusie 217 A (III) van 10 Desember 1948.
2. *International Covenant of Civil and Political Rights* van 1967 (999 UNTS 171; 6 ILM 368).
3. *European Convention for the Protection of Human Rights and Fundamental Freedoms* (213 UNTS 221; European TS 5).

## Artikels

1. Burns Y "Freedom of expression under the new Constitution" (1997) *Comparative and International Law Journal of South Africa* 268.
2. Devenish G "Freedom of expression: The marketplace of ideas" (1995) 3 *Tydskrif vir die Suid Afrikaanse Reg* 442.
3. Du Preez M "Ethical dilemmas in journalism" (1994) 15(1) *Ecquid Novi* 117.
4. Emerson T I "Toward a general theory of the First Amendment" (1963) 72 *Yale Law Journal* 877.
5. Fisher R (2004) "Section 205 Cry 'halt!'" *Rhodes Journalism Review* vol 16.
6. Khuluse D R "Journalistic Privilege" (1993) *South African Journal of Human Rights* 279.
7. Khuluse D R "Just excuse: The undefined concept" (1994) *S A Publiekreg* 159.
8. Korthals-Altes W F "The journalistic privilege: A Dutch proposal for legislation" (1992) *Public Law (Spring 1992)* 73.
9. MacKinnon C A "Only words" (1993) *Harvard Law Review* 86.
10. McDonald N Y "Under fire: The fight for the war correspondent's privilege"(2003) *Howard Law Journal* Fall 2003.
11. Nel S "Disclosure of confidential News Sources" 1997 (38) *Codicillus* 9.
12. Palmer S "Protecting journalists' sources: Section 10, Contempt of Court Act 1981" (1992) *Public Law* Spring 1992 61.
13. Shepperson A & Tomaselli K G "Ethics: A radical justice approach" (2002) 23(2) *Ecquid Novi* 278.
14. Snyman P G "Etiek van die joernalistiek" (1990) 11(1) *Ecquid Novi* 48.
15. Spitz A D "Eschewing silence coerced by law: The political core and protected periphery of freedom of expression" (1994) *South African Journal of Human Rights* 301
16. Van Niekerk B v D "Journalistic Privilege: Need for a new approach" (1969) *South African Law Journal* 100.
17. Van Rooyen "The disclosure of journalists' sources in South African Law" (1995) *South African Journal of Human Rights* 132.

## Koerantberigte en tydskrif artikels

1. Berger G "Can Ranjeni's journalism be trusted" (2004) *Mail & Guardian* 26 Mei 2004.
2. Du Plessis T "Die vloek van die naamlose bron" (2005) *Rapport* 17 Julie 2005.
3. Sherer M D "Coping with subpoenas" (1986) *News Photographer Magazine* June 1986.
4. Kirby R "Oh, what a tangled web" *Mail & Guardian* 26 September 2003.

## Internet

1. Article 19 en Interights “Briefing Paper on Protection of Journalists’ Sources” (1998) <http://www.article19.org/docimages/638.htm#con> (Besoek op 28 Julie 2004).
2. Berger G. “Protection of journalistic sources: between you, me and the subpoena” *Africa Conference on Freedom of Expression*, 19-20 Februarie, 2004 Pretoria, <<http://journ.ru.ac.za/staff/guy>> (Besoek op 10 Augustus 2004).
3. Betoogshoofde van Article 19 en andere as *Amici Curiae* in *Goodwin v The United Kingdom* <<http://www.article19.org>> (Besoek op 24 November 2005).
4. Reporters sans frontières “Worldwide Press Freedom Index 2005” <[http://www.rsf.org/rubrique.php3?id\\_rubrique=554](http://www.rsf.org/rubrique.php3?id_rubrique=554)> (Besoek op 20 November 2005).
5. South African National Editor’s Forum se verstandhouding met die regering <[http://www.sanef.org.za/default.asp?ID=54&subclick=yes&parent\\_id=53](http://www.sanef.org.za/default.asp?ID=54&subclick=yes&parent_id=53)> (Besoek op 11 Julie 2003).
6. U.S. Department of State “Zimbabwe Country Report on Human Rights Practices – 2000” <[www.state.gov/g/drl/rls/hrrpt/2000/af/index.cfm?docid=852](http://www.state.gov/g/drl/rls/hrrpt/2000/af/index.cfm?docid=852)> (Besoek op 12 Julie 2004).
7. Verskeie verenigings van joernaliste se gedragskodes [http://www.ijnet.org/FE\\_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8355&CIdLang=1](http://www.ijnet.org/FE_Article/codeethics.asp?UILang=1&CId=8355&CIdLang=1) asook <<http://www.ijnet.org>> (Besoek op 11 Julie 2003).

## Regspraak

1. Attorney General v Clough [1963] 1 All ER 420
2. Attorney Genl v Mulholland, Attorney Genl v Foster [1963] 1 All ER 767
3. Attorney- General, Transvaal v Kader 1991 (4) SA 727 (A)
4. Bennet Coleman & Co v Union of India (1973) 2 SCR 757
5. Branzburg v Hayes 408 U.S. 665 (1972)
6. Botha v Botha 1972 (2) SA 559 (N)
7. British Steel Corporation v Granada [1981] A.C. 1096
8. Case v Minister of Safety and Security 1996 (3) SA 617 (CC)
9. Davis v Additional Magistrate, Johannesburg 1989 (4) SA 299 (W)
10. Du Plessis v Minister of Justice 1950 (3) SA 579 (W)
11. Government of the Republic of South Africa v Sunday Times Newspaper 1995 (2) SA 221 (TPD)
12. Haysom v Additional Magistrate Cape Town 1979 (3) SA 155 (C)
13. Holomisa v Argus Newspapers 1996 (2) SA 588 (W)
14. Irwin Toy Limited v Quebec (1989) 58 DLR (4th) 577
15. Khumalo and Others v Holomisa 2002 (5) SA 401 (CC)
16. Laurence v Verhoef NNO 1993 (2) SA 328 (W)
17. Lingens v Austria (1986) 8 EHRR 407
18. Mandela v Falati 1994 (4) SA 1 (W)



19. Matisonn v Additional Magistrate, Cape Town 1980 (2) SA 619 (CPD)
20. Mthembi-Mahanyele v Mail & Guardian Ongerapporteerde beslissing Saaknommer 054/2003 (Hoogste Hof van Appèl)
21. National Media v Bogoshi 1998 (4) SA 1196
22. New York Times Co v Sullivan 376 US 254 (1964)
23. Pakendorf v De Flamingh 1982 (3) SA 146 (A)
24. Prosecutor v Radoslav Brdjanin Momir Talic ICTY Case No IT-99-36-AR73.9
25. Publications Control Board v William Heinemann Ltd and Others 1965 (4) SA 137 (A)
26. Purdon v Muller 1961 2 SA 211 (A)
27. Ranjeni Munusamy v JJF Hefer NO and Others (Case No 3637/2003) Orange Free State Provincial Division.
28. R v Diedericks 1957 (3) SA 661(E.D.L.D.)
29. R v Mackay 1964 (3) SA 176 (F.C.)
30. R v Manda 1951 SA 158 (A)
31. R v Parker 1965 (4) SA 47 (SRA)
32. SAUK v O'Malley 1977 (3) SA 394 (A) 402
33. Smit v Van Niekerk 1976 (4) SA 239 (A)
34. S v Carneson 1962 (3) SA 437 (TPA)
35. S v Cornelissen; Cornelissen v Zeelie NO en andere 1994 (2) SACR 41 (W)
36. S v Heyman 1966 (4) SA 508 (A)
37. S v Govender 1967 (2) SA 121 (N)
38. S v Leepile 1990 (3) SA 988 (W)
39. S v Maduna 1978 (1) SA 143 (D)]
40. S v Makwanyane 1995 (3) SA 391 (CC)
41. S v Pogrand 1961 (3) SA 868 (TPD)
42. S v Trunel and Others 1973 (1) SA 248 (C)
43. S v Waite 1978 (3) SA 896 (OPD)
44. S v Weinberg 1966 (4) SA 660 (A)
45. Tony Momoh v Senate of the National Assembly [1981] NCLR 105 (High Court: Lagos)
46. Transvaal Cold Storage Ltd v Palmer 1904 TS 4
47. Virginia State Board of Education v Barnette 319 US 624 1943
48. William Goodwin v The United Kingdom Application No. 17488/91, 22 EHRR 123.
49. X Ltd v Morgan Grampian [1991] AC1 HL

## Ander

1. Center for Democracy and Governance "The Role of Media in Democracy: A Strategic Approach" (June 1999) Technical Publication Series. United States Agency for International Development (USAID).
2. Steyn-kommissie van ondersoek na die Massa media RP 89/1981 (1986) Pretoria, Staatsdrukker.

3. Turfan B (Ed) "Emerging democracies and freedom of information" (1995) London, Library Association Publishing. Voorgedra by die IGLA Konferensie, Oxford 1995.